In die geleedere van die Arbeidersparty wat ná die algemene verkiesing in Junie 2024 die regerende party met Sir Keir Starmer as Eerste Minister uitmaak, bestaan daar uiteenlopende sienings oor die koers vorentoe en die probleme wat Brexit veroorsaak het en waarmee die VK nog steeds opgesaai sit. Starmer sal geforseer word om eers sy aandag aan binnelandse en partypolitieke aangeleenthede te wy voordat hy genoegsame tyd aan buitelandse beleidsaangeleenthede sal kan afstaan:

The latest Opinium poll reveals that Starmer's approval rating has plunged below that of the Tory leader Rishi Sunak, suffering a huge 45-point drop since July. However, the last Conservative government is still seen as the most to blame for the challenges facing the government.⁵

Oor Starmer se leierskap word hierdie verdoemende opmerking gemaak:

Behind the façade of technocratic competence – confected largely by the liberal press – is a man utterly out of his depth. ... Starmer is no technocrat. He is, rather, a man without a plan, cluelessly blundering and muddling through from one crisis to the next. Lacking a vision for Britain, the “short-term pain” he promises with Calvinist glee can only be a prelude to long-term pain. ... Having won, Starmer nevertheless finds himself at a loss. He has achieved power, but he has no idea what to do with it.⁶

Starmer se probleme in partyverband is besig om toe te neem en gaan beslis nie onopgemerk by beleidmakers in die EU verby nie.

Yet within three months of forming a government, one recent poll has Labour as low as 29%. Six-in-ten voters now say the Prime Minister can't be trusted and, most remarkably of all, Starmer is less popular than Rishi Sunak. Not that the Conservatives will benefit from Labour's deepening woes. ... the electorate remains more critical of the Tories than Labour. All those years of ineptitude haven't been forgotten overnight.⁷

⁴ Die Konserwatiewe Party (Tories) was vanaf Mei 2010 tot Julie 2024 aan bewind.

⁵ Savage & Starmer (2024).

⁶ Anil (2024).

⁷ Bastani (2024).

Tony Blair, wat 'n vorige leier van die Arbeidersparty en Eerste Minister vir 10 jaar was, was vroeg in September 2024 giftig in sy reaksie oor die nadele wat Brexit veroorsaak het. In 'n besonderse skerp onderhoud met die hoofredakteur van *The Independent* het hy 'n ontleding van Brexit se mislukking gelever. Hy het die Brexit-veldtog van die mees gruwelike valshede beskuldig, wat tot die verswakking van die VK op velerlei terreine gelei het.⁸ Vir hom word dit al hoe duideliker dat ondanks die beloftes van Brexit nege jaar gelede, nog nie een daarvan nagekom is nie. Intendeel, in verskeie opsigte het presies die teenoorgestelde van wat beloof is, gebeur. Daarom is Brexit volgens hom 'n volslae mislukking. Hy meen ook dat sedert die formalisering van die ooreenkoms om die EU te verlaat, ekonomiese groei gestagneer het en dat verhoogde regulatoriese laste handel verder nadelig beïnvloed. Hy beklemtoon dat een spesifieke belofte veral dramaties misluk het, naamlik dat Brexit, wat fundamenteel ook 'n referendum oor grensbestuur en immigrasie-beperking was, die VK nie in staat gestel het om beheer daaroor te behou nie. Dit het bekommernisse oor dergelike aangeleenthede net verder verskerp. Hy vind dit heeltemal vreemd dat Brexit enorme immigrasie tot gevolg gehad het eerder as om Johnson se belofte na te kom om beheer oor migrasie terug te wen en te behou. Blair het Brexit gekritiseer omdat die primêre belofte glad nie nagekom word om immigrasie te verlaag nie. Volgens hom dui die jongste statistiek aan dat netto migrasie die vlak van 764 000 in 2022 bereik het.

We've swapped out younger, usually single people coming in from Europe to work in hospitality, technology and other sectors for much-increased immigration from Asia and Africa. I understand it wasn't the intention, but the result is we have higher levels of immigration and high levels of people bringing dependents into the country.⁹

Dan het Blair Starmer ook aangeraai om die VK se verhouding met die EU te herstel.¹⁰ Om dit oorhaastig aan te pak, sal ook nie die verlangde resultate oplewer nie.

Softening Brexit can only happen if Starmer takes baby steps. Right now, that means gestures and warm words to Europe while maintaining a steady ship at home. Public opinion is fragile, as the past eight years have shown, and the PM's job right now is to avoid stepping on landmines. No one honestly knows what his long-term objectives are when it comes to the EU.¹¹

Uit die geledere van voormalige eerste ministers uit die Konserwatiewe Party het kritiek oor Brexit ook nie uitgebly nie. 'n Voormalige Eerste Minister, sir John Major, het in 'n skerp veroordeling van die gevolge van Brexit beweer dat dit die VK se invloed op die globale arena verminder het. Hy het met Blair saamgestem dat, in teenstelling met die verbintenis om immigrasie te verminder, Brexit immigrasie verhoog het en Europeërs met persone uit ander streke van die wêreld vervang het. Vir hom is die tasbare gevolg dat die VK op baie terreine van die samelewing net verder verswak. Verhoogde belasting en verminderde staatsdiensuitgawes dra by tot meer armoede wat plaasvind weens die misleidende versekerings van Brexit.

Brexit was sold to the nation on the basis of things that haven't happened – and couldn't have happened. There was a great degree of misapplication of reality. ... Brexit is the most devastating thing that has happened in our party in my lifetime.¹²

⁸ Head (2024).

⁹ Greig & Maddox (2024).

¹⁰ Bunn (2024).

¹¹ McGee (2024b).

¹² Maddox (2024).

Die ander eerste minister wat ook beskuldigings uitgedeel het, is Theresa May wat Johnson en Truss oor Brexit blameer vir teleurstellings deur die Konserwatiewe Party.¹³ Brexit is nie verantwoordelik vir die swak prentjie wat die VK tans meer en meer op verskeie gebiede vertoon nie. Baie daarvan is reeds dekades lank bekend maar oor tyd heen is weinig gedoen om die probleme daadwerklik aan te pak. Daar was 'n tyd toe die VK wêreldwyd die produktiefste land was. So toon Frankryk wat gereeld deur stakings geraak word tans 'n gemiddelde produktiwiteit wat 15% hoër is. Post-kommunistiese Pole sal na verwagting teen 2030 die VK in hierdie statistiek oortref. 'n Onlangse beleidstudie stippel oortuigend uit wat die inherente probleem is waarmee die VK te kampe het. Die besonderhede hieroor is verdoemend, soos die volgende voorbeelde in vergelyking met Frankryk aantoon. As gevolg van vooruitgang in skoon energie, veral kernkrag, is elektrisiteitskoste 50% laer as in die VK. Sedert 1980 het Frankryk 2 800 km se hoëspoedspoor ingewy terwyl die VK slegs 110 km gevestig het. Net soos met die spoorweë, geld dieselfde vir paaie. Frankryk besit 12 000 km se snelweë teenoor die VK se 4 000 km. Sedert 1945 het metropolitaanse Parys drie keer uitgebrei, terwyl Londen net 'n paar persentasiepunte groter is. Leeds besit die twyfelagtige onderskeiding om Europa se grootste stad sonder massavervoer te wees en in 1992 is die laaste water-opgaarfasiliteit in die VK gebou. Sedertdien het die bevolking met 10 miljoen toegeneem. Die studie se gevolgtrekking is dat chroniese onderbelegging vir die meeste van hierdie probleme verantwoordelik is.

These are not just disconnected observations. They highlight the most important economic fact about modern Britain: that it is difficult to build almost anything, anywhere. This prevents investment, increases energy costs, and makes it harder for productive economic clusters to expand. This, in turn, lowers our productivity, incomes, and tax revenues. Everyone reading this will already be aware of the country's present economic sclerosis.¹⁴

Daarom kan die bevolking se ontevredenheid verstaan word. Ook dat Brexit niks gedoen het om die benarde posisie waarin die land verkeer, te verbeter nie, soos wat die voorstanders van Brexit almal probeer wysmaak het – die teendeel is eerder waar.

Die ekonomiese gevolge van Brexit

Die onttrekking uit die EU het geen noemenswaardige ekonomiese voordele meegebring nie, maar het inderwaarheid verskeie negatiewe gevolge opgelewer.¹⁵ Brexit bly 'n aanhoudende beproewing. Ses jaar ná die referendum en byna vier jaar ná die VK se formele vertrek uit die EU is Brexit 'n deurlopende kwessie wat die ekonomie van die VK onherroeplik benadeel.¹⁶ Die nadelige gevolge van uittrede uit die EU word steeds al hoe groter.¹⁷ Een sin wat die haglike ekonomiese klimaat opsom wat die afgelope tyd in die VK heers, is sekerlik hierdie een:

Fifty pubs a month closed for good across England and Wales in the first half of this year, with experts warning that tax rises in 2025 could make it even harder for some businesses to keep their doors open.¹⁸

¹³ Harris (2024).

¹⁴ Southwood; Hughes; Bowman (2024).

¹⁵ Portes (2024)

¹⁶ The Observer (2024).

¹⁷ Bloom (2024).

¹⁸ Omer (2024).

Soos talle kenners verwag het, het die VK se onttrekking aan die uitgebreide enkelmark van die EU handel belemmer en ekonomiese vooruitgang gekortwiek.

Never has that riddle been more mystifying than in the eight years since the Brexit referendum. The party cycled through no fewer than five prime ministers, a spectacle of corruption, hubris, folly and misrule. Brexit, while fading from the headlines, continues to impose burdens on Britain's economy. Britain left the European Union in January 2020, but it failed to deliver tangible economic dividends.¹⁹

Die EU se enkelmark (*single market*), waarna ook verwys word as die gemeenskapsmark, is 'n verenigde ekonomiese sone wat alle lidstate insluit en sonder enige interne grense funksioneer. Dit berus op vier gestruktureerde en fundamentele vryhede. Eerstens, behels dit die onbeperkte beweging van goedere tussen lidstate sonder die oplegging van tariewe, doeaneheffings of enige ander struikelblokke vir handel. Tweedens, verwys dit na die beskikbaarstelling en lewering van dienste sonder enige beperkings. Derdens, maak kapitaalmobiliteit voorsiening vir onbeperkte beweging van kapitaal en beleggings. Vierdens, stel vrye beweging van persone burgers van die EU in staat om sonder beperkings in enige lidstaat te woon, te werk, onderwys te ontvang en aan kommersiële aktiwiteite deel te neem.²⁰ Die enkelmark word dus deur eenvormige wette en regulasies van die EU beheer wat billike mededinging waarborg en die regte van verbruikers en werkers beskerm.

Die volgende artikel bespreek die rol van die Europese Geregshof (EG) in hierdie verband en hoe dit in die weg staan van die VK om weer aansluiting by die EU te verkry – óf volle lidmaatskap, óf toegang tot die enkelmark of die doeane-unie.

Die ekonomiese gevolge was gevoeliger vir beide die VK en die EU. Vir eersgenoemde was daar 'n aansienlike devaluasie van die Britse pond en streng beperkings op die gebruik van die Euro wat verhoed het dat dit op 'n gereelde wyse kon sirkuleer.²¹ Die voortdurende devaluasie van die pond en die ekonomiese verlansaming as gevolg van Brexit het die fiskale druk op die regering laat toeneem. Verder het die posisie en invloed van die VK binne die EU afgeneem. Uiteindelik het die verbintenis tussen die EU en Europese state gespanne geraak as gevolg van 'n verskeidenheid van meningsverskille.

Assessing the impact of Brexit involves disentangling the extensive and complex web of rules and relations that developed over decades of EU membership and integration, as well as analysing the effects on businesses, citizens, and the state. ... the impact of Brexit is likely much more consequential for the UK than for the EU. ... there is hardly any aspect of Britain's political or constitutional life which is unaffected.²²

Die uitwerking van Brexit op die EU is op verskeie maniere waargeneem. Eerstens het die magsbalans tussen lidstate verander vir diegene wat op die VK se steun staatgemaak het. Boonop het dit vertroue aan Euroskeptiese bewegings in sekere lidstate gegee. Verder was die EU verplig om aan te pas ná die VK se vertrek deur aandag te skenk aan handelontwrigting, grenskomplikasies en visvangregte. Veral moes dringend omgesien word na die herdefiniëring van die EU se verhouding met die VK en al die relevante vertakkings daarvan.

¹⁹ Landler (2024).

²⁰ Sampson (2017:180).

²¹ Report by the European Central Bank (2023).

²² Davies (2023); Lazowsky & Cygan (2022); Loussouam (2022).

Brexit kan gesien word as 'n belangrike keerpunt in Europese politiek, wat die ingewikkeldheid van politieke transformasie en streeksintegrasie beklemtoon. Die omvang daarvan is steeds besig om te ontrafel namate die VK en die EU poog om 'n nuwe vennootskap te definieer. Die gevolge van Brexit op handel tussen die VK en die EU was aansienlik, wat tot 'n afname in beide uitvoere en invoere vir die VK gelei het. Brexit het 'n beduidende en voortdurende nadelige uitwerking op die VK se uitvoer van goedere gehad, veral vir kleiner maatskappye wat baie daaronder gely het. Die handelsintensiteit van die VK, gemeet as die verhouding van handel tot die BBP, het 'n aansienlike afname getoon in vergelyking met ander ontwikkelde lande. Die algemene prestasie van die VK se handel in goedere met die EU het verswak, hoewel die dienstesektor meer veerkragtigheid getoon het. 'n Duidelike uitwerking was merkbaar op uitvoere na die EU in vergelyking met uitvoere na lande buite die EU. Statistiek van die EU dui daarop dat handel van die EU na die VK weer 'n groter daling gehad het in vergelyking met VK-uitvoere na die EU. Oor die algemeen was daar 'n besliste afname in die diversiteit van uitvoerprodukte van die VK na die EU. In die periode sedert Brexit se aanvang het die waarde van daardie uitvoere met 27% gedaal, terwyl invoere met 32% afgeneem het. Die beduidende en aanhoudende negatiewe uitwerking wat Brexit op handel het en die ekonomiese skade wat dit veroorsaak, word duidelik geïllustreer deur vermindering van jaarlikse uitvoer van goedere. In die periode 2021 tot 2023 alleenlik het die jaarlikse uitvoer van goedere na die EU met 17% verminder. In die meeste sektore het uitvoere sedert 2021 afgeneem. Hierdie nadelige gevolge van Brexit wat mettertyd toegeneem het, toon dat in 2023 daar meer betekenisvolle handelsverminderinge as in vorige jare plaasgevind het. Dit dui daarop dat die verskuiwing in die handelsverhoudinge tussen die VK en die EU ná Brexit nie net 'n tydelike versteuring is nie, maar op diepgaande strukturele veranderinge dui wat na verwagting sal voortduur. Brexit het gelei tot 'n geraamde afname in die VK se BBP van tussen 2% en 4%. Op lang termyn sal die nuwe handelsreëling na verwagting die VK se uitset met 4% verminder in vergelyking met wat dit sou gewees het as hulle in die EU gebly het. Uitvoere, ongeveer gelykop verdeel tussen produkte en dienste, verteenwoordig bykans eenderde van die VK se bruto binnelandse produk, met die EU wat 48% van die land se goedere-uitvoer verteenwoordig. Die kommersiële verbintenis tussen die VK en die EU is noodsaaklik vir beide entiteite. Dit ondersteun ekonomiese stabiliteit en groei. Die post-Brexit-Handels-en-Samewerkingsooreenkomste (TCA)²³ veroorsaak egter beduidende struikelblokke en die verswakkende uitwerking van Brexit op handel tussen die VK en die EU neem steeds toe. Regulatoriese struikelblokke en doeane-inspeksies belemmer die vloeï van goedere tussen die twee entiteite. Die probleem strek verder as blote korttermyn-onderbreking. Klein en mediumgrootte ondernemings word die slegste deur verhoogde burokrasie beïnvloed. Terselfdertyd het andere begin om handel na ander wêreldmarkte te herlei. Kenners waarsku dat hierdie post-Brexit-uitdagings kan lei tot blywende veranderinge aan voorsieningsnetwerke namate maatskappye elders meer betroubare handelsvennote bekom.²⁴ Dit laat beduidende kommer oor die VK se vermoë ontstaan om op die lang termyn uit te voer en sy vlak van produktiwiteit te handhaaf. Sake-investering het ná die referendum begin stagneer. Projeksies dui daarop dat beleggingsvlakke ongeveer 25% hoër kon wees as Brexit nie plaasgevind het nie. Konstante onduidelikheid rakende nuwe handelstransaksies en regulasies het besighede

²³ Die TCA is in Desember 2020 tydens Johnson se ampstermyn gesluit en implementeer 'n tariefvrye en kwotavrye stelsel vir produkte maar uitgebreide samewerking op die gebied van veiligheid en buitelandse beleid uitsluit. Die ooreenkomste het op 1 Januarie 2021 in werking getree.

²⁴ Peat (2024b).

huiwerig gemaak om kapitaal te investeer, wat weer tot verminderde produktiwiteitsgroei en ekonomiese doeltreffendheid gelei het. Die onmiddellike gevolg van die referendum was die aansienlike toename in inflasie met 'n geraamde toename van 1,7% wat toegeskryf word aan onsekerhede wat met Brexit verband hou. Teen 2023 was dit reeds duidelik dat 'n gemiddelde persoon byna £2 000 armer was as gevolg van hierdie ekonomiese veranderinge en stygende voedselprijs.

Vanaf 2021 tot 2023 het die VK se uitvoere na die EU aansienlik afgeneem. Gedetailleerde beoordeling het aan die lig gebring dat die uitvoer van goedere na die EU met 27% afgeneem het, terwyl invoere uit die EU met 32% in dieselfde tydperk verminder het. Die daling is toegeskryf aan talle burokratiese struikelblokke en regulatoriese uitdagings wat ná Brexit ontstaan het en mettertyd verskerp is, wat tot beduidende vermindering in handelsvolume en diversiteit van uitgevoerde kommoditeite gelei het. Teen 2035 sal die VK se invoer na verwagting 15,8% laer wees en uitvoere 4,6% laer as wat dit sou gewees het as die VK in die EU gebly het.

Die daaropvolgende ondersoek het aangedui dat bedrywe soos landbou, klerasie en houtproduksie veral nadelig geraak is, met verskeie subsektore wat afnames in uitvoerwaarde van meer as 50% getoon het. Die uitvoerwaarde van vars vrugte en neute het met 73,5% afgeneem. Die opname het verder aangedui dat ongeveer 42,3% van die produksoorte wat voorheen na die EU versend is, ophou bestaan het ná die inwerkingtreding van die TCA. Ten spyte van verskille in gerapporteerde statistiek dui hierdie ooreenkoms op aansienlike vermindering in uitvoere na die EU met skattings wat wissel tussen 'n daling van 22,1% en 27% afhange van die analitiese benadering wat gebruik word.

The UK missed out on a big rise in European trade as a result of the border costs that Brexit imposed. ... The fact that EU and non-EU exports moved together is a sign of weakness, not robustness, and is a direct consequence of Brexit. ... the missed growth in goods and services trade account for about a £23 billion quarterly hit to UK exports, which is consistent with a GDP reduction of 4-5 per cent compared to a Britain that had remained.²⁵

Die gevolge van Brexit op die handel in die VK is steeds besig om te manifesteer met die gevolg dat die omvattende evaluering van langtermyngevolge daarvan nog tyd sal verg. Nietemin, die impak op die kort termyn dui reeds op aansienlike koste van Brexit in handelsterme. Deur gebruik te maak van statistiek van 2019 tot die eerste kwartaal van 2022 word bewys dat die wesentlike, negatiewe en statisties beduidende uitwerking van die TCA op die VK se uitvoere voortduur en selfs later in 2022 marginaal verskerp het. Dit beklemtoon die aanhoudende uitvoerprobleme wat maatskappye in die VK ondervind ná die implementering van die TCA en versterk die noodsaaklikheid van 'n sistematiese benadering tot die VK se post-Brexit-handelsbeleid. In teenstelling hiermee het die nadelige uitwerking van die TCA op invoere effens afgeneem. Die VK het noemenswaardige vermindering ondergaan in sy handelsvermoë met betrekking tot die diversiteit van kommoditeite wat na die EU uitvoer word as gevolg van die TCA. 'n Verwagte afname van 20-42% in produktipes oor die 15 maande ná Brexit, tesame met 'n verhoogde konsentrasie van uitvoerwaardes onder minder produkte, dui op beduidende langtermynkommer oor die VK se toekoms in uitvoer en produktiwiteit.²⁶

²⁵ Springford (2024).

²⁶ Du, Satoglu & Shepotylo (2023).

Die TCA is 'n omvattende vryhandelsooreenkoms wat die uitskakeling van tariewe en kwotas op die uitruil van produkte tussen die VK en die EU verseker. Die VK is nou minder verbonde aan die EU, wat lei tot duur nuwe nietariefversperrings vir besighede wat betrokke is by handel met Europa.

The UK therefore faces a basic trade-off: move closer to the EU to increase UK productivity and living standards or remain distant from the EU and continue paying the price of new and emerging trade barriers.²⁷

Alhoewel verdere vryhandelsooreenkomste die handel in die VK kan verbeter, kan dit nie die wesentlike handelsbeperkings wat deur die EU ingestel is, versag nie.

New trade agreements with third countries cannot compensate for the reduced access to the EU's single market. 'Global Britain' as a strategy for international trade is a fantasy.²⁸

Die gevolge van Brexit op die EU se uitvoer na die VK was aansienlik, met bewese dalings in handelsvolumes wat in verskeie ontledings aangedui word. Brexit het gelei tot 'n noemenswaardige verlies in EU-uitvoere na die VK, met ramings wat 'n vermindering van 22% in algehele handel en besondere afnames van 30% in sleutelprodukkategorieë aandui. Die langtermynprognose is ongunstig aangesien aanhoudende handelshindernisse die VK se handelsvermoë en ekonomiese prestasie nadelig beïnvloed.

In 2023 het die EU 52% van die Britse invoer uitgemaak, met 55% wat betrekking het op goedere en 46% vir dienste. Tussen 2010 en 2020 het die EU 50% tot 53% van die Britse invoer uitgemaak. Dit het in 2021 en 2022 tot 47-48% afgeneem.²⁹

The greatest failure of the European referendum campaign in 2016, which can be attributed to both sides, was the inability to articulate an understanding of Britain's geopolitical relationship to Europe.³⁰

Aston Universiteit se Sentrum vir Besigheidswelvaart het 'n uitgebreide ontleding van die wesentlike en blywende uitwerking van die TCA op die handelsbande tussen die VK en die EU gedoen vir die periode van drie jaar ná die VK se uittrede uit die enkelmark en die doeane-unie. Die resultate dui op die diepgaande en voortdurende invloed wat Brexit op die VK se handel met die EU uitoefen en te wyte is aan die burokratiese struikelblokke wat met Brexit ontstaan het.³¹ Statistiek beklemtoon die konstante probleme wat Brexit vir die VK se kommersiële mededingendheid bied.³² Ná die bekragtiging van die TCA aan die einde van 2020 was daar 'n vermindering van 1 645 Britse produkte wat na elke lidstaat van die EU uitgevoer is. Die nadelige gevolge van die ooreenkoms het mettertyd toegeneem met 2023 wat meer beduidende handelsverminderinge as vorige jare getoon het. Dit dui daarop dat die verskuiwing in die handelsverhoudinge tussen die VK en die EU ná Brexit nie net 'n tydelike versteuring is nie, maar wel wesentlike strukturele veranderinge aandui wat na alle verwagting sal voortduur.

²⁷ Novy (2024:14).

²⁸ *Ibid.*

²⁹ Webb (2024).

³⁰ Sloan (2024).

³¹ Foster (2024a).

³² Du, Shepotylo & Shi (2024).

Brexit has inflicted a hit of nearly one-third on the value of Britain's trade with Europe, with many smaller exporters giving up because of the new red tape.³³

Alles in ag genome bewys dit die noodsaaklikheid vir 'n vinnige dog ambisieuse herstel van ekonomiese verbintenisse. Terwyl Starmer beoog om ekonomiese groei in begrotings te prioritiseer, sluit hy egter die moontlikheid uit om weer by die EU se enkelmark of die doeane-unie betrokke te raak, wat aksies behoort te wees om hierdie doelwit te verwesentlik. Die noodsaaklikheid vir die VK om by hierdie nuwe handelslandskap aan te pas, is voor die hand liggend.

The challenges facing UK trade post-Brexit shown in this analysis highlight that the disruptions induced by Brexit remain significant and are likely to be long-term. This necessitates strategic adjustments in UK trade policies and measures that go beyond trade policy.³⁴

Meningspeilings dui daarop dat 'n meerderheid Britte tans die herbenadering tot die EU ondersteun. Die Arbeidersregering is wel van voorneme om 'n handelsooreenkoms te onderhandel tydens die TCA se hersiening maar hertoetrede tot die enkelmark word uitgesluit.³⁵

Die ekonomiese gevolge van Brexit was beduidend, insluitende finansiële laste vir die VK en tweederdes van die bevolking wat glo dat Brexit 'n nadelige uitwerking op die ekonomie het.³⁶ Die jaarlikse impak beteken by berekening 'n koste van £2 400 tot £6 600 vir 'n tipiese huishouding in die VK. Die tempo van ekonomiese groei, soos aan die BBP gemeet, het tot ongeveer 1,4% in 2018 verlangsamer in vergelyking met 1,9% in 2016 en 2,7% in 2015. Beramings dui daarop dat Brexit 'n afname in die VK se BBP van 3,8% tot 7,5% oor 'n tydperk van 15 jaar tot gevolg sal hê, in vergelyking met dieselfde scenario indien die VK 'n lid van die EU sou gebly het. Brexit het nuwe struikelblokke vir handel, kapitaalbeweging en arbeidsmobiliteit tussen die VK en die EU meegebring.

Evidence from the postreferendum period suggests that the post-Brexit economy has failed to fulfil the optimistic expectations of those who favoured Brexit. ... Ridding the British economy of unnecessary European rules has generated much debate but not much substance. ... Conceptions of its post-Brexit role have stretched the UK's trade capabilities. Post-Brexit foreign policy has entailed the British government promoting its 'market' ideals, responding to international and domestic pressures, and reshaping the structures of government.³⁷

Brexit het tot blywende nadelige gevolge vir ekonomiese uitset en indiensneming in die hele EU gelei. Beramings dui daarop dat die werklike produksie van die EU, bestaande uit 27 lidstate ná Brexit, 'n afname ervaar het wat wissel van 0,8% tot 1,5% ná die onttrekking van die VK uit die EU. Die omvang van hierdie verlies is te wyte aan die spesifieke kenmerke van

³³ Joshi (2024a).

³⁴ Jun, Liu, Shepotylo & Shi (2024).

³⁵ Joshi (2024b).

³⁶ Von Ondarza (2024). Richard Corbett wys op die volgende:

Public opinion now firmly holds that 'Brexit', stemming from the referendum to that effect in 2016, was a mistake. Only 31 per cent say it was the right decision – indeed, some polls suggest over 60 per cent would vote to rejoin the EU if that question were put to a referendum now.

Corbett (2024)

³⁷ Egan & Webber (2023).

die handelstransaksies wat uiteindelik vasgestel is. Daar word verwag dat lande wat sterk kommersiële verbintenisse met die VK handhaaf, soos Ierland, die grootste ekonomiese gevolge in die gesig staar. Die TCA het vir die VK die vermoë geskep om op 'n wêreldwye skaal outonome handelsooreenkomste aan te gaan, wat as 'n voordeel voorgelê is om die EU te verlaat. Hierdie ooreenkoms sluit 'n bepaalde hoofstuk oor dienste in en omvat verskeie aspekte soos openbare verkryging, lug- en padvervoer, beleggings, digitale handel, energie, polisie- en geregtelike samewerking, koördinerende van sosiale stelsels, samewerking in gesondheidskureit en kuberseiligheid, en die VK se deelname aan onder meer EU-programme en besoeke van kunstenaars aan Europa.³⁸

Brexit is not a single event. ... Nor did Brexit happen on the date the UK withdrew from the EU, simply because there are two such dates, and the second comes with a big caveat. The UK left the EU's political institutions on the 31st January 2020. It withdrew from the EU's Single Market on the 31st December 2020, when the Trade and Cooperation Agreement (TCA) entered into force. The caveat is that Northern Ireland, both before and after the Windsor Framework agreed between the UK and EU in early 2023, would remain partly connected to the EU for some trading and regulatory purposes leading to the creation of a customs border between Great Britain (i.e. England, Scotland and Wales) and Northern Ireland. This has left some, especially Eurosceptics, feeling Brexit has not been fully delivered for the whole of the UK. ... Brexit, therefore, becomes a series of processes rather than events.³⁹

Om die nadelige gevolge van Brexit op die VK se ekonomie effektiief te versag, sal aansienlike bykomende maatreëls noodsaak. 'n Span van vier akademici van verskeie universiteite in die VK het onlangs 'n ontleding gedoen van die beduidende ekonomiese en politieke uitwerking wat voortspruit uit die kolossale omwenteling wat Brexit veroorsaak het.

Politically, the economic costs of Brexit have bolstered support for right-wing parties, including UKIP, in the areas most severely affected by Brexit, creating a concerning circularity.

Nadat hulle oor hul ontleding besin het, was hul gevolgtrekking:

Brexit's nearly universal economic costs have had profound implications for the UK's economic geography and political landscape. Brexit has undoubtedly reshaped the UK in ways that are still unfolding.⁴⁰

'n Onlangse verslag deur *Changing Europe*, wat 'n Europese dinktenk⁴¹, en in die VK gesetel, het die Arbeidersparty se strategie vir verhoudinge tussen die VK en die EU ná Brexit ontleed. Die verslag is opgestel voor die algemene verkiesing van 4 Julie 2024 wat die Arbeiders gewen het met Starmer as leier. Daarin word die gevolgtrekking gestel, dat die Arbeiders se voorgestelde beleid teenoor die EU hoofsaaklik bestaan uit wysigings aan die huidige verhouding sonder noemenswaardige potensiaal om die ekonomiese gevolge van Brexit ten volle teë te werk.

³⁸ Sien voetnota 70 hier onder.

³⁹ Oliver (2023).

⁴⁰ Alabrese, Edenhofer, Fetzer & Wang (2024).

⁴¹ *Ibid.*

One thing is clear for now, however: A reversal of Brexit is not on the table, even for the Labour Party, at least in the medium term. This is because Labour categorically rules out a return to the single market or customs union, but also to freedom of movement and any form of dynamic alignment to EU rules. In addition to the goal of technical adjustments to the EU-UK trade agreement (e.g. in the veterinary sector), Labour emphasises above all its interest in increased cooperation with the EU in foreign and security policy.⁴²

Hierdie party verwerp kategorieë wat die moontlikheid om weer by die enkelmark of doeane-unie aan te sluit, ten spyte van die feit dat dit van die belangrikste gevolge vir positiewe ekonomiese groei sou hê. In plaas daarvan stel die Arbeiders voor dat tegniese wysigings geïmplementeer word, soos die verbetering van mobiliteit, veeartsenykundige standaarde en veiligheids- en verdedigingsamewerking. Om meer ambisieuse planne te bekom, sal die Arbeidersparty waarskynlik moet instem om sekere regulasies van die EU na te kom en die betrokkenheid van die EG te aanvaar.⁴³ Uiteindelik bied die ekonomiese en handelsbande tussen die VK en die EU aansienlike uitdaginge wat aanpassings sal verg.

It would seem the UK seek an independent way that builds on, but is not limited to, the European and US pillars upon which British foreign policy has been largely based since 1945. Such a course would not mean that relations with the EU or the United States would be unimportant concerns for British policy makers. They would instead be just two of several key relationships. Britain's economy, trade, politics, diplomacy, and defence would be configured as if it was a global power with global interests. For defence, it would see a strategy designed to allow the UK to engage in a wide spectrum of conflicts.⁴⁴

Vir die eerste keer sedert die referendum van 2016 bekleef voorstanders van inskakeling met die EU 'n dominante posisie in die nuutverkose parlement ná die algemene verkiesing in Junie 2024. Die Arbeidersbanke word met lede gevul wat nog altyd anti-Brexit was. Gevolglik kom Starmer onder toenemende druk om die VK se verhouding met die EU te herstel.⁴⁵ Hy word al hoe meer aangemoedig om 'n nuwe ooreenkoms met die EU te onderhandel aangesien post-Brexit-veeartsenykundige tekortkominge tot aansienlike besigheidsverliese jaarliks lei. Die teenstrydighede en onakkuraathed in veeartsenykundige standaarde en kontroles takel die Britse vleis- en pluimveebedryf toenemend af.⁴⁶ So word firmas blootgestel aan potensiële ekonomiese verliese, vermorsing en 'n stygende burokratiese las. Die situasie word as onhoudbaar beskryf.⁴⁷

Verder word die integriteit van die VK se grensveiligheid deur 'n fout ondermyn wat uit post-Brexit-handelsregulasies spruit wat die hernuwing van die vloot se Kuswag gedurig in die wiele ry.⁴⁸ Die visbedryf is hoogs ontevrede met die voetslepery om 'n noodsaaklike en regverdige ooreenkoms met die EU te beding.⁴⁹ Blom- en plantuitvoerders van die vasteland verlaat die VK weens verswarende nuwe Brexit-grensregulasies. Die jare lange verhoudings

⁴² Von Ondarza.

⁴³ McGee (2024).

⁴⁴ Oliver.

⁴⁵ Boscia & Blewett (2024).

⁴⁶ *SouthWest Farmer* (2024).

⁴⁷ Coles (2024).

⁴⁸ Dathan (2024).

⁴⁹ McBride (2024).

tussen kwekerye in die VK en hul verskaffers in die EU word al hoe meer gespanne as gevolg van verdragings en uitgawes wat verband hou met die nuwe grensprosedures.⁵⁰

Die Europese Sentrum vir Internasionale Politieke Ekonomie het gewaarsku dat die VK sy naïwiteit moet staak oor pogings om sy betrekkinge met die EU binne 'n kort periode te probeer herstel terwyl die boodskap aan die EU besig is om meer buigsaam te wees

... in order for the reset of their relationship, so crucial to European security and competitiveness, to be successful.⁵¹

In September 2024 het Frankryk en Duitsland die EU aangemoedig om 'n kontinentwye ooreenkoms met die VK oor asiel na te streef. In hul korrespondensie het hulle beklemtoon:

Brexit had gravely affected the coherence of migration policies.⁵²

Hul betoog was daarop gemik om die nuwe Arbeidersregering se meer samewerkende houding oor VK-Europese-betrekkinge te benut.

Ten spyte van Starmer se herhaalde versekering van 'n herstel met die EU en 'n verbeterde kommersiële en veiligheidsvennootskap daarmee saam, word dit toenemend duidelik dat sy voorstelle dalk nie aan die verwagtinge van talle van sy partylede voldoen nie. Alhoewel hy die moontlikheid uitgesluit het om weer by die EU se doeane-unie en enkelmark aan te sluit, pleit verskeie partylede vir 'n langtermyn-trajek om hierdie doelwitte te bereik. Die sentrale probleem vir hierdie lede, maar ook vir die algemene publiek, is dat hulle nie weet wat die nuwe Eerste Minister eintlik beoog nie.

Tydens die Arbeiders se partykonferensie in September 2024 het Brexit subtiel weer na vore gekom byna vyf jaar nadat Johnson die voltooiing daarvan aangekondig het. EU-amptenare het dit bygewoon met verteenwoordigers van Duitsland, Frankryk en ander belangrike Europese lande wat almal gretig is om insig te kry in Starmer se Brexit-terugstellingstrategie en die totstandkoming van nuwe ooreenkomste oor veiligheid en handel. Die Arbeiders se politieke manifes bepleit 'n veiligheids- en verdedigingsverdrag, 'n veeartsenykundige ooreenkoms om oorgrenshandel in voedsel en landbouprodukte te fasiliteer, 'n wedersydse erkenningsooreenkoms vir professionele kwalifikasies, en 'n vermindering van post-Brexit-beperkings op reisende kunstenaars. Daar is egter 'n mate van kommer by Arbeiders oor Starmer se begrip van sy doelwitte, wat maak dat die onderhandelinge uitdagend gaan wees.⁵³

Laasgenoemde onderwerp het tydens Starmer se ontmoeting met Ursula von der Leyen, President van die Europese Kommissie, in Oktober 2024 ter sprake gekom. Waarnemers is van mening dat sy aspirasies vir verbeterde ekonomiese en veiligheidsverhoudinge met die EU oor hierdie onderwerp in gevaar gestel mag word. Hieroor stel Brussel eie eise en waaroor Starmer heel waarskynlik sy eie eise sal moet aanpas ten einde ander doelwitte te bereik. Die EU besef dat hy dit as 'n waardevolle onderhandelingsinstrument kan gebruik om toegewings oor ander kwessies te beding. Gevolglik skyn dit asof die EU samesprekings oor jeugmobilititeit gaan staak om te verhoed dat die VK daardie taktiek gebruik. Nietemin is dit onwaarskynlik dat die EU sy eie vereistes hieroor sal afwater. Dit bring mee dat die onderhandelinge wat teen die middel 2025 sou plaasvind deurslaggewend mag wees wanneer verskeie omstrede kwessies onderhandel sal word, soos jeugmobilititeit, visvangrege, die hersiening van die TCA en die

⁵⁰ Simpson & Giuffrida (2024).

⁵¹ O'Carroll (2024).

⁵² Rankin (2024).

⁵³ Singh; Chaplain; & Elliott (2024).

finansiële diensteooreenkoms om die hantering van die Europese geldeenheid in Londen te vergemaklik.

Leiers van die EU bevaagteken die omvang van verandering in die VK ná 'n reeks opskrifte wat die EU se skeptisisme aandui oor Starmer se toewyding aan die herstel van verhoudinge.

Some are wondering where the substance is in Starmer's reset. The lack of clarity comes as European leaders privately express frustration about what they see as the UK's failure to carve out a cohesive new role for itself on the international stage.⁵⁴

Alvorens die EU op terugstellingsaksie reageer, word die VK se gedetailleerde uiteensetting daarvoor afgewag. Vir die EU sal daar geen à la carte – of roomskeppery – opsie vir die VK beskikbaar wees nie.

There is no perfect model for future UK-EU relations, all potential options having drawbacks rendering them somewhat unstable, and no swift negotiating path to most of them.⁵⁵

Boonop is die EU verward oor wat beskou word as die VK se nonchalante verwerping om weer by die Erasmus-uitruilprogram vir studente aan te sluit asook die min belangstelling in die EU se jeugmobiliteitsinisiatief.

Londen as 'n gevallestudie

Brexit het beduidende indiensnemingsvermindering in verskeie sektore tot gevolg gehad. 'n Opname het aan die lig gebring dat Brexit landwyd sowat twee miljoen minder werksgeleenthede veroorsaak het. 'n Ontleding deur Cambridge Econometrics, wat in opdrag van die stad onderneem is, dui aan dat Londen 290 000 minder werksgeleenthede het as wat dit sonder Brexit sou gehad het met die konstruksie- en finansiële dienstesektore wat aansienlike en nadelige gevolge ervaar het en nog steeds ondervind. Teen 2035 sal die land, post-Brexit, na verwagting 'n tekort van ongeveer drie miljoen indiensnemingsgeleenthede ervaar met ongeveer 500 000 daarvan poste wat in Londen mag wees.

Volgens die burgemeester het sy stad se ekonomie met sowat £30 miljard gekrimp en hy wys daarop dat Brexit 'n beduidende faktor in die voortslepende lewenskostekrisis is. Voorts beklemtoon hy die bewyse van hoe voedselprijsinflasie vererger het. Daarom doen hy 'n beroep op die regering om 'n stewiger samewerkende verhouding met die EU na te streef. In 2023 was die gemiddelde Brit byna £2 000 armer terwyl die gemiddelde Londenaar in dieselfde jaar amper £3 400 armer was as gevolg van Brexit.

Die ekonomiese nadeel sal na verwagting eskaleer, met meer as £300 miljard wat waarskynlik teen 2035 uit die VK se ekonomie uitgeroei sal word in die afwesigheid van ingryping, en £60 miljard oorskry van die waarde van Londen se ekonomie alleen.

Die ekonomiese nadeel sal na verwagting eskaleer met meer as £300 miljard wat waarskynlik teen 2035 uit die waarde van die Britse ekonomie uitgewis sal wees in die afwesigheid van daadwerklike ingryping. Daarvan sal £60 miljard die waarde van Londen se ekonomie verminder.⁵⁶

⁵⁴ Singh & Gye (2024).

⁵⁵ Henig (2024:2).

⁵⁶ Mayor (2024).

Die geprojekteerde jaarlikse groei in bruto toegevoegde waarde (BVA) sal na verwagting in die tydperk van 2023 tot 2035 met slegs 0,4% toeneem in die VK as geheel en 0,3% stadiger in Londen. Gevolglik word voorsien dat GVA teen 2035 onderskeidelik 10,1% en 7,5% laer sal wees vir die VK en Londen. Verder het Brexit beleggingsgroei belemmer. Teen 2035 sal belegging in die VK na verwagting met meer as 32% verminder, wat onvermydelik tot verminderde uitset sal lei. Die gevolge van hierdie onvoldoende belegging sal ook Londen se ekonomie aansienlik beïnvloed.⁵⁷

Op nasionale vlak word Starmer ook met belangrike kwessies wat beleggersvertroue moet terugwen en ekonomiese groei verseker, gekonfronteer.

... reassuring investors who have been rattled by years of instability, particularly those concerns stemming from the chaos linked with Brexit. ... Following the Labour Party's sweeping victory, many hope the chaos of Brexit politics has calmed, yet investor fears persist. ... Balancing investor interests with public sentiment toward Brexit remains complex territory.⁵⁸

In die nabye toekoms sal insigte verkry word namate Starmer sy omvattende planne vir regulering, beleggingstrategie en ekonomiese groeipogings aankondig. 'n Kritieke fase wag op die VK wat die land se toekoms aansienlik gaan beïnvloed, aangesien dit 'n nuwe identiteit moet vestig wat onafhanklik van enige vorige verbintenis met die EU sal wees. Hierdie tydvak behoort ook tot voordeel van Londen te wees.

Brexit veroorsaak stygende werkloosheid

Afgesien van ander faktore wat daadwerklik tot werkloosheid bydra, het Brexit in geen onsekere terme nie ook 'n beduidende invloed op werkloosheid in die VK. Die toename in werkloosheid het reeds 'n kommerwekkende nege miljoen kerf bereik en is 'n wesenlike probleem vir die regering. 'n Menigte veranderlikes is vir hierdie toename verantwoordelik. Elkeen hang saam met ekonomiese, sosiologiese en beleidskwessies wat mettertyd versleg het. Die regering beoog om 'n bepaalde toepassingsinisiatief te implementeer ná jare se ondoeltreffendheid om hierdie blywende probleem te probeer oplos. Veelvoudige oorsake het die toename in werkloosheid tot ongekende afmetings laat toeneem. Die ekonomie het gely onder verskeie wêreldwye probleme, insluitende Covid-19 en inflasionêre druk wat besigheidsluitings en afleggings tot gevolg gehad het. Stygende uitgawes vir energie, huispryse en voedsel plaas aansienlike druk op beide ondernemings en huishoudings. Brexit het tot veranderinge aan die arbeidsmark, onderbrekings in voorsieningskettings en 'n afname in die beskikbaarheid van laergeskooolde werkers gelei en dit het weer werkverliese in sektore veroorsaak wat grotendeels op EU-arbeid aangewese was, soos landbou en nywerheid. Daar is 'n groeiende verskil tussen die vereistes wat werkloos stel en dit wat maatskappye kan bied. Op talle gebiede, insluitende gesondheidsorg en tegnologie, word aansienlike tekorte aan geskoolde personeel ervaar terwyl miljoene werkloos bly weens onvoldoende vaardighede of opleiding. Die regering staar toenemende druk in die gesig om werkloosheid te verminder en die fiskale tekort as gevolg van Brexit te takel. Nietemin word die strategie om individue in posisies te dwing wat onvanpas of nie geskik is vir hul bevoegdhede nie, nie as 'n lewensvatbare oplossing beskou nie – dit

⁵⁷ Cambridge (2024).

⁵⁸ Opinion (2024).

is bloot 'n oppervlakkige middel wat ten doel het om werkloosheidstatistiek te verbeter en te poog om die post-Brexit-ekonomie te herstel.

What's more, this tactic sidesteps the very real problems created by Brexit and the rushed, uninformed decision-making process behind it. The immigration issue was used as a key selling point to push the vote, and yet the so-called "solution" to immigration is far from over.⁵⁹

Die progressiewe onttrekking van hul reg om in die VK te werk het Europese burgers se werksgeleenthede aansienlik bemoeilik wat tot 'n beduidende arbeidstekort gelei het, veral in noodsaaklike areas soos gesondheidsorg en vervoer. Hierdie tekort het probleme veroorsaak om produksie- en diensvlakke in die VK te handhaaf, wat ekonomiese groei belemmer en skuld vererger. Die Covid-19-pandemie, die inval in Oekraïne, Brexit en inflasie is alles faktore wat rampspoedig vir bouondernemings is. Van 2019 tot 2023 het 43% van nuutgestigte konstruksiefirmas hul bedrywighede gestaak.⁶⁰

Die mees onmiddellike gevolg van die toenemende skuld is die druk wat dit op staats-instellings plaas. Die regering het finansiële hulpbronne verminder namate toenemend geleen moes word om skuld te bestuur. Dit het daartoe gelei dat talle verpleegkundiges hul beroep verlaat het weens bedenklieke werksomstandighede en onvoldoende vergoeding. Dit belemmer die verskaffing van doeltreffende pasiëntesorg. Die situasie het ná Brexit so versleg, omdat die Nasionale Gesondheidsdiens (NHS)⁶¹ afhanklik was van werkers uit die EU, wat nou heel waarskynlik nie werk in die VK sal soek nie weens die nuwe immigrasieregulasies wat met Brexit ingestel is. Die blywende gevolge van Brexit is aansienlik groter. Voorstanders van Brexit het aangevoer dat die uittrede aan die VK volle gesag oor sy wette en handelsbeleid sal verleen. Die ekonomie het egter onmiddellik nadelige gevolge begin beleef en op ander lewensterreine het ook verdere nadele bygekom. Só moet Starmer rekening hou met oorvol tronke, onveilige grense, verswakkende skoolinfrastruktuur, gebroke staatsfinansies en deurlopende kinderarmoede. Hy het wel begin deur die probleme aan die vorige konserwatiewe regerings toe te skryf, maar erken dat kommer oor die VK se verhoogde immigrasiekoers regverdig is en onderneem om die konserwatiewes te oortref in hul pogings tot grensbeheer.

Consequently, Brexit did not only jeopardise the interests of the country's various sectors but also posed a threat to its economy. Left without access to many other sources of labour, specific sectors, such as agriculture and healthcare, suffered labour shortages because most of the people that the former drew from different European nations were mainly recruited in Britain.⁶²

Gevolge van Brexit op kultuuraangeleenthede en ander sektore

Dit is ook op kulturele vlak waar die gevolge van Brexit op voetsoolvlak gevoel word. Die Arbeidersregering het onderneem om 'n ooreenkoms te bereik vir kunstenaars uit die VK om na Europa te toer as een van sy drie hoofambisies vir die verbetering van betrekkings met die EU. Sedert Brexit kan kunstenaars egter nie vir langer periodes as 90 dae uit elke 180 dae

⁵⁹ Jones (2024).

⁶⁰ 43% of new construction companies failed in last five years (2024).

⁶¹ Die NHS is die openbare gefinansierde gesondheidsorgstelsel in Engeland en een van die vier NHS-stelsels in die VK.

⁶² UK's Debt Hits (2024).

Europa besoek nie. Die oorspronklike ooreenkoms was veronderstel om verbeterde toegang tot die EU vir Britse professionele persone en verminderde grenskontroles op voedsel- en drankuitvoere te behels. Brussel is egter nie bereid om daartoe in te stem nie en dit het Starmer se hoop op 'n herstel van verhoudinge 'n knou toegedien. Die EU beskou so 'n reëling as onmoontlik omdat dit die herbedinging van die TCA sal vereis en die VK is vaag oor die aanvaarding van die betrokkenheid van die EG in die heronderhandeling daarvan.⁶³

Verder het die VK se beeëindiging van deelname aan die Erasmus-onderwysprogram ná Brexit opvoedkundige uitruilings tussen die VK en Europese lande aansienlik bemoeilik. Die Erasmus-uitruilingsprogram was 'n sleutel-inisiatief van die EU wat studentemobiliteit bevorder en studente in staat gestel het om vir tydperke in Europa te studeer terwyl hulle finansiële ondersteuning ontvang het. Die program is geprys vir die bevordering van kulturele uitruiling en akademiese samewerking, maar die VK het amptelik sy deelname aan die Erasmus-inisiatief op 1 Januarie 2021 gestaak. Hierdie besluit is verder beïnvloed deur die regering se kommer oor die koste daaraan verbonde om verder aan die program deel te neem, wat na raming aansienlik hoër was as die voordele wat ontvang is. Veldtogte vir die VK se hertoetreding tot die skema is aan die gang. Maar Brussel beskou die voorwaardes vir die VK om deel van die Erasmus-program te bly as te duur en dat Britte se swak vaardighede in Europese tale 'n wanbalans veroorsaak het tussen die aantal VK-studente wat oorsee reis en EU-studente wat na die VK gaan.⁶⁴

Starmer se verwerping van hierdie program en alles wat daarmee gepaard gaan, het vrese laat ontstaan dat hy besig is om sy eie rooilyne te skep wat netso rampspoedig as May s'n sal wees.

Starmer's swift rejection of EU priorities such as establishing a youth mobility scheme and rejoining the Erasmus exchange program has gone down badly in European capitals and is taking a toll on early optimism about the new British government.⁶⁵

Starmer se houding oor die EU se aanbevelings aan die VK om die beweging van jong individue tussen die VK en die EU te vergemaklik, sal 'n beduidende aanduiding van sy benadering tot die EU wees.⁶⁶ Hy het sy voorneme uitgespreek om verby die Brexit-era te beweeg en 'n meer pragmatiese en volwaardige verhouding met die EU te vestig, maar weerhou tans doelbewus sy voornemens.⁶⁷ Dit het tot gevolg dat die uiteindelijke uitslag ongetwyfeld politieke problematies sal bly. Diplomate van die EU het reeds gewaarsku dat hy nie 'n gladde proses moet verwag nie. By die EU is daar voortdurend kommer oor die kieskeurigheid van die VK, wat komende onderhandelinge kan oorskadu.⁶⁸ Europese diplomate is ontsteld dat hy nie van plan skyn te wees om sy standpunt oor die jeugmobilitateitsprogram te wysig nie. Indien dit wel die geval gaan wees, sal dit volgens die siening van die EU nutteloos wees om meer ingewikkelde onderhandelinge oor verdediging of handel te begin sonder dat ooreenkoms oor hierdie aangeleentheid vooraf bereik is. Brussel beskou jeugmobilitateit as 'n wederkerige reëling vir die VK se belange waarvan nou verwag word dat dit bevorder sal word.

⁶³ Foster (2024b).

⁶⁴ The UK is poorer without Erasmus (2024).

⁶⁵ Stone (2024).

⁶⁶ Stacey & O'Carroll (2024).

⁶⁷ Blewett & Stone (2024).

⁶⁸ Foster (2024b).

A scheme to allow British under-30s to live and work in the EU has been flatly rejected. Why punish them for older voters' mistakes?⁶⁹

Burokratiese struikelblokke skep logistieke nagmerries vir die musiekbedryf – iets wat moontlik die toekoms van opkomende kunstenaars en die VK se status as 'n kulturele sentrum in gevaar kan stel.

Since 2016, *Thank EU for the Music* has been raising awareness about the devastating consequences of Brexit on the music industry.⁷⁰

Oor vervoer word maatskappye aangemoedig om voorsieningsnetwerke onafhanklik van die enkelmark te herstruktureer ten einde die nadelige uitwerking van die TCA te verlig. Die Konserwatiewe Party se ambisieuse strategieë om voordeel te trek uit Brexit het oorwegend tot mislukkings gelei, wat veral deur die gebrekkige uitvoering van die konsep van vryhawens geïllustreer word. Aanvanklik is daardie konsep bevorder as 'n beduidende voordeel om die EU te verlaat, omdat vryhawens as transformerende sentrums vir handel en belegging gekenmerk word. Desnieteenstaande die opgewondenheid het skaars ses maatskappye van die vryhawebenadering gebruik gemaak. Benewens die onbevredigende resultate vir vryhawens het die openbare mening toenemend ontnugtering met die party se bestuur van Brexit getoon.⁷¹ In sy artikel verwys Knight na die reeks negatiewes waarmee die Britte te make kry. So word verhoogde indiensnemingsyfers en immigrasiegetalle verbloem. 'n Nasionale werklikheid het ontstaan wat deur onvoldoende lone, onstabiele indiensneming en volgehoue onderinvestering gekenmerk word. Die treine is laat. Die verkeer is oorlaai. Die eiendomsmark is benard. Britse boere staar uitdagings in die gesig as gevolg van burokratiese hindernisse wat met post-Brexit-omgewingssubsidieprogramme verband hou. Tans het die VK die hoogste energie-uitgawes van alle ontwikkelde lande. Die afname van 23,6% in die volume voedsel- en drankuitvoere na die EU is bekend en saam daarmee die vermindering van 4,3% in waarde.

Overnight, and against the will of its leaders, the country abandoned its economic model – as the Anglo-Saxon gateway to the world's largest trading bloc – and replaced it with nothing at all.⁷²

Die ekonomie het in alle opsigte sy produktiwiteit verloor.

Met toerisme is die VK besig om sy status as 'n voorste toerismebestemming te verloor. Dit word toegeskryf aan stygende koste en die uitskakeling van die VK se belastingvrye inkopieplan. As gevolg hiervan sal die VK jaarliks 890 000 besoekers uit Europa verbeur, wat lei tot 'n begrotingstekort van £590 miljoen weens die verbod op ID-kaarte. Meer as 200 miljoen voornemende reisigers uit Europa besit ID-kaarte maar nie paspoorte nie.

Slot

Kenners voorsien dat Brexit teen 2035 'n koste van £311 miljard vir die ekonomie van die VK sal meebring. Alhoewel politieke slagspreuke en die belofte om beheer terug te neem voorheen in die Brexit-toneel en -debat oorheers het, word die implikasies van die onttrekking

⁶⁹ Williams (2024).

⁷⁰ Ditch the 'mood music' (2024).

⁷¹ Blackhurst (2024).

⁷² Knight.

al hoe duideliker. Die gepaardgaande koste is buitensporig en vermeerder net. Brexit is voorgehou as die weg na welvaart, gepaardgaande met beloftes van nuwe handelsooreenkomste, verhoogde soewereiniteit en ekonomiese groei. Ná die vyfde herdenking van die amptelike onttrekking uit die EU is die ekonomiese gevolge onbetwisbaar. Die finansiële reperkussies van Brexit manifesteer steeds meer en meer, en die ekonomiese las sal voortduur, wat die VK op die lang termyn nog ernstiger mag knou.

Brexit het voorsieningsnetwerke ontwrig, die koste van ingevoerde goedere verhoog en inflasionêre druk vererger. Gesinne in die hele VK ervaar die gevolge by die betaalpunt aangesien voedselpryse vinniger eskaleer as verdienste, terwyl energiekoste en ander benodigdhede aanhou styg. Die ekonomie sal na verwagting in die afsienbare toekoms aanhou om te onderpresteer.

Politicians may argue over the merits of sovereignty or global trade deals, but one fact is becoming crystal clear: Brexit is an economic self-inflicted wound. The question now is, how long will the UK keep paying for it?⁷³

Die produktiwiteit van die VK het sedert die finansiële krisis in 2008 en 2009 gestagneer en met Brexit se aansienlike uitwerking op die ekonomie word pogings bemoeilik om betrekkinge met die EU te herstel sonder aansienlike diplomatieke en politieke investering.

Brexit en die EU was die twee onderwerpe wat Britse politiek vir die vorige nege jaar oorheers het. Tydens die verkiesingstryd wat die algemene verkiesing in Junie 2024 voorafgegaan het, is hierdie onderwerpe skaars genoem. Die Arbeidersparty was moontlik versigtig om vorige kontroversie te hersien en het 'n berekende benadering gekies wat bekwaamheid en stabiliteit vooropgestel het eerder as om betrokke te raak by hewige historiese debatte. Terselfdertyd het die Konserwatiewes, in plaas daarvan om die ingewikkelde nagevolge van Brexit daadwerklik te takel, breedvoerig op anti-opposisie-retoriek staatgemaak en enige wesentlike diskoers oor die kwessie vermy, wat voorheen hul agenda in beslag geneem het.

Starmer se strategie bly steeds om prioriteit aan ekonomiese stabiliteit te gee met gepaardgaande pogings om die VK se aansien internasionaal te herstel saam met die hervestiging van verhoudings met Europa en die aandag aan klimaatskwessies en skakeling met die Globale Suide.

Die VK se verhouding met die EU is steeds 'n politieke omstrede kwessie aangesien die publiek steeds geraak word deur die verdelende diskoers van die Brexit-era. Die huidige verhouding tussen die EU en die VK word gereguleer deur die TCA wat in 2020 tydens Johnson se bewind ingestel is. Die huidige regering erken dat enige poging om die uitgebreide debat oor Brexit weer te begin, politieke nadelig kan wees.

Die EU word op sy beurt met eie kwessies opgesaai, insluitende die oorlog in Oekraïne, ekonomiese probleme, die opkoms van verregse bewegings in verskeie lidstate en same-sprekings oor die EU se oostelike uitbreiding. Die verbetering van betrekkinge met die VK blyk minder dringend te wees. Die TCA wat aansienlik bevooroordeel teenoor die EU is, is steeds van krag en ondanks die naderende hersiening, is daar minder geneigdheid vir 'n omvattende hersiening. Nietemin bly die VK vir die EU 'n voorkeur ekonomiese bestemming met handel met die VK wat die afgelope jaar gestyg het.⁷⁴

Ná Brexit het die reise van veral musikante, studente en jong professionele persone al hoe meer uitdagend en duur geword. Vir die EU skep dit 'n verdere tergende vraag omdat hy

⁷³ Peat (2024a).

⁷⁴ Malhotra & Chamberlain (2024).

streef na die VK se herintegrasie by die Erasmus-uitruilprogram. Alhoewel daar by die VK wel die begeerte bestaan om burokratiese struikelblokke en uitgawes vir visums te minimaliseer, is die herinstelling van vrye beweging, al is dit net op hierdie uitruilskema van toepassing, nie 'n opsie nie. Dit sal een van die kernbeginsels van Brexit weerspreek. Die wedersydse erkenning van professionele grade is 'n verdere komplekse aangeleentheid wat verwickeld is met die interne mark waarin die VK nie belangstel om betrokke te raak nie.

Dit is onwaarskynlik dat die VK weer by die EU sal aansluit. Onderhandelinge sou uitgerek wees en terme sou minder voordelig wees. Kernbeginsels, soos die wat die EG betrek, sal prysgegee moet word. Die skeptiese deel van die publiek sal van 'n ommekeer oortuig moet word en dit word op hierdie tydstip as onuitvoerbaar beskou. Verder is die EU besig om 'n eie evolusie te ondergaan wat na verwagting ooswaarts sal uitbrei en sy fiskale vereistes sal aanvul. Die mees lewensvatbare terrein vir samewerking tussen die VK en die EU blyk op die gebied van veiligheid en verdediging te wees, wat die Arbeidersparty in hul verkiesingsmanifes as 'n veiligheidsvennootskap beklemtoon het. Die VK se onwrikbare finansiële en militêre bystand aan Oekraïne het die VK se posisie in die post-Brexit-era in terme van Europese veiligheid ferm gevestig. Verder versterk Starmer se prioritisering van die Euro-Atlantiese arena hierdie vooruitsigte. Tans is 'n aansienlike verandering in die verhouding tussen die VK en die EU onwaarskynlik gedurende die ampstermyn van die Arbeiders. Die party is begerig om eerder op ander suksesse te konsentreer en dit uit te bou, soos die verbetering van betrekkinge met Indië en die VSA.

Brexit het vir verhoogde hindernisse ten opsigte van handel, kapitaalbeweging en arbeidsmobiliteit gesorg wat uitset en indiensneming in beide die VK en EU-lidstate beïnvloed. Die VK was eens een van die belangrikste handelsvennote van die EU se 27 lidstate met ongeveer 13% handel in produkte en dienste. Benewens bilaterale kommersiële betrekkinge was daar 'n beduidende voorsieningsketting vir handelsverbindings tussen die EU-27 en die VK. Die VK se uittrede uit die EU en saam daarmee die interne mark en die doeane-unie het handels- en oorgrensbepelings ingestel wat voor 1 Januarie 2021 afwesig was. Die reperkussies vir openbare administrasies, ondernemings en burgers was onvermydelik, omvangryk en diepgaande, ten spyte van die bepalinge in die TCA. Die blywende gevolge van Brexit kom steeds na vore. Die staking van vrye beweging tussen die VK en die EU het tot 'n afname in netto immigrasie uit die EU gelei. Dit het weer tot arbeidstekorte in nywerhede, soos toerisme en vervoer in die VK gelei. Gevolglik het die implementering van nuwe immigrasieregulasies gelei tot 'n geraamde tekort van ongeveer 330 000 werkers in die VK se arbeidsmark, wat nywerhede wat grotendeels van buitelandse arbeid afhanklik is, nadelig beïnvloed. Die hoeveelheid Britse migrante wat in die Eurosone woon, is onbeduidend in verhouding tot die bevolking van die Eurogebied. Mettertyd het daar 'n geleidelike toename plaasgevind. Die Eurostreek was histories 'n netto uitvoerder van migrante na die VK in alle vaardigheidsvlakke. Die staking van vrye migrasie uit EU-lande het die arbeidsaanbod in die VK beperk. Netto immigrasie uit die EU het afgeneem in sektore wat veral afhanklik is van trekarbeid. Baie is nadelig beïnvloed en arbeidstekorte in verskeie nywerhede het vererger. Hierdie beperking het nie net die indiensnemingskoerse beïnvloed nie, maar ook bedryfsuitgawes vir ondernemings verhoog. Die uiteindelijke ekonomiese gevolge sal waarskynlik jare neem om te manifesteer totdat beide partye ten volle by hul nuwe verhouding aangepas het.

Brexit het aansienlike politieke omwenteling in die VK tot gevolg gehad. Die onderhandeling van onttrekkingsvoorwaardes het onvermydelik verdeeldheid binne prominente politieke partye veroorsaak wat tot bedankings en veranderinge in leierskap gelei het. Die verwickeldheid

ten opsigte van verbandhoudende kwessies soos die Noord-Ierland-protokol het politieke diskoers en probleme vererger.

Brexit het uitgebreide reperkussies vir die VK op ekonomiese, indiensnemings- en politieke terreine gehad. Die verwagte voordele om die EU te verlaat, het gou vervaag met die opduik van aansienlike ekonomiese probleme, soos verminderde groei in die BBP, verhoogde handelshindernisse, verminderde beleggings en werkverliese. Brexit het partydinamika en bestuursraamwerke getransformeer, terwyl vroeë toekomstige beleidsdoelwitte gestel is. Die voortgesette gevolge het beduidende langtermynimplikasies vir die VK se ekonomie en samelewing veroorsaak. So het die regering gesondheid- en veiligheidsinspeksies op voedsel-invoere vanaf die EU by vyf geleenthede binne die bestek van drie jaar uitgestel weens kommer dat bykomende regulasies voedselkoste sou verhoog en noodsaaklike voorrade ontwrig. Tog het Brexit die VK se inflasiekoers aansienlik vererger deur sy primêre handelsverhouding te ontwrig, die waarde van die geldeenheid te verminder en die koste van invoere te verhoog.

Verbeterde handelsverbindings met die EU is noodsaaklik vir Starmer se primêre doelwit van verbeterde ekonomiese groei en 'n nuwe inisiatief met betrekking tot die EU. Dit gaan 'n uitgerekte poging verg. Selfs al sou hy gedeeltes van Brexit wou omkeer – om alle aspekte daarvan ongedaan te wil maak, sal 'n onbegonne taak wees – sal hy gou ontdek dat, sover dit die EU betref, minimale gesag binne sy vermoë is!

Aan die een kant het Starmer binnelands met die politieke druk van ongeduldige Euroskeptici te make wat vermoed dat hy van plan is om die land se belange in die gedrang te bring. Aan die ander kant wag daar op hom die ontnugterde burokrasie in Brussel wat moeg is vir die hele Brexit-saga. So sal die wysingsonderhandelinge oor die TCA meer uitdagend wees as byna enige ander kwessie waarmee hy te kampe gaan kry. Amptenare is bekommerd dat Starmer die meer beskeie herstel met die EU wat hy beoog om te bereik in gevaar stel deur openbare uitsprake te maak sonder om doelwitte af te baken aangesien hy toelaat dat eksterne stemme sy narratief dikteer.⁷⁵

BIBLIOGRAFIE

Boeke en artikels

- Alabrese, Eleonora; Edenhofer, Jacob; Fetzer, Thiemo; Wang, Shizhuo. 2024. Levelling up by levelling down? The economic and political costs of Brexit. *UK in a Changing Europe*, 4 September 2024. <<https://ukandeu.ac.uk/levelling-up-by-levelling-down-the-economic-and-political-costs-of-brexit/>>
- Anil, Pratinav. 2024. Keir Starmer: a technocrat without a plan – The PM's vision is politically incoherent. *UnHerd*, 28 September 2024. <<https://unherd.com/2024/09/keir-starmer-a-technocrat-without-a-plan/#:~:text=September%2028,%202024%208mins.%20Two%20episodes>>
- Bastani, Aaron. 2024. The Left is coming for Starmer – Labour's woes are just beginning. *UnHerd*, 23 September 2024. <<https://unherd.com/2024/09/the-left-is-coming-for-starmer/#:~:text=September%2023,%202024%206mins.%20As%20Labour>>
- Blackhurst, Chris, 2024. How the big Tory idea to make Brexit work turned into (another) failure, *The Independent*, 29 September 2024. <<https://www.independent.co.uk/voices/how-the-tories-big-idea-to-make-brexit-work-turned-into-another-failure-b2619967.html#:~:text=Boris%20Johnson%20and%20Rishi%20Sunak%20talked>>
- Blewett, Sam & Stone, Jon. 2024. British government split over new-look Brexit deal, *Politico*, 2 October 2024. <<https://www.politico.eu/article/british-government-new-look-brexit-deal-keir-startmer->

⁷⁵

McGee (2024a).

- youth-mobility/?utm_source=email&utm_medium=alert&utm_campaign=British%20government%20split%20over%20new-look%20Brexit%20deal>
- Bloom, Jonty. 2024. Brexit is getting worse. *The New European*, 17 September 2024. <<https://www.theneweuropean.co.uk/jonty-bloom-uk-brexit-is-getting-worse/>>
- Boscia, Stefan & Blewett, Sam. 2024. Nigel Farage is right: Britain's Remainers are back. *Politico*, 20 September 2024. <https://www.politico.eu/article/nigel-farage-britain-tory-government-europe-conservatives/?utm_source=email&utm_medium=alert&utm_campaign=Nigel%20Farage%20is%20right%3A%20Britain%E2%80%99s%20Remainers%20are%20back>
- Bunn, George. 2024. Tony Blair blames mass immigration on Brexit as he tells Keir Starmer to reestablish close links with EU. *GB News*, 8 September 2024. <<https://www.gbnews.com/news/tony-blair-mass-immigration-brexit-starmer-reestablish-close-links-eu>>
- Coles, John. 2024. Brexit 'veterinary failures' costing UK meat sector millions per year. *HeraldWales*, 21 September 2024. <<https://www.herald.wales/national-news/farming/brexit-veterinary-failures-costing-uk-meat-sector-millions-per-year/>>
- Corbett, Richard. 2024. What should Labour aim for in Europe? *Social Europe*, 3 September 2024. <<https://www.socialeurope.eu/what-should-labour-aim-for-in-europe>>
- Dathan, Matt. 2024. Brexit blunder delays Border Force fleet replacement until 2030. *The Times*, 18 September 2024. <<https://www.thetimes.com/uk/politics/article/brexit-blunder-delays-border-force-fleet-replacement-until-2030-mc60bbkg>>
- Davies, Cleo. 2023. The impact of Brexit: polity, politics, policy. *Journal of European Integration*, 45(6) 963-969. <<https://doi.org/10.1080/07036337.2023.2236423>>
- Du, Jun; Satoglu, Emine & Shepotylo, Oleksandr. 2023. How did Brexit affect UK trade? *Contemporary Social Science*, 18(2), 266-283. <<https://doi.org/10.1080/21582041.2023.2192043>>
- Du, Jun; Shepotylo, Oleksandr & Shi, Yujie. 2024. Outbound: UK Trade Post Brexit, 2024. *Aston University's Centre for Business Prosperity*. <<https://www.aston.ac.uk/research/bss/research-centres/business-prosperity/publications-and-reports>>
- Egan, Michelle & Webber, Mark. 2023. Brexit and 'Global Britain': role adaptation and contestation in trade policy. *International Politics*. 14 September 2023. <<https://doi.org/10.1057/s41311-023-00503-2>>
- Eksteen, Riaan. 2019(a). Brexit – The ECJ Conundrum for the UK. *American Bar Association's Newsletter*.
- Eksteen, Riaan. 2019(b). *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs*. The Hague: Asser Press/Springer.
- Eksteen, Riaan. 2019(c). Brexit se politieke en ekonomiese nagevolge en historiese realiteite. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(2):265-291.
- Eksteen, Riaan. 2020. Brexit: Volgende uitdagings vir 'n nuwe era. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(1): 241-245.
- Foster, Peter. 2024a. Brexit is 'stifling' exports and imports, report finds, *Financial Times*, 17 September 2024. <<https://www.ft.com/content/21b2fcc5-bfe8-4b27-adab-702c4eb0f0c4?s=09#:~:text=September%2016%202024.%20Brexit%20is%20having>>
- Foster, Peter. 2024(b). Keir Starmer looks for post-Brexit 'reset' in meeting with EU leaders, *Financial Times*, 1 Oktober 2024. <<https://www.ft.com/content/0e7d4f56-dbf8-4aad-bc6f-6f993598362d>>
- Foster, Peter & Bounds, Andy. 2024. EU rules out loosening post-Brexit curbs on UK touring musicians. *Financial Times*, 3 September 2024. <<https://www.ft.com/content/edca9baf-3db1-4c9f-a8f3-7d9617a70356?shareType=nongift>>
- Gibbins, Justin. 2020. Theorizing Brexit: UK/EU Relations and International Relations Theory. *The International Virtual Conference on Social Sciences*. 1-13. <https://www.researchgate.net/publication/342787215_Theorizing_Brexit_UKEU_Relations_and_International_Relations_Theory> DOI: 10.33422/ivcss.2020.05.155.
- Greig, Geordie & Maddox, David. 2024. Brexit failed – and it triggered mass immigration, Tony Blair says. *Independent*, 7 September 2024. <<https://uk.news.yahoo.com/brexit-failed-triggered-mass-immigration-145949797.html>>
- Harris, Katie. 2024. Brexiteer erupts as Theresa May blames Boris Johnson and Liz Truss for Tory woes. <<https://www.msn.com/en-gb/news/uknews/brexit-erupts-as-theresa-may-blames-boris-johnson>>

- and-liz-truss-for-tory-woes/ar-BB1myUu8?ocid=hwminus&apiversion=v2&noservercache=1&d
omshim=1&renderwebcomponents=1&wseo=1&batchservertelemetry=1&noservertelemetry=1>
- Head, Tom. 2024. We did not take back control – we weakened ourselves – Tony Blair nails Brexit. *The London Economics*, 8 September 2024. <<https://www.thelondoneconomic.com/politics/tony-blair-brexit-immigration-382527/>>
- Henig, David. 2024. Negotiating Uncertainty in UK-EU Relations: Past, Present, and Future. *European Centre for International Political Economy (ECIPE) Policy Brief – No. 17/2024*, September 2024. <<https://ecipe.org/publications/negotiating-uncertainty-uk-eu-relations/>>
- Holden, Patrick. 2017. Brexit: An international relations perspective. *University of Plymouth: Academic commentary*. <<https://www.plymouth.ac.uk/alumni/invenite/brexit-an-international-relations-perspective>>
- Jones, Andrew. 2024. Unemployment Levels Hit 9 Million DWP Crackdown. *Disabled Entrepreneur UK*, 21 September 2024. <<https://disabledentrepreneur.uk/unemployment-levels-hit-9-million-dwp-crackdown/>>
- Joshi, Jitendra. 2024(a). Negative impacts of Boris Johnson's post-Brexit EU trade deal 'only going to get worse'. *The Evening Standard*, 11 September 2024. <<https://www.msn.com/en-us/money/other/negative-impacts-of-boris-johnsons-post-brexit-eu-trade-deal-only-going-to-get-worse/ar-AA1qH3jF>>
- Joshi, Jitendra. 2024(b). Negative impacts of Boris Johnson's post-Brexit EU trade deal 'only going to get worse'. *The Standard*, 17 September 2024. <<https://www.standard.co.uk/news/politics/brexit-trade-eu-damage-european-union-aston-business-school-b1182444.html>>
- Jun, Du; Liu, Xingyi; Shepotylo, Oleksandr & Shi, Yulie. 2024. *Unbound: UK Trade post-Brexit. Centre for Business Prosperity – Aston University Research Paper*, 16 September 2024, 5. <<https://www.aston.ac.uk/sites/default/files/2024-09/Full%20Report.pdf>>
- Knight, Sam. 2024. What have Fourteen Years of Conservative Rule done to Britain? *The New Yorker*, 25 March 2024. <<https://www.newyorker.com/magazine/2024/04/01/what-have-fourteen-years-of-conservative-rule-done-to-britain>>
- Landler, Mark. 2024. How the Tories lost Britain: Brexit and immigration upended their 14-year reign – setting the stage for a pitched battle to remake British conservatism. *The New York Times Magazine*, 29 August 2024. <<https://www.nytimes.com/2024/08/29/magazine/uk-politics-tories-conservatives.html>>
- Lazowski, Adam & Cygan, Adam (eds). 2022. *Research Handbook on Legal Aspects of Brexit*. Northampton: Edward Elgar Publishing.
- Loussouarn, Sophie (ed.). 2022. *Brexit and its aftermath*. London: Bloomsbury academic. ISBN: 978-0755640782.
- Maddox, David. 2024. John Major backs Tony Blair over Brexit's immigration impact. *The Independent*, 19 September 2024. <<https://www.the-independent.com/news/uk/politics/tory-rwanda-plan-john-major-brexit-b2614401.html>>
- Malhotra, Shairee & Chamberlain, Noah. 2024. With The Tories Gone, What's Next For EU-UK Relations? – Analysis. *EurasiaReview*, 21 September 2024. <<https://www.eurasiareview.com/21092024-with-the-tories-gone-whats-next-for-eu-uk-relations-analysis/>>
- McBride, Oliver. 2024. UK Fisheries said the consequences of government inaction have been devastating. *The Fishing Daily*, 27 September 2024. <<https://thefishingdaily.com/latest-news/uk-fisheries-ltd-criticises-failure-to-secure-fair-fishing-deal/>>
- McGee, Luke. 2024(a). Operation softer Brexit: Inside the Whitehall plan to achieve Starmer's EU reset. *Inews*, 3 September 2024. <<https://inews.co.uk/news/politics/inside-whitehall-plan-achieve-eu-reset-3257360>>
- McGee, Luke. 2024(b). Remainers still don't understand Brexit. *Inews*, 11 September 2024. <<https://inews.co.uk/opinion/remainers-still-dont-understand-brexit-3271967>>
- Novy, Dennis; Sampson, Thomas & Thomas, Catherine. 2024. Brexit and UK trade. *Centre for Economic Performance (London School of Economics and Political Science, Paper No. CEPEA058)*, June 2024. <<https://cep.lse.ac.uk/pubs/download/ea058.pdf>>
- O'Carrol, Lisa. 2024. UK must stop being naive over resetting relations with EU, thinktank says. *The Guardian*, 18 September 2024. <<https://www.theguardian.com/politics/2024/sep/18/uk-must-stop>>

- being-naive-over-resetting-relations-with-eu-thinktank-says?utm_term=66f41ae566ba13ce9e387461580f0f4b&utm_campaign=ThisIsEurope&utm_source=esp&utm_medium=Email&CMP=thisiseurope_email>
- Oliver, Tim. 2023. Reflections: the UK after Brexit. *International Politics*, 1-18, 3 Junie 2023. DOI: 10.1057/s41311-023-00472-6.
- Omer, Nimo. 2024. Will Labour lift the gloom at its first conference in power? *The Guardian*, 23 September 2024. <https://www.theguardian.com/world/2024/sep/23/monday-briefing-will-labour-lift-the-gloom-at-its-first-conference-in-power?utm_source=whatsappchannel>
- Peat, Jack. 2024(a). The £311 billion Brexit Bill: A stark reminder of how much leaving the EU will cost the UK by 2035. *The London Economic*, 16 September 2024. <<https://www.thelondoneconomic.com/business-economics/economics/the-311-billion-brexit-bill-a-stark-reminder-of-how-much-leaving-the-eu-will-cost-the-uk-by-2035-382851/>>
- Peat, Jack. 2024(b). Brexit red tape causes UK-EU goods trade to slump – and the problem is getting worse. *The London Economic*, 17 September 2024. <<https://www.thelondoneconomic.com/business-economics/brexit-red-tape-causes-uk-eu-goods-trade-to-slump-and-the-problem-is-getting-worse-382902/>>
- Portes, Jonathan. 2023. The impact of Brexit on the UK economy: Reviewing the evidence. *VoxEU*, 7 Jul 2023. <<https://cepr.org/voxeu/columns/impact-brexit-uk-economy-reviewing-evidence#:~:text=Two-thirds%20of%20the%20British%20public%20think>>
- Rankin, Jennifer. 2024. Germany and France call for Europe-wide deal with UK on migration. *The Guardian*, 24 September 2024. <https://www.theguardian.com/uk-news/2024/sep/24/germany-and-france-call-for-europe-wide-deal-with-uk-on-migration?utm_term=66f41ae566ba13ce9e387461580f0f4b&utm_campaign=ThisIsEurope&utm_source=esp&utm_medium=Email&CMP=thisiseurope_email>
- Sampson, Thomas. 2017. Brexit: The Economics of International Disintegration. *Journal of Economic Perspectives*. 31(4) 163-184. <<https://doi.org/10.1257/jep.31.4.163> doi=10.1257/jep.31.4.163>
- Savage, Michael. 2024. Keir Starmer now less popular than Rishi Sunak, poll suggests. *The Guardian*, 21 September 2024. <<https://www.theguardian.com/politics/2024/sep/21/honeymoon-over-keir-starmer-now-less-popular-than-rishi-sunak>>
- Saeidabadi, Mohammad & Mohammadpour, Sam. 2020. Brexit and the English School of International Relations: A Theoretical Study. *Journal of World Sociopolitical Studies*, 4(2), 213-240. <https://www.researchgate.net/publication/363405443_Brexit_and_the_English_School_of_International_Relations_A_Theoretical_Study> DOI: 10.22059/WSPS.2021.318224.1196
- Simpson, Jack & Giuffrida, Angela. 2024. EU plant exporters turning backs on UK over post-Brexit border checks, says trade group. *The Guardian*, 24 September 2024. <https://www.theguardian.com/business/2024/sep/24/eu-plant-exporters-turning-backs-on-uk-over-painful-border-checks-says-trade-group?utm_term=66f41ae566ba13ce9e387461580f0f4b&utm_campaign=ThisIsEurope&utm_source=esp&utm_medium=Email&CMP=thisiseurope_email>
- Singh, Arj & Gye, Hugo. 2024. EU fears own goal on youth mobility as Starmer pushes for softer Brexit, *I/News*. 5 October 2024. <<https://inews.co.uk/news/politics/eu-fears-own-goal-on-youth-mobility-keir-starmer-softer-brexit-3309319>>
- Singh, Arj; Chaplain, Chloe & Elliott, Francis. 2024. Brexit is back with a bang at Labour conference, but who will blink first? *Inews*, 25 September 2024. <<https://inews.co.uk/news/politics/brexit-back-bang-labour-conference-who-blink-first-3292750>>
- Sloan, Geoffrey. 2020. The Geo-politics of Post-Brexit Britain. Foreign Policy Research Institute. 21 June 2020. <<https://www.fpri.org/article/2020/06/the-geopolitics-of-post-brexit-britain/>>
- Southwood, Ben. 2024. Why Britain has stagnated. *Foundations*, 21 September 2024. <<https://www.bensouthwood.co.uk/p/foundations-why-britain-has-stagnated>>
- Springford, John. 2024. Brexit, four years on: Answers to two trade paradoxes. *Insight: Centre for European Reform*, 25 January 2024. <https://www.cer.eu/sites/default/files/insight_JS_brexit-trade_25.1.24.pdf>
- Stacey, Kiran & O'Carroll, Lisa. 2024. EU to offer new youth mobility scheme in test of Labour 'reset' with Brussels, *The Guardian*, 20 September 2024. <<https://www.theguardian.com/world/2024/sep/20/eu-youth-mobility-proposal-uk>>

- Stone, John. 2024. Brussels questions whether Starmer really wants a Brexit reset. *Politico*, 12 September 2024. <https://www.politico.eu/article/keir-starmer-european-union-brexit-relationship-reset/?utm_source=email&utm_medium=alert&utm_campaign=Brussels%20questions%20whether%20Starmer%20really%20wants%20a%20Brexit%20reset>
- Von Ondarza, Nicolai. 2024. The UK and the EU: New Opportunities, Old Obstacles. *Stiftung Wissenschaft und Politik*, 5 Julie 2024. <<https://www.swp-berlin.org/10.18449/2024C27/>>
- Webb, Dominic & Ward, Matthew. 2024. Statistics on UK trade with the EU. *Research Briefing: House of Commons Library*, 23 August 2024, p. 5. <<https://researchbriefings.files.parliament.uk/documents/CBP-7851/CBP-7851.pdf>>
- Williams, Zoe. 2024. It's clearer than ever that Brexit has failed – let's not inflict its miseries on young people, *The Guardian*, 23 April 2024. <<https://www.theguardian.com/commentisfree/2024/apr/23/brexit-failed-inflict-miseries-young-eu>>
- Wojcik, Magda. 2024. Importance of literature review. *MW Editing*, 11 December 2024. <<https://www.mwediting.com/importance-of-literature-review/>>

Ander bronne

- Cambridge Econometrics Report*. 2024. London's Economy After Brexit: Impacts and Implications. January 2024. <<https://www.camecon.com/what/our-work/londons-economy-after-brexit-impact-and-implications>>
- Ditch the 'mood music' at the UK-EU reset, Starmer, and put musicians top of the bill. *The Canary*, 30 September 2024. <<https://www.thecanary.co/opinion/2024/09/30/thank-eu-for-the-music-starmer/>>
- Mayor highlights Brexit damage to London economy. 11 January 2024. <<https://www.london.gov.uk/new-report-reveals-uk-economy-almost-ps140billion-smaller-because-brexit>>
- Opinion. 2024. Starmer's Challenges With Economic Diplomacy And Brexit, *The Pinnacle Gazette*, 3 October 2024. <<https://evrimagaci.org/tpg/starmers-challenges-with-economic-diplomacy-and-brexit-43109>>
- Post-brexit veterinary failures cost UK meat millions. *SouthWest Farmer*, 19 September 2024. <<https://www.southwestfarmer.co.uk/news/24592127.post-brexit-veterinary-failures-cost-uk-meat-millions/>>
- Report by the European Central Bank. 2023. Impact of Brexit on the international role of the euro. June 2023. <https://www.ecb.europa.eu/press/other-publications/ire/focus/html/ecb.irebox202306_04~f43cab6f30.en.html>
- The Observer: Editorial. 2024. View on the UK economy: Labour is holding back when it should be bold. *The Observer*, 15 September 2024. <<https://www.theguardian.com/commentisfree/2024/sep/15/the-observer-view-on-the-uk-economy-labour-is-holding-back-when-it-should-be-bold>>
- The UK is poorer without Erasmus – it's time to rejoin the European exchange programme, *The Conversation*, 19 April 2024. <<https://theconversation.com/the-uk-is-poorer-without-erasmus-its-time-to-rejoin-the-european-exchange-programme-227498>>
- UK's Debt Hits 100% of GDP. How did a once-strong economy fall into such deep debt? Will the UK bounce back from its worst debt crisis in over 60 years? *Inventiva*, 25 September 2024. <<https://www.inventiva.co.in/trends/uks-debt-hits-100-of-gdp-how-did-a-once-strong-economy-fall-into-such-deep-debt-will-the-uk-bounce-back-from-its-worst-debt-crisis-in-over-60-years/>>
- 43% of new construction companies failed in last five years, *PBC Today*, 16 September 2024. <<https://www.pbctoday.co.uk/news/hr-skills-news/43-new-construction-companies-failed-last-five-years/143722/>>

'n Nuwe geopolitieke landskap: Die EU en die VK ná Brexit

Reflection on Brexit: The EU and the UK after Brexit

RIAAN EKSTEEN

Navorsingsgenoot

Departement Politieke Studie en Regeerkunde

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Suid-Afrika

E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

RIAAN EKSTEEN was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964–67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofsak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973–76) en van Beplanning (1981–1983). Hy dien vanaf 1968–1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur by die VN in New York (1976–1981); Namibië (1990–1991); VN in Genève (1992–1995) en Turkye, insluitende Azerbaidjan, Kirgistan, Oesbekistan en Turkmenistan. Hierdie laaste aanstelling is deur Pres. Mandela gedoen. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uit-saaikorporasie (SAUK) van 1983 tot 1988. Hy is die outeur van *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* en was besoekende dosent aan die Tashkent State University of Law, Uzbekistan. Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vanaf Junie 2022. Sy memoirs, *Beyond Diplomacy*, is in Oktober 2022 gepubliseer.

RIAAN EKSTEEN was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964–67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973–1976) and Head of Planning (1981–1983). In addition, from 1968–1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC; subsequently, he was Ambassador for 12 years at the U.N. New York (1976–1981); Namibia (1990–1991); U.N. Geneva (1992–1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kyrgyzstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995–1997). The assignment to Turkey was done by Pres. Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation (1983–1988). He is the author of *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* and was visiting scholar at the Tashkent State University of Law, Uzbekistan. He is a member of the South African Academy for Science and Arts since June 2022. His memoirs, *Beyond Diplomacy*, was published in October 2022.

Datums:

Ontvang: 2024-12-29

Goedgekeur: 2025-07-23

Gepubliseer: September 2025

Reflection on Brexit: The EU and the UK after Brexit

Brexit prompted a reassessment of the role of the United Kingdom (UK) in international trade and diplomacy. The European Court of Justice (ECJ) is integral to the European Union's (EU) legislative structure and its authority is a problematic aspect of the relationship between the EU and the UK, especially regarding the implementation of effective dispute resolution processes in the post-Brexit context. The Court's role in interpreting EU legislation and adjudicating disputes among member states highlights the intricacies of the newly established relationship between the UK and the EU. Brexit has become a crucial juncture in European politics, exposing the difficulties of political transition and regional integration. As the UK and the EU adjust to this new reality, they must redefine their cooperation, which has substantial ramifications for trade. Brexit resulted in a significant reduction in UK exports and imports, thereby weakening the EU's former economic clout in global trade discussions, taking into account the fact that the UK used to be among the world's greatest economies. Taking into consideration these issues Sir Keir Starmer, Labour Party leader and Prime Minister since July 2024, has commenced with the process of resetting the UK's relationship with Europe. His diplomatic excursions to pivotal European capitals sought to cultivate a novel strategy for negotiations with Europe. These visits have, however, heightened suspicions in Brussels that London may be attempting to circumvent the EU by engaging directly with national capitals, a longstanding issue for the EU when interacting with British politicians. Brexit has had an impact on party dynamics, public opinion, and policy discourse concerning Europe. From the point of view of the EU, Brexit has spurred modifications in its foreign policy, especially with regard to security collaboration and trade partnerships. The ensuing geopolitical situation required both the EU and the UK to adjust their existing positions. The UK's global diplomatic interactions were profoundly influenced by Brexit, and its new diplomatic and economic approaches will dictate its foreign policy and international relations for the foreseeable future. In addition, the UK's pursuit of increased worldwide influence via new trade deals and security alliances has weakened the global status of the EU, especially with regard to defence cooperation. The UK being the EU's principal military power has left a significant gap in the EU's defence capabilities. The EU is now obliged to confront the issue of enhancing defence cooperation among the remaining 27 member states to offset the UK's exit from collective security agreements. The UK will maintain its engagement with the North Atlantic Treaty Organisation (NATO), while it is anticipated that the EU will be required to intensify its cooperation with NATO to mitigate the security voids resulting from Brexit. This transition enables the UK to investigate other security frameworks, emphasising bilateral agreements instead of depending exclusively on EU collaboration. The political consequences of Brexit have influenced the EU's internal dynamics, as the UK's departure has shifted the balance of power among member states which may prioritise their divergent interests, thereby potentially obstructing future attempts at integration. The EU's strategic autonomy in addressing intricate global challenges will hinge on its capacity to unify member states and formulate cohesive policies that reflect its core ideals of democracy and collaboration. Furthermore, Brexit significantly altered the political framework of the EU by influencing the relationships among member states and the administration of the Union. The EU remains engaged with the UK to uphold unity and foster cooperation when interests converge, although the post-Brexit environment presents a complex and uncertain global scenario. The EU's efficacy in addressing these difficulties will be vital as it endeavours to adjust to a new geopolitical landscape while preserving its fundamental principles. In essence, Brexit has generated a complex and dynamic political landscape affecting both the UK and the EU. As

both sides endeavour to rebuild their relationship, the enduring consequences of Brexit will persist in developing and influencing the future of the EU and UK politics and international relations. The primary impact of Brexit is economic disruption, political instability, legal ambiguities, and substantial alterations to individual rights. The long-term consequences are still emerging, accompanied by continuous discussions regarding the UK's future relationship with the EU and the wider ramifications for European unity.

KEYWORDS: Brexit; customs union; defence; European Court of Justice; European Union; NATO; security; single market; United Kingdom

TREFWOORDE: Brexit; doeane-unie; enkelmark; Europese Geregshof; Europese Unie; NAVO; veiligheid; verdediging; Verenigde Koninkryk

OPSOMMING

Gegewe die gevestigde rol wat die Europese Geregshof (EG) in die EU speel, sal dit ook 'n delikate politieke twispunt tussen die twee partye (die VK en EU) in hul post-Brexit-verhouding bly. Brexit kan beskou word as 'n belangrike keerpunt in Europese politiek, wat die ingewikkeldheid van politieke transformasie en streeksintegrasie beklemtoon. Die omvang daarvan is steeds besig om toe te neem namate nuwe vennootskapmodules gedefinieer word. Wat die VK probeer nastreef, is verbeterde en ambisieuse verhoudinge met verskillende Europese vennote. Omdat Brexit bepaalde veranderinge in die EU se buitelandse beleid tot gevolg gehad het, naamlik op die gebied van veiligheidsamewerking en handelsbetrekkinge, het dit gevolglik meer en meer 'n onderwerp rakende buitelandse aangeleenthede en veiligheidsbeleid geword. In reaksie hierop het lidstate die verbetering en konsolidasie van hul verdedigingsamewerking begin prioritiseer en is die EU se wêreldwye invloed onteenseglik deur Brexit verminder. Die gebrek aan die VK se invloed kan pogings tot verdere integrasie tussen die oorblywende lidstate belemmer, aangesien individuele state botsende belange begin nastreef. Alhoewel die EU op 'n positiewe wyse met die VK skakel om eenheid en onafhanklikheid te beveilig en samewerking te soek wanneer doelwitte ooreenstem, moet daar ook 'n ingewikkelde en onseker globale situasie ná Brexit hanteer word. So sal beide noodwendig kreatief moet aanpas by hul onderskeie, en moontlik gesamentlike, nuwe posisies binne 'n veranderde en uitgebreide geopolitieke landskap.

Inleiding

In hierdie artikel word eerstens gefokus op die onmiskenbare en deurslaggewende rol van die Europese Geregshof met betrekking tot die geopolitieke situasie ná Brexit. Wanneer hierdie nagevolge van Brexit bespreek word, is dit ook belangrik om die aspekte te dek wat verband hou met die pogings van die VK om toenaading tot die EU op verskeie vlakke van samewerking te verkry, asook hoe Brexit die EU as instelling met sy eie buitelandse betrekkinge beïnvloed.

Vir meer as 60 jaar het hierdie Hof sy jurisdiksiebevoegdheid aansienlik uitgebrei buite sy aanvanklik beperkte ruimte. Hierdie invloedryke instelling het al hoe meer betrokke geraak by sake wat met internasionale betrekkinge verband hou. Die Verdrag van Lissabon¹ was 'n

¹ Die Verdrag van Lissabon wat op 1 Desember 2009 in werking getree het, het die institusionele en regstruktuur van die EU omvattend hervorm. Dit het nie net die wyse verander waarop die EU bestuur word nie, maar het ook meer mag aan die EG verleen om EU-wetgewing te interpreteer, toe te pas en om te verseker dat fundamentele regte gerespekteer word.

deurslaggewende mylpaal in die proses van Europese integrasie en die EU se diplomatieke interaksies met ander lande. Regdeur sy bestaan het die EG 'n beduidende rol gespeel in die noemenswaardige vooruitgang van die EU se geskiedenis. Dit het grootliks gehelp om die integrasie van die EU te bevorder, wat op sy beurt tot vrede en voorspoed in Europa gelei het met 'n ongeëwenaarde vlak van samewerking oor gedeelde belange in 'n vinnig ontwikkelende wêreld. Die EU is baie verskuldig aan die EG vir die beduidende bydrae tot die vorming van beleid en besluite, ook op die gebied van buitelandse aangeleenthede.² Die EG se uitsprake dra saakmakende invloed en is verantwoordelik vir die beveiliging van en toesig oor alle verdrae van die EU. Verder word wetgewing wat die Europese Parlement (EP), wat in Straatsburg gesetel is, aanvaar deur die EG geïnterpreteer en afgedwing. Sodoende stel die EG riglyne vas wat vir die EU en alle lidstate geld om te verseker dat hulle aan die vereistes van internasionale reg voldoen. Hierdie werklikhede versterk die belangrikheid van die EG in die politieke en regs-geskiedenis van die EU en het onteenseglik die prominensie van die EG verhoog.³ Hierdie verpligting het die VK teen die bors gestuit. Die invloed van interne gebeure op buitelandse beleid is selde so duidelik geïllustreer as in die geval van die VK se politieke verskille met die EU wat in buitelandse beleidstandpunte oor Brexit tot uiting gekom het. Vir die VK het die EG 'n ondraaglike onderwerp geword. In so 'n mate dat die EG tydens die referendum oor Brexit in Junie 2016 'n beduidende rol gespeel het in die propagandaveldtog van die anti-EU-beweging. Daarna het die destydse Eerste Minister, Theresa May, 'n onwrikbare standpunt ingeneem dat die VK onder die jurisdiksie van die EG moet uitkom sodat Britse howe hul eie soewereiniteit kon terugkry. Sy het verkondig dat die EG Britse soewereiniteit en regsgesag ondermyn. In die Brexit-onderhandelinge tussen die EU en die VK was dit dus geensins verbasend dat die EG 'n vername twisappel was nie. Die EG se betrokkenheid was onlosmakend deel van die oplossing en vir die EU 'n gegewe en ononderhandelbaar. Daarenteen wou die VK te alle tye net wegkom van die EG se jurisdiksie:

The Government has promised to end the direct jurisdiction of the European Court of Justice (ECJ) after Brexit. However, the role of the court remains a live issue in negotiations.⁴

In 'n publikasie het die Institute for Government in die VK geredeneer dat

... the UK cannot escape the ECJ entirely and should not try to. ... When the European Commission says that any dispute resolution mechanism (DRM) must respect the “legal autonomy” of the EU, it is stating a legal constraint, not a political objective.⁵

Die sentrale rol van die Europese Geregshof

Die kardinale punt in verband met die EG waarmee die VK rekening moet hou ten opsigte van enige verbintenis met die EU is die feit dat die EG die wette en regulasies interpreteer wat op die enkelmark en die doeane-unie van toepassing is en konflikte oplos wat as gevolg daarvan ontstaan sodat alle rolspelers van regverdige mededinging verseker is. Hiermee word die vryhede wat sentraal tot die EU staan onder lidstate onderling beskerm en afgedwing.⁶

² Eksteen (2019b).

³ Eksteen (2020b).

⁴ Who's afraid of the ECJ? (2017).

⁵ Hogarth (2017:2).

⁶ European Commission (2024).

Gevolgtlik speel die EG 'n beduidende rol met betrekking tot beide politieke en ekonomiese kwessies wat die EU en sy lede raak. So het die EG 'n noemenswaardige rol in Europese integrasie gespeel, wat ekonomiese samewerking en uitbreiding bevorder terwyl dit aansienlike voordele aan beide verbruikers en ondernemings bied. Dit verbeter die daaglikse lewe, bevorder ontwikkeling en versnel kreatiwiteit. Met die gevestigde rol wat die EG in die EU speel, sal dit ook 'n delikate politieke twispunt tussen die EU en die VK in hul post-Brexit-verhouding bly.

Outside the Single Market, the United Kingdom would not be bound by European Union economic regulation nor subject to the jurisdiction of European courts and would be free to restrict immigration from the EU.⁷

Die enkelmark sal aanhou om 'n deurslaggewende uitwerking op die vorming van die toekomstige ekonomiese omgewing van die EU te hê. Ná die Brexit-proses het die VK die enkelmark amptelik op 31 Desember 2020 verlaat.

Die EU het telkens, wanneer die EG en die regspraktyke in die EU ter sprake gekom het,⁸ ongekende eenheid oor die vraagstuk van Brexit getoon.⁹ Dalk kan die VK se standpunt oor soewereiniteit aan die hand van die volgende siening verklaar word:

The U.K.'s particularly strong aversion to the ECJ – particularly when compared to other EU countries – could stem from the fact that the U.K. operates under a common law system and most other EU countries have civil law systems, according to Holger Hestermeyer, an expert in international dispute resolution at King's College London. While some countries have a codified law, British law has been developed by judges in court, applying statute, precedent and case-by-case reasoning.¹⁰

Die argument wat Baudenbauer aanvoer, is nie oortuigend nie, want die EG sal dan daarvolgens altyd gesien word as “the court of the other party”.

In the UK, the ECJ had been called a foreign court in the Brexit debate. ... The decisive factor is whether a court is neutral. If a state belongs to an international organisation, the international court in question is neutral towards that state. This applies to the ICJ, for example, regardless of whether a state provides a judge or not. The ECJ, on the other hand, is not neutral for post-Brexit Britain. ... it is the court of the other party and thus not impartial.¹¹

Dit is duidelik dat die EG se taak is om dit wat die EU tot stand gebring het, ferm te beskerm. Die VK se pogings om met Brexit en enige toekomstige verbintenisse met die EU daarna te rasionaliseer, het bloot tot verdeeldheid gelei – voor en na Brexit. Gevolgtlik sal dit vir die VK nodig wees om die gesag en die jurisdiksie van die EG te erken om weer lidmaatskap van die EU te kan verkry of om individuele ooreenkomste oor bepaalde onderwerpe met die EU te sluit.

So sal die VK se verhouding met die EU gekenmerk word deur onsekerheid in terme van regsangeleenthede, moontlike struikelblokke vir handel en 'n tekortkoming in stelsels vir die

⁷ Sampson (2017:166).

⁸ Eksteen (2019c).

⁹ Eksteen (2019c).

¹⁰ Dickson & Ariès (2017).

¹¹ Baudenbacher (2021).

oplossing van geskille. Hierdie moontlikhede het die potensiaal om spanning te laat toeneem en komplikasies te skep vir die VK se poging om weer in die raamwerk van die EU opgeneem en daarin geïntegreer te word. Die vooruitsig vir die VK om weer by die EU in watter vorm ook al toegang te vind terwyl onafhanklikheid van die EG behoue bly, is 'n veelsydige aangeleentheid wat baie wetlike, politieke en ekonomiese faktore behels. So was daar die Noord-Ierland-protokol wat onderteken is met die Brexit-skeidingsooreenkomste tussen die VK en die EU om spesifieke regulasies van die EU in Noord-Ierland te handhaaf om ná Brexit handel te vergemaklik en die vestiging van 'n fisiese grens met die Republiek van Ierland te voorkom. Die protokol vereis dat Noord-Ierland aan sommige regulasies van die EU moet voldoen veral oor die vervoer van goedere ten einde toegang tot die EU se enkelmark te behou. Die uiteindelige gesag is aan die EG toevertrou om konflikte oor reëls van die EU wat op Noord-Ierland van toepassing is, te hanteer en te interpreteer. Dit beteken dat die EG die mag het om te bepaal of die VK sy verantwoordelikhede ingevolge die protokol nakom. Die VK wou die jurisdiksie van die EG ten alle koste vermy of baie beperk, veral met betrekking tot die protokol en het daarom verskeie alternatiewe bestuursmetodes voorgestel, soos internasionale arbitrasie, as 'n moontlike metode om konflikte op te los in plaas daarvan om die EG te betrek. Die VK wou ook die toesig van die EG met dié van 'n internasionale arbitrasieliggaam vervang, maar uiteindelik het die EU se standpunt oor die EG geseëvier. Gevolglik speel die EG 'n deurslaggewende rol in die Noord-Ierland-protokol, wat beide die praktiese implementering van die protokol en die algehele dinamika van die verhouding tussen die VK en die EU beïnvloed, insluitende enige toekomstige beraadslagings oor die VK se toenadering tot die EU.

Die EU sal die vereiste van die EG se jurisdiksie sterk bly handhaaf as 'n voorvereiste vir die VK se toekomstige verbintenis met die EU. As die VK hierdie kriterium sou probeer omseil, sal dit waarskynlik 'n dooie punt in onderhandelinge tot gevolg hê en miskien aansienlike beperkings meebring vir die VK se vermoë om die voordele van noue betrokkenheid met die EU te geniet. Politieke spanning spruit onvermydelik voort uit die sensitiewe vraag oor die rol van die EG in feitlik enige verhouding tussen die VK en die EU.

Die jurisdiksie van die EG bly 'n deurslaggewende determinant wat die VK se ekonomiese gesprekke met die EU aanhoudend sal beïnvloed. Alhoewel daar al beraadslagings was oor alternatiewe metodes om geskille te besleg, soos arbitrasie of ander geregtelike liggame, is dit belangrik om daarop te let dat dit nie die EG se funksie in die interpretasie van EU-wetgewing sal vervang nie. Daarom, as 'n voorvereiste, moet elke staat wat 'n lid van die EU wil word of assosiasie met die EU wil bekom die gesag van die EG erken.

The Court of Justice of the EU (CJEU) interprets EU law. Although the UK has left the EU the CJEU will continue to have jurisdiction over some matters affecting the UK during the transition period, and beyond. ... Under the Withdrawal Agreement that led to the UK's final withdrawal from the EU, the ECJ will no longer have general jurisdiction over the UK about any acts that take place on or after 1 January 2021. The Political Declaration agreed by the UK and the EU, only makes clear that insofar as the "future relationship" contains concepts of EU law, disputes about those concepts will have to be referred to the Court. Thus, only the ECJ can offer a binding interpretation of EU law.¹²

Hierdie vereiste om aan EU-wetgewing te voldoen, die aandrang op toesig van die EG vir doeltreffende oplossing van konflikte, en die VK se aandrang om soewereiniteit terug te kry

¹² De Mars (2020).

en te behou, veroorsaak 'n ingewikkelde wisselwerking wat die vorming van wedersyds voordelige handelsooreenkomste kan belemmer. In enige toekomstige onderhandelinge sal dit van kardinale belang wees om 'n oplossing te bereik wat beide die EU se juridiese raamwerk en die VK se soewereiniteit handhaaf om 'n stewige grondslag vir toekomstige verwantskappe te vestig. Dat die EG steeds 'n beduidende bron van meningsverskil in die verhouding tussen die VK en die EU sal wees, is gewis. Gevolglik skoei die VK sy toenadering tot Europa op die lees dat nuwe ooreenkomste en verbintenisse vry moet wees van enige rol of betrokkenheid van die EG. Dit is egter te betwyfel of die VK van alle juridiese oorsig in enige toekomstige ooreenkoms met die EU of individuele lidstate sal kan ontsnap.

Regsprosesse en strategieë om konflik en meningsverskille op te los in verdrae en internasionale ooreenkomste

Alhoewel nie alle internasionale handelsooreenkomste of verdrae regsprosedures en metodes bevat om geskille op te los nie, is daar 'n aansienlike aantal, veral dié wat meer omvattend is of aansienlike ekonomiese implikasies behels, wat wel sulke prosedures en metodes insluit. Onlangse neigings dui op 'n toenemende erkenning van die belangrikheid van geskilbeslegting in internasionale handelsooreenkomste. In die lig van die toenemende kompleksiteit van globale handel word dit algemeen erken dat duidelike regsprosedures van kardinale belang is vir die behoud van kommersiële verhoudings en die versekering dat aan regsverpligtinge voldoen sal word. Beslegtingsprosesse om geskille op te los, speel 'n deurslaggewende rol in die handhawing van die oppergesag van die reg in die EU en die waarborg dat ooreenkomste nagekom sal word. Hulle bied 'n sistematiese metode om meningsverskille op te los, wat noodsaaklik is vir die bevordering van samewerking tussen lidlande en met buitelandse vennote. Die doeltreffendheid van hierdie prosedures kan 'n wesenlike invloed hê op handelsbetrekkinge, beleggingsekuriteit en algemene ekonomiese stabiliteit binne die raamwerk van die EU.

Ooreenkomste en verdrae wat die EU aangaan, bevat toenemend bepalinge oor regsprosedures en metodes vir die oplossing van dispute wat van kardinale belang is om nakoming te waarborg en enige probleme te bestuur. Die EG vervul 'n deurslaggewende funksie in die interpretasie van Europese wetgewing en die oplossing van geskille waarby instellings of lidstate betrokke is. Die EG evalueer die versoening van internasionale ooreenkomste met EU-wetgewing, veral die prosesse vir die oplossing van geskille. Die EG het reeds bepaal dat spesifieke elemente in bilaterale beleggingsverdrae nie versoenbaar is met EU-wetgewing nie en hiermee is die onafhanklikheid van die EU se regstelsel beklemtoon. Die EU het wel ook al arbitrasieprosesse in verskeie handels- en beleggingsooreenkomste geïntegreer. Hierdie prosedures stel partye in staat om kwessies buite konvensionele regstelsels te besleg, wat groter buigsaamheid en vinnige oplossings bied. Die Omvattende Ekonomiese en Handelsooreenkoms (CETA)¹³ tussen die EU en Kanada is 'n voorbeeld van so 'n ooreenkoms wat 'n nuwe beleggingsregime insluit wat spesifiek geskep is om konflikte tussen beleggers en state te bestuur.

Binne die raamwerk van Brexit-onderhandelinge is verskeie modelle vir die oplossing van geskille voorgestel wat beide politieke en kwasi-regsbenederings ingesluit het. Die VK het 'n voorkeur gehad vir metodes wat sy soewereiniteit sou handhaaf, terwyl die EU daarop aangedring het om toesig deur die EG te behou met die klem op die uitdaginge om doeltreffende

¹³ The Comprehensive Economic and Trade Agreement (CETA) between the European Union and Canada. (2017).

post-Brexit-geskilbeslegtingsreëlings te skep. 'n Belangrike ontwikkeling op die gebied van internasionale reg in die afgelope dekades was die toename in internasionale howe en ander metodes om internasionale geskille te besleg. Die EU pleit vir die inlywing van dispuutbeslegtingsbepalings in handels- en beleggingsverdrae en het al 'n voorstel vir die skepping van 'n multilaterale beleggingshof voorgelê. In onlangse jare het die EU 'n versigtiger standpunt ingeneem wanneer dit kom by die oplossing van internasionale geskille. Odermatt ondersoek verskeie strategieë om hierdie oorsake van konflik doeltreffend op te los en die EG in staat te stel om vreedsaam met ander internasionale tribunale saam te werk.¹⁴

Die VK se nuwe toenadering tot Europa

Vanweë die VK se geografiese posisie en sy diepgaande integrasie in kontinentale handels- en veiligheidsnetwerke het die land nie sy status as 'n beduidende Europese moondheid prysgegee toe die EU verlaat is nie. Daardie status het wel 'n knou gekry, maar het nie verdwyn nie. Die samevloei van faktore, soos Brexit en Johnson se “Global Britain” intern met ekonomiese en veiligheidsoorwegings ekstern, verduidelik waarom die VK, netsoos ander Europese moondhede, dit noodsaaklik gevind het om meer proaktiewe strategiese beleidsrigtings te volg wat ook op ander wêrelddele fokus.

Brexit did bring about a seismic shift in how Britain reconceived of its place in the world under the political mantra of ‘Global Britain’ – presupposing that, liberated from the institutional fetters of the EU, the country could stake out a more independent role across the globe.¹⁵

Die mate waarin Starmer dit sal oorweeg om hierdie taktiek te volg, is onseker. Die leuse “Global Britain” is reeds diskreet uit amptelike besprekings verwyder. Boonop sal die herstel met Europa en die konflik in die Oekraïne 'n beduidende deel van sy tyd en regeringshulpbronne noodsaak en uitput. Op 24 Julie 2024, kort nadat hy Eerste Minister geword het, het hy in 'n verklaring met die titel “Machinery of Government” gemeld dat sy kabinetskantoor, in plaas van die Departement van Buitelandse Sake,¹⁶ voortaan verantwoordelik sal wees vir die bestuur van die VK se verhouding met die EU, insluitende medevoorsitterskap van ministeriële strukture, soos uiteengesit in die VK se verdrae met die EU.¹⁷ Met hierdie herorganisasie is sy doelwit om die agenda vir EU-verhoudinge te bepaal en toesig oor die huidige vennootskap te behou sodat interdepartementele pogings hierdie vennootskap oor die lang termyn kan verbeter. Die Departement van Buitelandse Sake sal die verantwoordelikheid behou vir die bestuur van bilaterale verhoudinge en die formulering van strategiese benaderings tot Europa deur gebruik te maak van die departement se diplomatieke kundigheid. Saam met hierdie besluit oor herstrukturering van die benadering tot EU-verhoudinge, is ook aangekondig dat daar nie 'n gespesialiseerde komitee in die Laerhuis gevestig sal word om aandag te skenk aan die komplekse uitdagings rondom die administrasie van die VK se verhouding met die EU nie. Hierdie besluit het spoedig kritiek uitgelok. Rutter en White voer aan dat die VK se assosiasie met die EU steeds betekenisvol bly om verskeie binnelandse en buitelandse

¹⁴ Odermatt (2022).

¹⁵ Wilkins (2024).

¹⁶ <<https://www.theyworkforyou.com/wms/?id=2024-07-24.hcws19.h>>

¹⁷ <<https://www.theyworkforyou.com/wms/?id=2024-07-24.hcws19.h>>

beleidsake te beïnvloed, veral met die oog op die regering se standpunt dat die hervestiging van die verbinding met die EU een van sy hoofdoelwitte is.

What is needed instead is a new committee which can look both at the UK's implementation of existing agreements, but also examine the government's overall management of the relationship and its approach to setting future direction. ... The best option would be for the government to ... establish an EU Relations Committee. ... Arguably now, in the context of the government's growth mission, scrutiny of the relationship and the bilateral trade deals necessitated by the UK's departure, scrutiny is more important than ever. The government should learn from history and ensure that there are specific mechanisms for parliamentarians to engage with this priority.¹⁸

Tydens die veldtog voor die verkiesing in Julie 2024 het die Arbeiders beklemtoon dat wanneer hulle die verkiesing wen die VK nie weer toetred as lid van die EU sal voorstaan nie, selfs nie eens deelname aan die doeane-unie of die enkelmark nie. Wat wel nagestreef sal word, is 'n verbeterde en ambisieuse verhouding met verskillende Europese vennote. Een van die eerste prioriteite is om sommige hindernisse wat handel tussen die VK en die EU benadeel te takel. 'n Volgende doelwit sal wees om 'n veiligheidssooreenkoms met die EU te sluit.

This could turn out to be of great significance, given the situation in Ukraine. ... It would include security in the widest sense – not just military co-operation but sanctions, cybersecurity, counterterrorism, fighting traffickers, combating climate change and more.¹⁹

Starmer se besoeke aan Berlyn, Parys en Dublin binne tien weke ná die aanvang van sy premierskap was bedoel om die nuwe benadering tot Brexit te propageer, naamlik een wat deurslaggewende vooruitgang in sy pogings beklemtoon om die VK se verhouding met Europa te herkalibreer en sy benadering tot Europa te herskep. Eerstens, het hy gekonsentreer op die formulering van 'n ambisieuse verdrag tussen die VK en Duitsland as 'n komponent van hierdie oorkoepelende agenda. Sy onderhandelinge het die belangrikheid van samewerking beklemtoon, terwyl die integriteit van Brexit gehandhaaf word en die gevolgtrekkings daarvan eerbiedig word. Hierdie strategie het ten doel om verhoudinge te verbeter en samewerking oor kritieke sake aan te moedig sonder om die besluite wat deur die Brexit-proses vasgestel is, omver te werp. Hy is klaarblyklik oortuig daarvan dat die totstandkoming van 'n robuuste VK-Duitsland-verdrag instrumenteel sal wees in hierdie herstel waardeur beoog word om verskeie belangrike doelwitte te bereik: 'n sterk verdrag met Duitsland daar te stel; samewerking oor handel en veiligheid aan te vul; 'n gunstige persepsie van die VK in Europa te bevorder; kommer oor die reperkussies van Brexit te versag; en die implikasies van 'n VK-Duitsland-verdrag te begryp. Hierdie verdrag hou aansienlike gevolge vir beide lande in. Dit kan lei tot verbeterde kommersiële vooruitsigte, versterkte diplomatieke betrekkinge, samewerking oor klimaatsverandering, en gekoördineerde pogings in tegnologie en innovasie. In sy visie vir 'n samewerkende toekoms met Europa, beklemtoon Starmer dat sy voorstelle nie die omkeer van Brexit behels nie maar dat hy eerder streef na 'n samewerkende toekoms wat die verlede eer, terwyl die toekoms wink. Hierdie benadering behels die vestiging van bande gegrond op wedersydse belange; samewerking met Europese leiers oor gemeenskaplike uitdagings; en die bevordering van dialoog om ekonomiese kwessies aan te pak.

¹⁸ Rutter & White (2024).

¹⁹ Corbett.

Sy besoek aan Parys het ook toenemende navrae oor Starmer se Brexit-herkalibrering beklemtoon, maar het nie dieselfde impak gehad as sy besoek aan Berlyn en die daaropvolgende een aan Dublin nie. Later word die afsonderlike besoeke bespreek wat Macron en Friedrich Merz (Duitsland se nuwe Bondskanselier van Mei 2025 af) aan Londen in Julie 2025 gebring het om elk 'n verdrag met die VK te sluit.

Sy Ierse bestemming was om sy verbintenis na te kom om die VK se betrekkinge met Europa te herkalibreer. Hy was die eerste VK Eerste Minister wat Dublin in vyf jaar besoek het. Sy Ierse eweknie het hom daartoe verbind om 'n nuwe trajek vir VK-Ierse-betrekkinge te vestig. Die twee leiers het onderneem om jaarliks beraad te hou wat op handel en samewerking sal fokus. In 'n gesamentlike opinie in die *Irish Times* het hulle hierdie verbintenis herhaal.

So, as new leaders, we are both putting the relationship between our two countries on a new path ... deepening our discussions and putting them on a regular footing. ... This moment represents a fundamental shift in our bilateral relationship. With the Brexit debates behind us, we're moving from friction back to friendship.²⁰

Starmer se strategie om met individuele leiers samesprekinge te voer, laat vrae in die geleedere van die EU ontstaan.

Even these visits themselves have raised suspicions in Brussels that London may be trying to find ways to work around the European Commission by going directly to national capitals, a perennial EU concern when dealing with British leaders.²¹

Die uitwerking van Brexit op die EU

Te midde van bepaalde verskuiwings in die wêreldwye politieke arena en aansienlike probleme met globale bestuur, het Brexit ook 'n beduidende invloed op die EU en internasionale orde gehad. Oor die afgelope paar jaar het die EU 'n afname in sy ekonomiese ontwikkeling en aansienlike transformasies in sy interne strukture ervaar. Aanvanklik was dit opmerklik dat die EU meer aangewese geraak het op internasionale handel, wat 42% van die algehele EU-uitvoere in die jaar 2019 uitmaak het.

The European integration proceeded steadily for decades in political, economic, and monetary fronts. It is a significant economic union that has created the third largest economy in the world after the USA and China. It has taken substantial political will to move it to the current level of integration.²²

Intern het Brexit gelei tot 'n afname in die mededingendheid van Europese ondernemings in die globale mark met 'n afname in buitelandse investering en 'n toename van ongelykheid en sosiale probleme binne Europa. Die EU se stadiger groeitempo het 'n beduidende uitwerking op globale handelspatrone gehad. Brexit het die EU se standpunt oor globale handelsooreenkomste op verskeie wyses ingrypend beïnvloed. Met die VK se uittrede is die EU se ekonomiese invloed in handelsonderhandelinge nadelig geraak, aangesien die VK een van die wêreld se grootste ekonomieë is. Die EU se aandeel aan globale BBP en handel het sodoende afgeneem,

²⁰ Starmer & Harris (2024).

²¹ *Ibid.*

²² Buigut & Kapar (2023).

wat sy invloed in handelsonderhandelinge dan ook verminder het. Gevolglik het die EU sy handelsfokus van die VK na ander belangrike ekonomieë verskuif. Die EU prioritiseer tans die vestiging van ooreenkomste met vinnig groeiende ekonomieë in Asië, Afrika en Latyns-Amerika ten einde die afwesigheid van die VK en sy invloed en kundigheid in onderhandelinge te minimeer. Talle state dring egter op gunstiger voorwaardes aan as wat die EU bereid is om te aanvaar en dit kompliseer die bedinging van wedersydse aanvaarding van standaarde en ooreenstemmings-beoordelings in sy handelsooreenkomste. Dit lei tot ingewikkeldhede in die EU se handelsagenda. Brexit het nie net die EU se aansien in wêreldhandel verminder en dit gedwing om sy doelwitte te verander nie, maar dit het ook die gevoel van anti-globalisasie in sekere streke van Europa versterk en voorstanders van proteksionisme aangemoedig. Daar heers kommer dat die EU 'n meer introspektiewe houding mag inneem en as gevolg daarvan minder entoesiasties teenoor vrye handel mag optree. Dit voeg 'n bykomende ingewikkelde aspek by tot die EU se handelsbesprekings en vergroot die ongelykheid wat in regulasies voorkom. Die EU is verplig om hierdie probleme te konfronteer aangesien dit nadelig mag wees vir die proses om 'n ambisieuse handelsagenda na te streef.²³

Wanneer ekonomiese en kommersiële interaksies bespreek word, is dit belangrik om die beginsels te onthou wat handelsdinamika beïnvloed. Die EU beklee steeds die posisie as die VK se belangrikste kommersiële vennoot. Omgekeerd is die VK die derde grootste handelsvennoot vir die EU, na die Verenigde State van Amerika (VSA) en China. Maar Brexit het onsekerheid vir globale handelsooreenkomste en alliansies tot gevolg gehad, wat weer 'n uitwerking op ekonomiese verbintenisse gehad het, nie net tussen die VK en die EU nie, maar ook met ander state. Die VK se uittrede uit handelsooreenkomste met die EU het nuwe besprekings vereis, wat moontlik handel met ontwikkelende lande kan bemoeilik en 'n beduidende invloed op internasionale handelsooreenkomste kan meebring. Die EU se vermoë om gesamentlik te onderhandel is geknou en sy invloed in globale handelsberaadslagings beïnvloed. Tans beoog die VK om sy eie handelsooreenkomste outonoom te vestig wat moontlik 'n meer gedentraliseerde benadering tot internasionale handelsbeleid tot gevolg mag hê. Met die bedinging van handelsooreenkomste met die VSA om die uitwerking van tariewe wat President Donald Trump vroeg in 2025 aangekondig het, het die VK die EU voorgespring en 'n ooreenkoms beding terwyl die EU ná maande nog nie een kon beding nie. Gevolglik verwag die EU nie dieselfde toegang tot markte in die VSA as wat vir Britse staal, motors en ander produkte toegestaan is nie.²⁴

Europa ná Brexit

Die politieke landskap in verskeie lidstate van die EU is aansienlik deur Brexit beïnvloed. Dit het weer tot veranderinge in partydinamika, openbare houding en beleidsgesprekke oor Europa gelei. Brexit het Euroskeptiese politieke groepe in verskeie lidstate versterk en 'n beduidende uitwerking op die binnelandse politiek van lidstate uitgeoefen, gepaardgaande met 'n oplewing in populistiese en nasionalistiese bewegings. Die uitslag van die verkiesing van lede van die EP in Junie 2024 het besprekings oor nasionale outonomie en die EU se rol ontketen, wat tot 'n oplewing van steun vir politieke partye gelei het. Stemme vir strenger immigrasieregulasies en vermindering in die EU se invloed word al hoe meer en luider gehoor. In lande soos Italië en Hongarye het Brexit 'n struktuur vir politieke bespreking gevestig wat die gesag van die

²³ *Ibid.*

²⁴ Bounds.

EU bevraagteken, aangesien politici die VK se onttrekking uitbuit om vir meer nasionale onafhanklikheid te pleit. Hiermee is die ideologiese ewewig binne instellings van die EU versteur. Die VK het 'n belangrike rol gespeel in die liberale faksie binne die Raad van die EU waar onbeperkte handel en uitbreiding voorgestaan word. Die afwesigheid van die VK verminder die mag van hierdie groep en versterk Duitsland se invloed, wat op sy beurt tot verhoogde spanning onder lidstate wat bekommerd is oor Duitse hegemonie lei. As gevolg van Brexit het 'n hertoewysing van setels in die EP gevolg wat die Europese Volksparty (EPP) en ander regsgesinde faksies bevoordeel het. Die teenwoordigheid van linksgesinde partye het verminder alhoewel hulle nog steeds 'n beduidende invloed uitoefen. So is 'n konserwatiewe blok gevorm.

Die gevolge van Brexit vir die toekoms van Europese integrasie is kompleks en behels verskeie aspekte soos die proses en tempo daarvan. Dit beïnvloed die politieke dinamika, ekonomiese bande en institusionele strukture binne die EU. Alhoewel Brexit nie 'n fundamentele krisis vir die EU veroorsaak het nie, het dit 'n beslissende uitwerking op die manier waarop Europese integrasie plaasvind. Dit beteken dat politieke, ekonomiese en institusionele raamwerke aangepas moes word om die nuwe situasie te hanteer. So analyseer Wu Yuze die perspektiewe wat verband hou met binnelandse politiek, ekonomie, diplomasie en geopolitiek met die gepaardgaande uitwerking van elkeen hiervan op Europese integrasie.²⁵

Die Brexit-proses het tot aansienlike veranderings in die politieke evolusie van die EU gelei wat met hierdie integrasie verband hou. Aanvanklik was daar 'n verskuiwing in die verspreiding van gesag binne die politieke raamwerk van die EU. Die VK was voorheen 'n prominente lid van die EU wat aansienlike invloed uitgeoefen het maar sedertdien het aandag aan verskeie aspekte ontbreek. Verder, wat ekonomiese vooruitgang betref, het Brexit die interne raamwerk van Europa merkbaar geraak omdat daar 'n inherente en onlosmaaklike verband tussen Brexit en Europese integrasie bestaan. Aanvanklik het lidstate van die EU talle uitdagings teëgekom wat beide ekonomiese en politieke sfere ingesluit het. Uiteindelik het Brexit 'n beduidende uitwerking op die trajek van Europese integrasie gehad en die vordering daarvan aansienlik beïnvloed.²⁶

Wanneer hierdie aspekte noukeurig ontleed word, blyk dit dat hulle saam met ander saakmakende vraagstukke die EU in 'n posisie plaas waar sy buitelandse beleid en benadering tot internasionale knelpunte nie meer aan verwagtinge van selfs die onlangse verlede voldoen nie. Rosa Balfour draai hieroor geen doekies om nie in haar blatante ontleding. Sy noem dit “An Obituary for EU Foreign Policy”.

The union then tore itself apart with Brexit. ... EU foreign policy always was more of an ambition than a reality. ... Imagining the union's place in the world demands a different mindset.²⁷

Ná die Alternatief vir Duitsland (AfD)-party in Thüringen en Sakse se verbasende verkiesings-oorwinnings in die twee state in die oostelike deel van Duitsland (in voormalige Oos-Duitsland) in Augustus 2024, word Starmer se planne om betrekkinge met die EU te hervestig, krities beskou en word die pertinente vraag gestel of sy doelwitte realisties is in 'n drasties veranderende geopolitieke wêreld, veral in 'n sleutelland soos Duitsland.

²⁵ Wu (2023).

²⁶ *Ibid.*

²⁷ Balfour (2024).

Is Keir Starmer entering the same tragic cycle of British diplomacy, placing all his hopes on Germany for a dramatic reset of relations with Europe?²⁸

Ook in Oostenryk het steun vir die regse party (Freedom Party of Austria (FPÖ)) met die verkiesing in September 2024 toegeneem. Hierdie geskiedkundige oorwinnings het skokgolwe deur Duitsland en Oostenryk se politieke bestel gestuur met hierdie regsgeinsde partye wat aansienlike opmars gemaak het en seker nog verder mag maak, ook in ander lande. Terwyl die lande met die implikasies van hierdie resultate worstel, sal die komende maande deurslaggewend wees om te bepaal hoe die hoofstroomparty op hierdie populistiese oplewing reageer. Die opmerkings wat *The Guardian* oor die uitslae maak, som die implikasies daarvan op:

Its success is undoubtedly a seismic moment in German politics [and] whether this is a regional phenomenon or a signpost for something larger.²⁹

Die leierskorps van die EU is nie gevrywaar van probleme wat toenemend binne die Unie heers en wat gevaarligte laat flits nie. Toenemende risiko's vir die EU se fundamentele ideale ontstaan uit interne bronne. Daar word heel gepas na die drie primêre bedreigings wat geïdentifiseer word, verwys as die EU se blindekolle. Hulle het vanaf Julie 2023 in prominensie toegeneem. Europese regerings stel nuwe hindernisse vir immigrante in om die byna rekord-instrooming van individue uit verarmde lande te versag, aangesien hierdie toedrag van sake 'n toename in steun vir nasionalistiese populistiese partye aanwakker.³⁰ Namate etnosentriese nasionalisme in lidstate styg, ervaar etniese minderheidsgroepe kwesbaarheid, vervreemding en onvoldoende beskerming.

Far-right parties already form part of seven government coalitions in the EU and even where they are not in government, their Eurosceptical “nation-first” mindset has been gaining ground also in the political center.³¹

Tweedens, is daar die afname in ekonomiese geleenthede vir die jeug namate lande met groter stagnasie gekonfronteer word, met 'n gevolglike generasiekrisis van vertroue in konvensionele politiek. 'n Groeiende getal jonger kiesers stem nie óf hulle steun radikale partye. Derdens, in lidstate in Sentraal- en Oos-Europa – waar pro-Brussels-entoesiasme die afgelope paar jaar afgeneem het – is regerings besig om 'n etnies gedefinieerde idee van Europese identiteit te jukstaponeer teen die beweerde tekortkominge van “multikulturalisme” in die liberale Weste.³²

Van groot belang is die proses waarmee die EU begin om sy beleid met betrekking tot verdediging en buitelandse sake te herevalueer. Histories was die VK teen verhoogde militêre integrasie in die EU gekant. Sedert hulle die EU verlaat het, is daar nou geleenthede vir Europese state om hul verdedigingsamewerking te versterk en die strategiese leemte te takel wat deur die VK se onttrekking geskep is. Boonop het Brexit debatte oor die toekoms van die EU ontketen met sekere leiers wat pleit vir hervormings sodat toekomstige ontrekkings uit die EU verhoed kan word. Vir hulle is dit kernbelangrik dat die eenheid van die EU behoue bly en versterk word. Die kern van hierdie bekommernisse hou verband met ekonomiese ongelykhede en die bestuursraamwerk van die EU wat deur die probleme tydens die Brexit-onderhandelinge beklemtoon is. In sy artikel ondersoek Stefan Lehne die voortgesette dinamika

²⁸ Starmer's European Project (2024).

²⁹ Bland (2024).

³⁰ Fairless & Norman (2024).

³¹ Lehne (2024b)

³² Zerka (2024).

van die buitelandse beleidsverhoudinge tussen die EU en die VK ná Brexit en kom tot die volgende slotsom.

The January 2020 departure of one of the EU's strongest foreign policy actors dealt a massive blow to the union's prestige and soft power around the world. Particularly during the first months and years after the UK voted in a June 2016 referendum to leave the union, many expected Brexit to mark the beginning of the EU's terminal decline. However, no other country followed the UK to the exit, and during the difficult years that followed ... the EU proved more resilient than many had thought.³³

Gevollik het 'n behoefte ontstaan om die EU se begroting en bestuurstrukture te heroorweeg sodat die verlies aan die VK se finansiële bydraes en invloed in die formulering van die EU se beleidsmaatreëls verreken kan word. Sodoende kan verhoogde integrasie tussen die oorblywende lidstate gestimuleer word, veral op gebiede soos verdedigingsamewerking waarteen die VK voorheen gekant was.

Brexit se uitwerking op die EU se buitelandse beleid

Brexit het bepaalde veranderinge in die EU se buitelandse beleid tot gevolg gehad, naamlik op die gebied van veiligheidsamewerking en handelsbetrekkinge. Dit is te wyte aan die feit dat beide die EU en die VK moes aanpas by hul nuwe posisies binne 'n veranderde geopolitieke landskap. Brexit het 'n beduidende omwenteling in die VK se interaksie met die wêreldgemeenskap veroorsaak en die era van geopolitieke dinamika het in erns begin. Die bestuur van hierdie diplomatieke skakeling sal vir baie dekades 'n dramatiese uitwerking hê op die rigting van die VK se buitelandse beleid en die voortvloeiende interstaatlike verhoudinge. Op sy beurt het veranderinge in die EU se buitelandse beleid ná Brexit hoofsaaklik gefokus op die veranderende imperatiewe wat veiligheidsamewerking, handelsverdrae en betrokkenheid in die wyer geopolitieke omgewing vereis. Gevollik is dit belangrik om aandag aan die volgende belangrike elemente te skenk, wat beide die VK en die EU se buitelandse verhoudinge raak.

Tydens die ampstermyn van Johnson het die VK teen onderhandelinge met die EU vir 'n veiligheids-ooreenkoms besluit – iets wat 'n besliste breuk met vorige ooreenkomste ingehou het en gelei het tot 'n besliste verandering in veiligheidsamewerking wat op 1 Januarie 2021 in werking getree het. Die VK het hiermee sy “Global Britain”-strategie³⁴ geprioritiseer in 'n poging om bilaterale verhoudings met ander state te verbeter terwyl daar van instellings in die EU onttrek is.

There can be no Brexit from geography. The UK may define itself as Global Britain, but it will still be part of Europe. It may dream of the Indo-Pacific, but it will still sit on the

³³ Lehne (2021a).

³⁴ Johnson het die konsep “Global Britain” geformuleer as 'n belangrike aspek van sy buitelandse beleid in sy ampstermyn as minister van buitelandse sake. Hierdie inisiatief het ontstaan in reaksie op die VK se uittrede uit die EU om die land se globale rol te herdefinieer en die VK se teenwoordigheid op die wêreldtoneel ná Brexit te vestig. Dit is ontwerp as deel van die omvattende strategie om die verwickeldheid van die post-Brexit-omgewing te benader en is vervat in die dokument getiteld “The Integrated Review of Security, Defence, Development, and Foreign Policy.” Hierin word die VK se strewe uiteengesit om sy invloed te behou en nuwe internasionale vennootskappe te vestig, veral met betrekking tot handel en diplomatie. Die doel was dus om die samehangende raamwerk vir hierdie visie daar te stel wat die VK se posisie en betrokkenheid op 'n globale skaal sou beklemtoon en bevestig. Kempe (2021).

edge of the Atlantic. Major shares of the UK's economic interchange and of its cultural and human contacts will still be with its European neighbors.³⁵

Brexit het gevolglik meer en meer 'n onderwerp rakende buitelandse aangeleenthede en veiligheidsbeleid geword. Leiers in die VK het gepoog om buitelandse beleid te gebruik om die beloftes wat aangaande Brexit gemaak is, na te kom. Hiermee het die VK gepoog om sy wêreldwye invloed te versterk deur die vestiging van nuwe handelsooreenkomste en veiligheidsalliansies met state soos Japan en die VSA. Hierdie herbelyning het op 'n meer omvattende benadering gedui om invloed in internasionale aangeleenthede te handhaaf en in 'n wyer spektrum te verkry. Sodoende word gepoog om die gevolge van Brexit teen te werk en daardie nuwe doelwit te bereik.

The consequences for the UK of no longer being a member of the EU's foreign policy-making environment – i.e. of 'no longer being in the room'. As one of Europe's two biggest military powers, as well as being a nuclear power and a permanent member of the UN Security Council, the UK has brought considerable weight and expertise to the EU's foreign and security policy capacities. It has played a major role in developing the structures and institutions of European foreign policy co-operation, having been one of the driving forces behind the Common Foreign and Security Policy and the Common Security and Defence Policy. These, in turn, have become important elements in the UK's own foreign policymaking, underpinning the establishment of strong relationships with its European partners, improving and institutionalising co-operation between the EU and NATO and providing a valuable multiplier effect for how the UK engages with the wider world.³⁶

Die EU se buitelandse beleidsprioriteite het bepaalde veranderinge sedert die VK se onttrekking ondergaan. Die versekering van die samehorigheid en onafhanklikheid van die oorblywende 27 EU-lidstate het groot kommer gewek, veral in reaksie op die VK se pogings om selektief areas van samewerking met die EU uit te sonder of op 'n bilaterale basis met individuele lede te skakel. Die onafhanklikheid van die EU se besluitneming was nog altyd noodsaaklik vir die geloofwaardigheid en doeltreffendheid van die EU se buitelandse beleid. Daarom volg die EU 'n konstruktiewe en versigtige benadering in sy skakeling met die VK en plaas die klem op die belangrikheid van wedersydse respek. Die EU het konsensus bereik om aktief geleenthede vir samewerking met die VK te ontgin, waar hul buitelandse beleidsdoelwitte ooreenstem, terwyl hulle ook die beginsel van eenheid vooropstel. Nietemin het die EU aansienlike verliese gely as gevolg van die VK se onttrekking, insluitende die verbeuring van een van sy twee permanente setels op die Verenigde Nasies (VN) se Veiligheidsraad, wat afnames in veiligheidsvermoëns en wêreldwye diplomatieke invloed meegebring het. Dit is bekend dat die VK 'n belangrike rol in die EU se besluitnemingsproses gespeel het.³⁷

Die EU het toenemend met 'n moeilike globale tydperk te make gekry in die konteks van konflikte in Gasa en Oekraïne, vrees oor klimaatsverandering en China se kragtige agenda. Die bestuur van die wisselvallige dinamika onder groot moondhede het 'n primêre fokus vir die EU se buitelandse beleid geword in die tydperk ná Brexit. Hierna en veral ook gesien die oorlog in Oekraïne is daar 'n radikale verskuiwing in denke oor die EU as 'n geopolitieke

³⁵ Von Ondarza.

³⁶ Wright (2017).

³⁷ Ghulam, Mazhar & Adnan (2024).

akteur. Dit is deur die EU se Hoë Verteenwoordiger vir Buitelandse Sake en Veiligheidsbeleid en Vice-President van die EU Kommissie, Josep Borrell, beskryf as die laat geboorte van 'n geopolitieke EU. Gevolglik fokus regs- en beleidsdebatte oor die EU se rol as 'n globale akteur op die behoefte om strategiese outonomie te bereik. Hierdie term druk die vermoë van die EU uit om onafhanklik op die internasionale verhoog op te tree om sy fundamentele waardes en belange te beskerm en wat met onafhanklikheid en sekuriteit verband hou, terwyl die EU terselfdertyd verbind bly tot 'n reëlsgebaseerde wêreldorde. Die ontwaking van 'n geopolitiek-bewuste EU laat dus 'n magdom nuwe vrae met politieke en regsimplikasies ontstaan wat ondanks hul toenemende betekenis steeds onderontgin is. Hierdie ontwikkelinge skep 'n vraag na innoverende navorsing rakende, besluitnemingsprosedures, institusionele balans, doeltreffendheid, deursigtigheid, toegang tot geregtigheid en versoenbaarheid met internasionale reg. Tans is die regskontoere van konsepte vaag – iets wat noodsaaklik is om gestel te word sodat die vorming van die identiteit van die EU as 'n opkomende geopolitieke akteur met strategiese outonomie behoorlik geskep kan word.

The concept of the EU's strategic autonomy, initially grounded in legitimate concern over diminishing U.S. interest in its traditional European allies, then evolved into a contentious political tool. The notion particularly appealed to European politicians keen on questioning the strength of transatlantic ties, for example, French President Emmanuel Macron. ... The EU has made strides toward energy independence from Russia, although this endeavor remains incomplete. Efforts to reduce economic reliance on China have been less successful. The gap between "strategic autonomy" as a political ideal and its practical application, especially in defense, is profoundly evident.³⁸

Die dringendheid vir strategiese outonomie is deur onlangse geopolitieke gebeure met die oorlog in Oekraïne versterk, wat kwesbaarhede in die EU se afhanklikheid van eksterne bronne vir energie en kritieke bestanddele beklemtoon het. Terwyl strategiese outonomie fokus op selfgenoegsaamheid, erken dit ook die belangrikheid van interafhanklikheid met bondgenote.

Brexit se uitwerking op die EU se buitelandse invloed

Die EU se wêreldwye invloed is onteenseglik deur Brexit verminder. Die VK het die posisie van die EU se primêre militêre mag bekleed, wat sy aansienlike diplomatieke netwerk en intelligensievermoëns tot die EU se beskikking gestel het. Die EU se buitelandse beleid maak grootliks staat op diplomatie en internasionale samewerking wat alles deurslaggewend is vir die invloed daarvan op die wêreldtoneel. Die afwesigheid van die VK het hierdie invloed drasties laat taan. Gevolglik het Frankryk die enigste dominante militêre mag in die EU geword. So was Brexit verantwoordelik om die vordering van beduidende militêre vermoëns binne die EU te belemmer. Die uitwerking daarvan op die EU se interaksies met ander prominente state het daartoe gelei dat 'n herstrukturering van die geopolitieke omgewing op verskeie maniere plaasgevind het. Dit is van kardinale belang om die verandering in magsverhoudinge en die aansienlike verlies van 'n belangrike militêre bondgenoot in hierdie spesifieke situasie te erken. Naas Frankryk was die VK een van die EU se primêre militêre magte en sy onttrekking het die EU se gekombineerde militêre mag en vermoë om inligting in te samel, verminder, wat moontlik sy posisie in globale aangeleenthede kan ondermyn. Die VSA het die VK as 'n

³⁸ Kowal (2024).

deurslaggewende tussenganger vir Europa beskou, wat nou gelei het tot 'n meer gefragmenteerde standpunt wat die EU oor globale probleme voorstaan, veral rakende Rusland en globale veiligheidskwessies. Sedert die VK se vertrek was daar 'n sterk dryfkrag om Europese verdedigingsamewerking te versterk en uit te brei. Histories het die VK sy vetoreg uitgeoefen om verdere militêre integrasie binne die EU te voorkom en is voorbehoude ten opsigte van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) uitgespreek. Ná Brexit het die EU gepoog om 'n Europese Verdedigingsfonds tot stand te bring en Permanente Gestruktureerde Samewerking te implementeer wat 'n skuif na verhoogde onafhanklikheid in verdedigingsake aandui.

Die uitwerking van Brexit op globale verhoudings is duidelik sigbaar. Dit het die verhouding tussen die VSA en die VK versterk, met laasgenoemde wat meer afhanklik was van die VSA vir veiligheid en politieke belyning. Die VSA is steeds bekommerd oor die potensiele negatiewe impak van 'n verswakte EU op samewerkende pogings wat daarop gemik is om globale uitdagings aan te pak, soos veiligheidsbedreigings wat deur Rusland en China veroorsaak word. Hierdie tendens dui op 'n skuif na 'n meer tweesydige benadering in die verhoudinge tussen die VK en die VSA, wat dalk nie in lyn is met die wyer belange van Europa nie. As gevolg hiervan het Brexit nie net die interne werking van die EU verander nie, maar ook sy interaksies met toonaangewende wêreldmoondhede beïnvloed wat weer tot 'n meer verdeelde en onvoorspelbare geopolitieke landskap gelei het. Die langtermyngevolge van hierdie veranderinge word steeds gevoel aangesien beide die EU en die VK by hul nuwe posisies op die wêreldtoneel moet aanpas, wat op hul beurt weer verskeie uitdagings in belangrike geostrategiese areas stel.³⁹

The United Kingdom is conceptualised as the bridge between both sides of the Atlantic, and especially between the two organisations on the institutional and operational levels. Since the end of the Second World War, NATO has been its cornerstone for security and defence, but it has nevertheless played an essential part in the development of the EU's structures and capabilities. ...The future of this special interorganisational relationship will depend on the future EU-UK relationship and how the EU and NATO will deal with the new circumstances of having another potential obstacle among their member states.⁴⁰

Die uitwerking van Brexit op die verdedigingsbeleid van die EU

Brexit het beduidende gevolge vir die EU se verdedigingsamewerking geskep wat beide die strategiese vermoëns van die EU en die VK se betrokkenheid by Europese veiligheid beïnvloed het.⁴¹ Groter klem word op die versterking van verdedigingsvermoëns en die bevordering van samewerking tussen die oorblywende 27 lidstate geplaas ten einde te vergoed vir die VK se onttrekking aan gesamentlike veiligheidsreëlings. Die VK het 'n aansienlike militêre mag van ongeveer 20% van die EU se verdedigingsvermoëns voorsien. Hierdie verlies is aansienlik vanweë die VK se historiese rol as 'n stoere ondersteuner van militêre ingryping en die besit van groot militêre bates, soos kernkragvermoëns, en 'n permanente setel op die Veiligheidsraad. The Brexit vote in 2016 sounded an alarm in European capitals in terms of security and defence. The ensuing withdrawal of a major (i.e. hard) security actor from the EU was considered a

³⁹ Hayes (2024).

⁴⁰ Ewers-Peters (2021).

⁴¹ The impacts of Brexit on the security and the defence industry in the European Union and the United Kingdom (2020).

potential fracture in European and Western unity amid mounting security challenges, including wars in the southern and eastern neighbourhoods of the EU.⁴²

In reaksie op Brexit het lidstate van die EU die verbetering en konsolidasie van hul verdedigingsamewerking begin prioriteer. Inisiatiewe soos Permanente Gestruktureerde Samewerking (PESCO)⁴³ en die Europese Verdedigingsfonds (EDF)⁴⁴ het momentum gekry wat sterk fokus en klem op gekoördineerde pogings plaas om militêre vermoëns te verbeter en verdedigingsnavorsing te versnel. Sodoende poog die EU om sy strategiese onafhanklikheid te verbeter en sy afhanklikheid van NAVO te verminder, terwyl erken word dat hierdie verdedigingsorganisasie steeds 'n fundamentele rol in Europa se verdediging vervul.⁴⁵

While NATO has undoubtedly played a crucial role in ensuring European security, its future is uncertain as it faces new challenges and shifting global dynamics.⁴⁶

Ná Brexit was 'n deeglike herevaluering van die huidige verdedigingsooreenkomste tussen die VK en die lidstate van die EU noodsaaklik. Nou was die VK nie meer betrokke by die besluitnemingsprosesse rakende verdediging in die EU nie. Gevolglik het dit gelei tot 'n verdeling van verdedigingsvermoëns en 'n moontlike vermindering in die doeltreffendheid van gesamentlike optredes. Alhoewel die VK sy aansienlike betrokkenheid by NAVO sal handhaaf, word van die EU verwag om sy samewerking met NAVO te versterk om die leemte wat voortspruit uit die VK se vertrek te vul. Dit kan gesamentlike militêre oefeninge en gekoördineerde strategiese pogings behels. As gevolg van sy beduidende rol in verdediging kon die VK sy fokus verskuif na alternatiewe veiligheidsreëlins soos NAVO en bilaterale ooreenkomste in plaas daarvan om net afhanklik te wees van samewerking met die EU. Hierdie aanpassing word beskou as 'n wyse om ná Brexit 'n groter vlak van onafhanklikheid aan te dui en om die steun van pro-Brexit-kiesers te behou.⁴⁷

Verdedigingsdiplomatie is tans prominent met die nuwe Arbeidersregering wat hierdie beweging lei. In die lig van die verhoogde bedreiging wat Russiese aggressie vir Europa inhou, streef die VK eerstens na noodsaaklike nuwe bilaterale ooreenkomste met vennote op die vasteland. Starmer het ook sy begeerte uitgespreek om 'n nuwe strategie vir die VK se verhouding met Europa te vestig wat 'n nuwe veiligheidsooreenkoms met die EU insluit.⁴⁸ Die vennootskapsooreenkoms van 19 Mei 2025 is die eerste stap in hierdie rigting.

Met sy staatsbesoek aan die VK in Julie 2025 het President Emmanuel Macron van Frankryk in sy toespraak in die Parlement die twee lande versoek om van Brexit af weg te

⁴² Jokela (2020).

⁴³ Die program is in 2017 begin om samewerking tussen lidstate en koördinasie van hulle verdedigingsprojekte te fasiliteer sodat militêre vermoëns en operasionele gereedheid verbeter kan word.

⁴⁴ Hierdie fonds is noodsaaklik vir die EU se gemeenskaplike veiligheids- en verdedigingsbeleid wat ontwerp is om nasionale belegging in verdedigingsnavorsing te sinchroniseer en te verbeter, die mededingendheid van die Europese verdedigingssektor te bevorder en samewerking tussen nasionale gewapende magte te verbeter.

⁴⁵ NAVO vorm die hoeksteen van Europese veiligheid. Dit het in 1949 tot stand gekom in reaksie op die Sowjet-bedreiging tydens die Koue Oorlog om te verseker dat Wes-Europa vry van Sowjet-oorheersing sou bly. Ná die ineenstorting van die Sowjetunie in 1991 het NAVO egter nie ontbind nie, maar eerder uitgebrei. Lidmaatskap tel nou 32 en dit word beskou as 'n koöperatiewe verdedigingsinstelling.

⁴⁶ Heyuan (2024).

⁴⁷ Martill & Mesarovich (2024).

⁴⁸ Webber (2024).

beweeg en “sy aan sy” saam te werk aan probleme soos migrasie en verdediging, en verklaar dat daar nie toegelaat moet word dat die Kanaal wyer word nie en bygevoeg:

The UK’s decision to leave the EU was a decision that we respect, even if we find it deeply regrettable. Over the past few years, our alliance has become stronger. Although Britain was no longer in the EU, it could not stand on the sidelines of Europe.⁴⁹

By die volgende geleentheid het hy verklaar dat die twee state vir die verdediging van Europa ’n spesiale verantwoordelikheid deel.

The UK and France pledged for the first time to coordinate the use of their nuclear weapons, saying they would jointly respond to protect Europe from any “extreme threat”.⁵⁰

Merz het enkele dae na Macron sy opwagting in Londen gemaak. Met die ondertekeking van ’n verdrag tussen die VK en Duitsland het hy ’n beroep gedoen dat ’n strategiese spil tussen Londen, Parys en Berlyn gevorm moet word om onwettige migrasie aan te pak en verdedigingsamewerking te verdiep.⁵¹ Sy voorstel kom daarop neer dat ’n geïntegreerde groep Europese moondhede die vasteland moet lei. Die VK is sedert Brexit daarvan uitgesluit. Nou in die post-Brexit-wêreld beskou Merz die VK as belangrik genoeg om ingesluit te word selfs sonder dat die VK weer by die EU hoef aan te sluit. Merz verklaar dan ook dat hy Brexit diep betreur en die VK in die hart van Europa mis.⁵² Duitsland het reeds vir meer as 60 jaar ’n vriendskapsverdrag met Frankryk in die vorm van die Elysee-verdrag. Nou is daar ook een met die VK wat die eerste omvattende bilaterale verdrag tussen hierdie twee lande is sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie verdrag maak voorsiening vir noue samewerking in veiligheids- en wapenaangeleenthede. Starmer het beaam dat hierdie verwickelinge deel is van sy breër herstpoging met die EU. In die verlede het Merz reeds die idee geopper dat Frankryk en die VK hul kersambreel na Duitsland uitbrei.

Op sy beurt streef die EU na strategiese outonomie, naamlik deur programme soos die Europese Intervensie-inisiatief wat deur Frankryk gelei word. Dit het die potensiaal om ’n bykomende veiligheidsraamwerk daar te stel wat sy verhouding met NAVO mag bemoeilik. Potensiële probleme kan ontstaan as die verdedigingstrategie van die EU afwyk van NAVO se doelstellings. Ten spyte van hierdie probleme werk NAVO en die EU saam om hul vennootskap op ander terreine te versterk, soos hibriede bedreigings, militêre mobiliteit en kuberverdediging. Die deurlopende samewerking is van kardinale belang vir die aanpak van gemeenskaplike veiligheidskwessies, veral met inagneming van die toenemende geopolitieke druk wat nie beperk is tot Europa of NAVO se verantwoordelikeheidsfeer nie. NAVO bly deurslaggewend in die beïnvloeding van die EU se buitelandse beleidslandskap ná Brexit en dien as ’n noodsaaklike platform vir veiligheidsamewerking tussen die VK en die EU.

Die dinamiese veiligheidsomgewing, veral met inagneming van die risiko’s wat Rusland en ander geopolitieke veranderinge inhou, sal na verwagting ’n blywende invloed hê op die veiligheidstrategie van die EU. In toekomstige jare sal die rigting van Europese veiligheidsbeleid na verwagting verder beïnvloed word deur komende verwickelinge, soos die EU se strategiese kompas en nuwe politieke leierskap in lidstate. Die EU se veiligheidsplan ná Brexit prioritiseer strategiese onafhanklikheid en samewerkende verdedigingspogings terwyl die

⁴⁹ Sheppard & Parker (2025).

⁵⁰ Sheppard (2025).

⁵¹ Adu (20125).

⁵² Sparrow (2025) en Devlin & Mitchell (2025).

ingewikkeldheid van sy interaksies met die VK en ander groot globale rolspelers bestuur word. Die waarneming van Balfour is veral hier van toepassing:

The world is undergoing systemic change, with power shifting away from the West, a fragmenting globalization is bringing conflict into international relations, and international institutions and rules being overshadowed by a resurgence of state power. These shifts have as much to do with economics as with security – in fact, there is a new conflation of economic and security dynamics.⁵³

'n Omvattende analise van kommentare oor die VK se buitelandse beleid ná Brexit toon die volgende:

First, the clear consensus among the sources considered is that the world has changed drastically since the referendum in 2016, and not in the UK's favour. The rise of great power competition, protectionism, and unilateralism is unlikely to promote the rise of an independent, "swashbuckling" Global Britain. Second, a considerable number of the sources analysed take issue with what they identify as a neo-imperialist strain in post-Brexit British foreign policy, which they argue is misplaced due to the UK's increasingly limited ability to project power globally.⁵⁴

Die uitwerking van Brexit op die bestuur van die EU

Die politieke ewewig tussen instellings in die EU is aansienlik deur Brexit beïnvloed. Op sy beurt is die interaksies tussen lidstate en die werking van die bestuur van die EU geraak. Daarbenewens het dit tot 'n beskeie dog beduidende toename in die politieke invloed van die Europese Kommissie gelei. Ná die VK se vertrek het die Kommissie meer buigsamheid in sy interaksies met ander instellings getoon aangesien die VK voorheen as 'n kontrolemeganisme van die Kommissie se invloed gedien het. Verder is die stemprosedures binne die Raad van die EU verander. Tans het belangrike lidstate groter aandeel in seggenskap in die algehele balans oor instellings, terwyl kleineres weer oor meer mag in die EP beskik. So het die potensiaal om 'n herstrukturering van alliansies en koalises binne die Raad en Parlement ontstaan. Sonder die VK se teenwoordigheid het lidstate soos byvoorbeeld Italië en Spanje die geleentheid om meer invloed in die besluitnemingsprosesse van die EU te verkry. Dit lyk waarskynlik dat die langdurige oorheersing van die alliansie tussen Duitsland en Frankryk sal voortduur, wat 'n aanduiding daarvan is dat alhoewel nuwe dinamika wel ontstaan die onderliggende magstrukture waarskynlik nie noemenswaardige veranderinge sal ondergaan nie. Die uittrede van 'n sleutel-lidstaat wek kommer oor die EU se vermoë om 'n samehangende standpunt oor globale aangeleenthede te bepaal en te implementeer.

The big question – whether Brexit would pose an existential risk to the EU – may, not least, depend on the answers the Union finds to its current crises – stabilizing the euro, finding a common line in refugee policy, stemming the surge in Euroscepticism – and on its economic recovery.⁵⁵

Die afwesigheid van die VK se invloed kan pogings tot verdere integrasie tussen die oorblywende lidstate belemmer aangesien individuele state botsende belange prioritiseer. Oor

⁵³ Balfour.

⁵⁴ British Foreign Policy Post-Brexit.

⁵⁵ Patel & Reh (Ongedateerd).

die algemeen beskou, het Brexit die politieke struktuur van die EU fundamenteel verander. Die potensiële gevolge op die lang termyn behels 'n oorgang na meer proteksionistiese maatreëls en die ontstaan van struikelblokke vir wêreldwye invloed van die EU. Deurlopende evaluering sal nodig wees namate die EU ná Brexit by sy nuwe struktuur aanpas.

Spitsberaad tussen die VK en die EU op 19 Mei 2025

Ná sy ontmoeting met Von der Leyen in Oktober 2024 het Starmer begin om sy strategie te beplan vir die herstel van verhoudinge met die EU. Die kernpunt waar rondom hy moes werk, was die rooi lyn dat die VK nie by die EU se twee hoof- ekonomiese strukture ingesluit sal kan word nie, naamlik die enkelmark en die doeane-unie. Dié feit moes bloot aanvaar word.

The mixed messages from Starmer, who wants a bold reset but no violation of his red lines, leave his true long-term intentions unclear. But the wishes of the EU member states are no clearer, beyond a reluctance to spend time and political capital on negotiations that end up going nowhere.⁵⁶

Gevolgtrek het Starmer sy fokus op verdediging, migrasie en handel geplaas om daarmee 'n nuwe vennootskap met die EU te bewerkstellig as 'n eerste stap in die herstelproses teen die agtergrond van 'n verklaring oor internasionale knelpunte en 'n gesamentlike verstandhouding oor onderwerpe waaroor in die toekoms onderhandel kan word. Uit eie geleedere en die Konserwatiewes, maar ook van Nigel Farage en sy party, (UKReform), is Starmer hewig gekritiseer en met soms sinnelose advies toegegooi. So het baie van sy kritici min hoop gehad dat hy sukses sou behaal.

Eers in die vroeë oggendure van 19 Mei 2025 kon sy hoofonderhandelaar daarin slaag om eenstemmigheid met die EU te bereik oor een van die neteligste onderwerpe, naamlik Europese visvangregte in die gebieds- en viswaters van die VK. Later daardie oggend het Starmer in die teenwoordigheid van Von der Leyen en Antoni Costa, die President van die EU-raad, die ooreenkoms onderteken. Hiermee is 'n nuwe tydvak in die verhouding tussen die EU en die VK ingelui.

Met die aanvang van die beraad het Von der Leyen dit as 'n historiese oomblik beskryf waarmee 'n nuwe hoofstuk in die unieke verhouding beslag gekry het omdat die ooreenkoms die eerste ernstige poging verteenwoordig om die skade wat deur Brexit veroorsaak is, reg te stel ná Johnson se gebrekkige en rampspoedige ooreenkoms laat in 2019. Sy het haar genoegdoening met die ooreenkoms duidelik verwoord:

We are turning a page. We are opening a new chapter in our unique relationship. This is the story of historical and natural partners standing side by side on the global stage, facing the same challenges, pursuing the same objectives, like-minded, sharing the same values. Thus, we are looking for solutions that are beneficial for both our people and standing shoulder by shoulder when it comes to really getting to the solutions. I want to have a look at the Common Understanding, which is basically the roadmap that we have agreed on to follow after this Summit.⁵⁷

Starmer was vergenoegd en verklaar dat die VK terug op die wêreldtoneel is en dat die VK se grense versterk is. Die spitsberaad in Londen daardie dag is die eerste formele VK-EU-spitsberaad sedert Brexit en word wyd erken as 'n historiese begin in die proses om die

⁵⁶ Kellner (2025).

⁵⁷ Statement by President von der Leyen (2025).

verhoudings tussen die VK en die EU te herstel. Beide kante het ooreengekom oor 'n nuwe strategiese vennootskap, wat wegbeweeg van die langdurige spanning en onsekerhede wat hul verhouding gekenmerk het sedert die referendum van 2016 en die VK se formele uittrede in 2020.

Starmer het die nuwe ooreenkoms bereik ná ses maande van intense onderhandelings. Op die beraad het hy op sy beurt beklemtoon dat dit tyd is om vorentoe te kyk en nie meer agtertoe nie; ook om weg te beweeg van die ou, muwwe debatte en politieke gevegte en om met gesonde verstand praktiese oplossings te vind wat in die beste belang van die VK is en dat die VK inderdaad gereed is om met vennote saam te werk as dit beteken dat Britte se lewens kan verbeter. Hy het ook bevestig dat die plan is om weereens die wêreld in die oë te kyk in die groot tradisie van die VK. Vir hom gaan dit om die verhoudings te bou wat die VK saam met die vennote kies wat verkies word om saam in nasionale belang te werk en ooreenkomste te sluit, want dit is wat onafhanklike, soewereine state doen.

Prime Minister sought to bang the drum for his EU reset, citing his three 'driving principles': more jobs, lower costs and enhanced border control. Starmer boasted that his deal ensures 'unprecedented access to the EU market, the best of any country outside of the EU'.⁵⁸

In die beraad se gesamentlike verklaring word klem gelê op gedeelde waardes en 'n verbintenis tot dieper samewerking. Die nuwe Strategiese Vennootskap bou voort op die Brexit-onttrekkingsooreenkoms en die Handels- en Samewerkingsooreenkoms (TCA) wat aan die einde van die VK se teenwoordigheid in die EU gesluit moes word. Die doel is nou om nuwe raamwerke ten volle te implementeer. Die sentrale punt van die vennootskap stel die VK in staat om nouer deel te neem aan Europese verdedigingsinisiatiewe, insluitende 'n groot gesamentlike verkrygings- en beleggingskema. Die stap is veral betekenisvol aangesien Europa groter verdedigingsoutonomie soek te midde van verskuiwende globale prioriteite van die VSA en voortdurende bedreigings deur Rusland. Op die gebied van verdediging lê die ooreenkoms die grondslag vir die VK om uiteindelik 'n groter deel van Europese verdedigingspogings te word, insluitende 'n leningsprogram van EUR 150 miljard vir gesamentlike verkryging en belegging. Daardie plan is grootliks beperk tot EU-lande en uitgesoekte bondgenote, en die VK is gretig om deel te neem met die oog op samewerking en moontlik selfs deelname in operasies ingevolge die EU se Gemeenskaplike Veiligheid- en Verdedigingbeleid.⁵⁹

The pact also opens the door for the UK to negotiate participation in the EU's €150bn loans-for-arms fund, which would be a win for UK defence industries which create £10bn in annual exports.⁶⁰

Die beraad se ooreenkoms maak voorsiening vir die verslapping van handelsbeperkings, veral vir voedsel- en drankuitvoere van die VK en die vermindering van roetine-inspeksies op dierlike en plantprodukte.

"A common sanitary and phytosanitary area" means Sir Keir is signing the UK up to dynamic alignment with EU laws without having a say in those laws.⁶¹

⁵⁸ Heale (2025).

⁵⁹ Smialek (2025).

⁶⁰ Foster (2025).

⁶¹ Heale.

Dit is opmerklik dat houers van VK-paspoorte weer e-toegang by lughawens in state van die EU sal gebruik, wat reise sal versnel ná die wrywing wat Brexit vir miljoene reisigers meegebring het. 'n Ooreenkoms rakende 'n omstrede verlenging tot 2038 van EU-toegang tot Britse viswtaers is bereik. Dit was 'n punt van politieke twis binne die VK. Nuwe raamwerke vir jeugmobilititeit en samewerking oor onreëlmatige migrasie is gevestig, met die doel om gedeelde demografiese en arbeidsuitdagings aan te pak en mense in die middelpunt van die hernieuide verhouding te plaas. Die tydsberekening van die beraad weerspieël 'n erkenning van globale onstabiliteit, met beide kante wat eenheid beklemtoon te midde van dreigemente van Moskou, Beijing en 'n minder voorspelbare VSA. Die ooreenkomste dui op 'n verbintenis tot 'n reëlgebaseerde globale orde en 'n boodskap van Europese solidariteit.

Vir Starmer was die beraad 'n geleentheid om verder as omstrede Brexit-debatte te beweeg en die VK as 'n konstruktiewe Europese vennoot aan te bied. Die ooreenkomste het egter kritiek ontlok van ondersteuners van Brexit, wat aanvoer dat die VK te veel prysgee, veral op gebiede soos visserye. Nogtans bly die EU die VK se grootste handelsvennoot en die nuwe ooreenkomste sal na verwagting help om die afname in handelsvolumes om te keer wat ná Brexit ontstaan het.

Terwyl die beraad oor die algemeen beskou word as 'n belangrike stap vorentoe, merk sommige ontleders op dat die vlak van ambisie, veral in verdedigingsamewerking, nie voldoen aan wat die huidige geopolitieke tydsgewrig vereis nie. Die ooreenkomste vestig meganismes vir dieper samewerking, maar laat ruimte vir verdere vordering indien die politieke wil voortduur. Die geopolitieke sein wat in die ooreenkoms beliggaam word, is dié van 'n verenigde Europese reaksie op globale onstabiliteit en verskuiwende prioriteite van die VSA. Hierdie beraad was 'n lang verwagte en hoopvolle stap in die rigting van die heropbou van 'n konstruktiewe, samewerkende verhouding tussen die twee nuwe vennote. Beide Starmer en Von der Leyen het 'n reeks praktiese veranderinge uiteengesit oor hoe die VK met die EU kan saamwerk, tesame met 'n verbintenis tot gedeelde waardes en die gesamentlike aanpak van globale uitdagings.

But while we celebrate these steps, which are sensible and mutually beneficial, we are clear-eyed: this is not the destination. It is the beginning of a new chapter, a foundation upon which deeper and more meaningful cooperation can be built. We are building momentum, but we must not stop here.⁶²

Dit was allesbehalwe maklik om die ooreenkoms te bereik. Europeërs – en veral kuslande soos Frankryk en België – het daarop aangedring dat die VK-toegang tot die sy viswaters vir meer as 'n paar jaar verleng moes word. Visvang is 'n polities sensitiewe onderwerp. Die VK was huiwerig om daardie stap te neem. Ná samesprekings wat tot die laaste minuut geduur het, het die twee partye ooreengekom dat Europese bote tot 30 Junie 2038 toegang tot die VK se viswaters kry. Dit is nie die onbepaalde verlenging wat sommige in Europa wou hê nie, maar dit is 'n veel langer venster as die vier jaar wat die VK aanvanklik voorgestel het. Verder beklemtoon hierdie ooreenkoms stabiliteit vir alle vissers aan beide kante van die kanaal.

Hoe Starmer verder met sy herstelagenda sal vorder en daarmee sal slaag, sal die tyd moet leer. Allereers sal hy die antagonisme moet besweer wat die leier van die amptelike opposisie, Emini Badenoch, en die ReformUK teenoor hom en die ooreenkomste tentoonstel. Vir hulle is die ooreenkoms onaanvaarbaar en daar is aangedui dat dit ongedaan gemaak sal word wanneer hulle weer aan bewind kom. Starmer is daarvan beskuldig dat hy die voordele ongedaan

⁶² European Movement (2025).

gemaak het wat die Tories uit Brexit oor soewereiniteit, finansies en beheer oor wetgewing bekom het. Vir Badenoch is die ooreenkoms niks minder as bedrog nie.

Die ooreenkoms is ook vanuit ander oorde bevestig en selfs veroordeel. *The Economist* voorsien nog 'n lang pad vir die herstelproses,⁶³ terwyl die *Institute for Government* reken dat Starmer nou meer vaag is as wat verwag was.⁶⁴ Dan was die reaksie van die ondersteuners van Brexit baie kras.

The Labour leader and chief Remainer has been planning for years to take Britain back into the EU's orbit. It has been several years in the making but Sir Keir Starmer finally got his wish this week as he frogmarched Britain into a miserable new era of meddling Brussels rule. With a stroke of a pen, the Labour leader ensured a return to European Union regulations and interference which many hoped had been consigned to the dustbin of history. The grinning Prime Minister proclaimed his new reset deal a "win win."⁶⁵

Hierdie reaksie bewys dat Brexit nog steeds diep in die Britse politieke bestel gesetel is.

Die ooreenkoms en beraad het getoon dat die VK in die hart van Europa hoort en gedemonstreer wat deur welwillendheid en pragmatisme bereik kan word. Nou is dit tyd vir moed om groter vrae te vra, verouderde aannames uit te daag en te werk aan 'n toekoms waar die VK nie net met Europa saamwerk nie, maar werklik daarmee verbind is. Baie belangrik is die feit dat hierdie twee partye "will tighten their trade and defense relationships, as the two allies pivot toward a post-Brexit future."⁶⁶

Verder is die verwickelinge van groot belang teen die agtergrond van spanning wat op verskeie internasionale fronte beleef word en noodwendig geopolitieke en geostrategiese implikasies meebring wat in die pad vorentoe in berekening gebring moet word.

The deal helps Sir Keir put the UK as a trade hub at the heart of a tumultuous international scene, allowing the country to have strong trading relations with all its main allies in what one senior minister described as "a complex jigsaw where all the pieces hate one another".⁶⁷

Die beraad was 'n geleentheid om 'n gemeenskaplike standpunt te demonstreer in samewerking vir vrede en veiligheid in Europa en om 'n nuwe strategiese vennootskap te vestig. Die VK en die EU deel 'n verantwoordelikheid vir die veiligheid van Europa. Albei se veiligheid is nou verweef en onderling afhanklik van voorspoed. Beide is enersdenkend met gemeenskaplike waardes wat multilaterale en 'n reëlgebaseerde internasionale orde ondersteun; albei is ook betrokke by die bevordering van stabiliteit en voorspoed in ander wêrelddele. In hul gesamentlike verklaring het die leiers van die EU en die VK ook oor die gedeelde uitdaging van onreëlmatige migrasie besin en die noodsaaklikheid beklemtoon om dit met 'n oorkoepelende benadering te benader. Ook om meer te doen om die onderskeie eksterne grense te beveilig terwyl hulle steeds verbind bly om internasionale beskerming te verseker vir diegene wat dit nodig het.

Wat in gedagte gehou moet word, is dat die nuwe ooreenkoms nie Brexit ongedaan maak nie, maar wel wys dat beide partye die strydbyl begrawe het ná jare van pynlike twis en bitterheid. Die beraad verteenwoordig 'n mylpaal in die post-Brexit-betrekkinge en vestig 'n

⁶³ *The Economist* (2025).

⁶⁴ Rutter (2025).

⁶⁵ Brown (2025).

⁶⁶ Smialek.

⁶⁷ Maddox (2025).

nuwe era van gestruktureerde samewerking in handel, verdediging, sekuriteit en mobiliteit. Dit stuur 'n sterk boodskap van Europese eenheid en pragmatiese vennootskap in 'n tyd van wêreldwye onsekerheid, terwyl dit ook langdurige wrywingspunte probeer bylê. Die ooreenkoms is betekenisvol vir die onmiddellike praktiese impak en potensiaal om toekomstige VK-EU-betrekkinge te vorm en te verstewig. Vir die EU is die ooreenkoms 'n belangrike manier om aan die VSA te bewys dat dit 'n ekonomiese en diplomatieke mag is waarmee rekening gehou moet word. President Trump het Europa met verskeie golwe van tariewe getref en begin nou eers ooreenkomste sluit om die situasie te de-eskaleer. Terwyl die VK reeds 'n voorlopige ooreenkoms met die VSA gesluit het, het die EU beperkte vordering gemaak om een te bereik. Beide die VK en die EU sien 'n behoefte aan groter samewerking in 'n wêreld waar die VSA in 'n minder gewillige ondersteuner van sy tradisionele bondgenote blyk te ontwikkel. Die VK se verdedigingsbedryf kan net baat by insluiting in Europa se pogings om te herbewapen. Europa kan op sy beurt weer baat vind by die VK se militêre vermoëns.

Verder is die verdrae wat Frankryk en Duitsland met die VK gesluit het betekenisvol deurdat hulle dui op die begin van 'n nuwe era van samewerking tussen die VK en lidstate van die EU ten spyte van Brexit.

Slot

Brexit het nie net die VK se verbintenis met die EU verander nie, maar ook beduidende politieke en ideologiese veranderinge binne die EU versnel. Partydinamika, openbare sentiment en beleidsoriëntasies in en tussen lidstate is beïnvloed. Meer en meer beraadslagings oor institusionele hervormings binne die EU vind plaas en daar is gevolge vir die ekonomie van die EU en die globale politieke landskap. Die EU moes noodgedwonge sy langtermyn strategiese benaderinge in sy buitelandse beleid begin prioritiseer om effektief te voldoen aan die gevolglike strategiese leemte wat geskep is deur die afwesigheid van die VK.

Nieteenstaande hierdie probleme bestaan daar wel vooruitsigte vir nuwe moontlikhede van samewerking tussen die VK en die EU. Beide partye het 'n sterk belang om funksionele samewerking rakende veiligheidsaangeleenthede te behou, veral as gevolg van algemene uitdagings wat geopolitieke teëstanders soos Rusland en China stel. Potensiële onderhandelings en samewerking kan in die toekoms ontstaan om hierdie gedeelde veiligheidskwessies die hoof te bied. Alhoewel die EU moet aanpas by die verlies van die VK se militêre vermoëns en invloed, is dit ook in 'n gunstige posisie om sy eie verdedigingsprogramme te verbeter en nuwe geleenthede vir samewerking met die VK te bevorder. Die omvang hiervan sal tot 'n groot mate afhang van die groeiende geopolitieke situasies en die gereedheid van beide partye om deel te neem aan produktiewe samesprekings oor veiligheidskwessies. Die VK se vertrek uit die EU het ook 'n herbeoordeling van sy posisie in terme van Europese veiligheid vereis. Die VK, wat histories 'n belangrike deelnemer aan EU-verdedigingsake was, moes sy nuwe posisie buite die EU bestuur terwyl hy daarna streef om robuuste verdedigingsverbindinge te behou. Die Britse regering het sy voorneme oorgedra om samewerking met EU-lede oor veiligheidsaangeleenthede te handhaaf, maar via ander strukture soos NAVO en bilaterale ooreenkomste.

Die EU poog om bande met sleutelvennote te versterk, terwyl afhanklikheid van teenstrydige state verminder word om sodoende 'n proaktiewe eerder as reaktiewe strategie te bevorder. Die EU se benadering tot strategiese outonomie het in geen geringe mate nie toegeneem ná Brexit. Die EU is nou gretig om met 'n omvattende poging sy rol op die globale verhoog te herdefinieer wat die behoefte aan onafhanklikheid balanseer met die realiteite van

interafhanklikheid. Soos die EU voortgaan om komplekse globale uitdagings te bestuur, sal die doeltreffendheid van sy strategiese outonomie afhang van sy vermoë om lidstate te verenig en samehangende beleidsmaatreëls daar te stel, wat die EU se grondliggende waardes van demokrasie en samewerking ondersteun. Alhoewel die EU op 'n positiewe wyse met die VK skakel om eenheid en onafhanklikheid te beveilig en samewerking te soek wanneer doelwitte ooreenstem, moes ook 'n ingewikkelde en onsekere globale situasie ná Brexit hanteer word.

Die verkiesing van Starmer se Arbeidsregering in Julie 2024 het optimisme gegenereer vir die herkalibrering van die VK se verhoudinge met die EU ná nege jaar van spanning en wantroue wat Brexit gevoed het. Alhoewel hy die moontlikheid dat die VK weer by die EU sal aansluit, of by die enkelmark betrokke sal raak, uitsluit, verbind hy die VK daartoe om betrekkinge met die EU en sy Europese bondgenote te verbeter en verhoudinge te hervestig. Binne 72 uur ná sy ampsaanvaarding het Starmer reeds konseptomlynings vir sy voornemens bekend gemaak. Kort hierna het hy begin om gesamentlik en individueel met Europese leiers te vergader in sy pogings om betrekkinge met elkeen te benadruk. Aansienlike struikelblokke sal oorkom moet word waarvan die herstel van wederkerige vertroue ná Brexit se omstredeheid beslis een van die belangrikstes sal wees. Om die prioriteite en belange tussen die VK en verskeie lidstate en die EU self te harmoniseer, sal hy moet waak teen wat een van die doodsteke van Brexit was, naamlik om selektiewe voordele op te eis en te probeer bekom. Die heersende globale orde bied potensiaal vir samewerking met die uitdagings wat voorkom met die konflik in Oekraïne, klimaatsverandering en migrasie. Daaruit kom bepaalde vooruitsigte na vore vir verbeterde veiligheids- en verdedigingsamewerking. Die hervestiging van betrekkinge sal nie eenvoudig outomaties en vanselfsprekend wees nie, maar geleenthede vir die verbetering van handel en ekonomiese betrekkinge bestaan, asook die wedersydse aspirasie om 'n nuwe hoofstuk te begin en meer produktiewe vennootskappe te kweek. Pragmatisme en welwillendheid kan die VK en die EU se samewerking oor gemeenskaplike belange laat verbeter terwyl hulle hul verskille beheer. Die alternatief om die bestaande spanningsverhouding voort te sit wat Brexit geskep het, sal nie in die beste belang van enige van die twee partye wees nie. Die gevolge van Brexit kan nie ongedaan gemaak word nie. Daarom blyk die strategie van Starmer te wees om daardie gevolge te aanvaar en te poog om hul uitwerking deur middel van ander prosesse te versag.

BIBLIOGRAFIE

Boeke en artikels

- Adu, Aletha. 2025. Merz calls for UK, Germany and France to align on migration and defence. *The Guardian*, 18 July 2025. <<https://www.theguardian.com/world/2025/jul/17/merz-calls-for-uk-germany-and-france-to-align-on-migration-and-defence>>
- Baudenbacher, Carl. 2021. The ECJ used to be a neutral court for the UK – it no longer is. *London School of Economics LSE Blog*, 9 Maart 2021. <<https://blogs.lse.ac.uk/brexit/2021/03/09/the-ecj-didnt-used-to-be-a-foreign-court-it-is-one-now/>>
- Balfour, Rosa. 2024. An Obituary for EU Foreign Policy. *Strategic Europe*, 3 September 2024. <<https://carnegieendowment.org/europe/strategic-europe/2024/09/an-obituary-for-eu-foreign-policy?lang=en>>
- Bland, Archie. 2024. Why the far right's success in German state elections can't be written off as a local phenomenon anymore. *The Guardian*, 3 September 2024. <<https://www.inkl.com/news/tuesday-briefing-why-the-far-right-s-success-in-german-state-elections-can-t-be-written-off-as-a-local-phenomenon-any-more>>
- Buigut, Steven & Kapar, Burcu. 2023. How did Brexit impact EU trade? Evidence from real data. *The World Economy*. 46(6) 1566-1581. <<https://doi.org/10.1111/twec.134119>>

- Brown, Martyn. 2025. Real reason why Keir Starmer committed his most brazen act of Brexit betrayal yet. *Express*, 24 May 2025. <<https://www.express.co.uk/news/politics/2059444/real-reason-why-keir-starmer>>
- Corbett, Richard. 2024. What should Labour aim for in Europe? *Social Europe*, 3 September 2024. <<https://www.socialeurope.eu/what-should-labour-aim-for-in-europe>>
- Devlin, Kate & Mitchell, Archie. 2025. I deplore Brexit, says German chancellor, as he signs treaty with Starmer. *Independent*. 18 July 2025. <https://www.independent.co.uk/news/uk/politics/brexit-eu-uk-germany-starmer-merz-treaty-b2790997.html?lid=pzqljln4o4yo&utm_medium=email&utm_source=braze&utm_campaign=Brexit%20and%20Beyond%20Newsletter%2023-07-2025&utm_term=IND_Brexit_Beyond_Newsletter&empar=dbf4eeda8594d333495f51eebdc73b67e03ef4e9c6bd64fbf8dd7c8788d3dd43a>
- Eksteen, Riaan. 2020. The Importance of the European Court of Justice. (Chapter included in *Conflict & Peace In International Politics: Issues, Actors and Approaches*. Edited by Kenar, N & Shaw, I. London: IJOPEC Publication. ISBN 978-1-913809-10-2.
- European Movement. 2025. The key outcomes from this week's UK-EU Summit. <https://www.europeanmovement.co.uk/key_outcomes_uk_eu_summit>
- Ewers-Peters, Nele Marianne. 2021. Brexit's implications for EU-NATO cooperation: Transatlantic bridge no more? *The British Journal of Politics and International Relations*, 23(4) 576-592. <<https://journals.sagepub.com/doi/full/10.1177/1369148120963814>>
- Fairless, Tom & Norman, Laurence. 2024. Europe Grasps for Ways to Stop the Migrant Surge. *The Wall Street Journal*, 25 September 2024. <<https://www.wsj.com/world/europe/europe-grasps-for-ways-to-stop-the-migrant-surge-5457bc03?mod=WhatsApp>>
- Foster, Peter; Fleming, Sam & Speed, Madeleine. 2025. What the post-Brexit reset deal means for the UK. *Financial Times*, 19 Mei 2025. <https://www.europeanmovement.co.uk/key_outcomes_uk_eu_summit>
- Ghulam, Mustafa; Mazhar, Hussain & Adnan, Aslam. 2020. Political and Economic Impacts of Brexit on UK. *Review of Politics and Public Policy in Emerging Economies*, 2(1), 1-12. <<https://core.ac.uk/download/pdf/328143427.pdf#:~:text=Recommended%20citation:%20Mustafa,%20G.,%20Hussain,%20M>>
- Heale, James. 2025. Starmer's EU 'reset' risks pleasing no one. *The Spectator*, 19 May 2025. <<https://www.spectator.co.uk/article/starmer-s-eu-reset-risks-pleasing-no-one/>>
- Heyuan, Angela. 2024. NATO at a Crossroads: Balancing European Security with US Strategic Ambitions. *TI Observer: Thule Institute*, 47, 35-47. <<http://www.taiheinstitute.org/UploadFile/files/2024/9/1/328565767435b047-6.pdf>>
- Hogarth, Raphael. 2017. Dispute Resolution after Brexit. *Institute for Government*. 7 October 2017. <<https://blogs.lse.ac.uk/brexit/2021/03/09/the-ecj-didnt-used-to-be-a-foreign-court-it-is-one-now/>>
- Jokela, Juha. 2020. Strong together? The impact of Brexit on security and defence cooperation. *European Policy Centre*, 113-117. <https://www.epc.eu/content/PDF/2020/14_Strong_together.pdf>
- Kellner, Peter. 2025. The Moment of Truth for a UK-EU Reset. *Carnegie Europe*, 14 May 2025. <<https://carnegieendowment.org/posts/2025/05/the-moment-of-truth-for-a-uk-eu-reset?lang=en>>
- Kempe, Frederich. 2021. Boris Johnson transforms 'Global Britain' slogan into an inspiring strategic plan. *Atlantic Council*, 21 March 2021. <<https://www.atlanticcouncil.org/content-series/infection-points/boris-johnson-transforms-global-britain-slogan-into-an-inspiring-strategic-plan/>>
- Kowal, Pawel. 2024. A Central European perspective on EU strategic autonomy. *Geopolitical Intelligence Services*, 21 March 2024. <<https://www.gisreportsonline.com/r/strategic-autonomy-2/>>
- Lehne, Stefan. 2021(a). Rivals or Partners? The EU-UK Foreign Policy Relationship After Brexit. *Policy Commons*, 30 March 2021. <<https://policycommons.net/artifacts/1453311/rivals-or-partners-the-eu-uk-foreign-policy-relationship-after-brexit/2085166/>>
- Lehne, Stefan. 2024(b). The EU's Crisis of Confidence, *Strategic Europe*, 1 October 2024. <<https://carnegieendowment.org/europe/strategic-europe/2024/10/the-eus-crisis-of-confidence?lang=en>>
- Maddox, David. 2025. Starmer's Brexit reset deal 'turns page' on relations with EU, *Independent*, 19 May 2025. <<https://www.msn.com/en-gb/news/uknews/starmer-s-brexit-reset-deal-turns-page-on-relations-with-eu/ar-AA1F47K5?ocid=BingNewsSerp>>

- Martill, Benjamin & Mesarovich, Alexander. 2024. Foreign Policy as Compensation: Why Brexit Became a Foreign and Security Policy Issue. *International Studies Quarterly*, 68(2) 1-12. <<https://doi.org/10.1093/isq/sqae014>>
- Odermatt, Jed. 2022. The Court of Justice of the European Union and International Dispute Settlement: Conflict, Cooperation and Coexistence. *Cambridge Yearbook of European Legal Studies*. 24(88-110). <[doi:10.1017/cel.2022.9](https://doi.org/10.1017/cel.2022.9)>
- Rutter, Jill. 2025. Keir Starmer's UK-EU reset: bigger but more vague than predicted. *Institute for Government*. 19 May 2025. <<https://www.instituteforgovernment.org.uk/comment/keir-starmer-uk-eu-reset>>
- Rutter, Jill & White, Hannah. 2024. Starmer is wrong not to have a dedicated Commons committee to scrutinise the UK-EU relationship. *Institute for Government*. 3 September 2024. <<https://www.instituteforgovernment.org.uk/comment/starmer-commons-committee-scrutinise-uk-eu-relationship>>
- Sampson, Thomas. 2017. Brexit: The Economics of International Disintegration. *Journal of Economic Perspectives*. 31(4) 163-184. <<https://doi.org/10.1257/jep.31.4.163> doi=10.1257/jep.31.4.163>
- Security and Defence Partnership between the European Union and the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, signed in London, 19 May 2025. <https://www.consilium.europa.eu/media/3w3hhlxz/eu-uk-summit_sdp.pdf>
- Smialek, Jeanna. 2025. E.U. and U.K. Strike a Deal: What to Know. *The New York Times*, 19 May 2025. <<https://www.nytimes.com/2025/05/19/world/europe/uk-eu-summit-starmer.html>>
- Sparrow, Andrew. 2025. Merz says he 'deplores deeply' UK's decision to leave EU after signing UK-Germany treaty – as it happened. *The Guardian*, 17 July 2025. <<https://www.theguardian.com/politics/live/2025/jul/17/keir-starmer-labour-rebels-friedrich-merz-germany-kemi-badenoch-conservatives-reform-nigel-farage-uk-politics-live-news>>
- Starmer, Keir & Harris, Simon. 2024. 'We are friends': Taoiseach and British prime minister on Anglo-Irish ties. *Irish Times*, 7 September 2024. <<https://www.irishtimes.com/politics/2024/09/07/we-are-friends-taoiseach-and-british-prime-minister-on-anglo-irish-ties/>>
- Statement by President von der Leyen at the joint press conference with President Costa and UK Prime Minister Starmer following the EU-UK European Commission, 19 May 2025. <https://europa.eu/newsroom/ecpc-failover/pdf/statement-25-1271_en.pdf>
- The impacts of Brexit on the security and the defence industry in the European Union and the United Kingdom. *Warsaw Institute*, 21 April 2020. <<https://warsawinstitute.org/impacts-brexit-security-defence-industry-european-union-united-kingdom/>>
- Von Oндarza, Nicolai. 2024. The UK and the EU: New Opportunities, Old Obstacles. *Stiftung Wissenschaft und Politik*, 5 July 2024. <<https://www.swp-berlin.org/10.18449/2024C27/>>
- Webber, Esther. 2024. Britain and France plan new military agreement. *Politico*, 17 September 2024. <https://www.politico.eu/article/britain-labour-government-france-plan-new-military-agreement-defense-secretary-john-healey/?utm_source=email&utm_medium=alert&utm_campaign=Britain%20and%20France%20plan%20new%20military%20agreement>
- Who's afraid of the ECJ?: Charting the UK's relationship with the European Court. *Institute for Government*. 7 December 2017. <<https://www.instituteforgovernment.org.uk/publication/report/whos-afraid-ecj>>
- Wilkins, Thomas. 2024. 'Tilting' the balance? An evaluation of Britain's strategic approach to the Indo-Pacific. *International Political Science Review*, 45(5), 658-668. <<https://doi.org/10.1177/01925121231195605>>
- Wright, Nicholas. 2017. Brexit & the re-making of British foreign policy. *UCL European Institute, Working Paper*, December 2017. <https://discovery.ucl.ac.uk/id/eprint/10082216/1/WP_Wright_ForeignPolicy.pdf>
- Wu, Yuze. 2023. Brexit's impact on European integration. *Highlights in Business, Economics and Management PGME*. 17, 21-27. <<https://drpress.org/ojs/index.php/HBEM/issue/view/PGMEE2023>>
<<https://doi.org/10.54097/hbem.v17i.11019>>

Zerka, Pawel. 2024. Welcome to Barbieland: European sentiment in the year of wars and elections. *European Council on Foreign Relations (ECFR): Policy Brief*, 25 September 2024. <<https://ecfr.eu/publication/welcome-to-barbieland-european-sentiment-in-the-year-of-wars-and-elections/>>

Ander bronne

British Foreign Policy Post-Brexit: Pursuing a New Role for ‘Global Britain’? *LSE*. <<https://www.lse.ac.uk/international-relations/centres-and-units/efpu/one>>

European Commission. 2024 (a). EDF – Developing tomorrow’s defence capabilities. <https://defence-industry-space.ec.europa.eu/eu-defence-industry/european-defence-fund-edf-official-webpage-european-commission_en>

European Commission. 2024 (b). 30 years of the European single market: Introduction. *EC Library Guides*. 4 September 2024. <<https://ec-europa-eu.libguides.com/SingleMarket>>

European Council. 2025. Press Release, “Remarks by President António Costa at the joint press conference following the EU-UK summit in London,” 19 May 2025. <<https://www.consilium.europa.eu/en/press/press-releases/2025/05/19/remarks-by-president-antonio-costa-at-the-joint-press-conference-following-the-eu-uk-summit-in-london/#:~:text=At%20the%20joint%20press%20conference%2C%20European%20Council%20President,bilateral%20agenda%20for%20deeper%20cooperation%20on%20several%20areas>>

Starmer’s European Project: Why Britain Keeps Gambling on Germany. *These Times*, 3 September 2024. <<https://unherd.com/watch-listen/starmer-european-project-why-britain-keeps-gambling-on-germany/>>

The Comprehensive Economic and Trade Agreement (CETA) between the European Union and Canada. 2017. <[https://eur-lex.europa.eu/legal-content/EN/TXT/PDF/?uri=CELEX:22017A0114\(01\)](https://eur-lex.europa.eu/legal-content/EN/TXT/PDF/?uri=CELEX:22017A0114(01))>

The UK-EU deal is just a start. *The Economist*. 19 May 2025. <<https://www.economist.com/britain/2025/05/19/the-uk-eu-deal-is-just-a-start>>
<<https://www.theyworkforyou.com/wms/?id=2024-07-24.hcws19.h>>

Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles (2): Literêre biografie

Ter inleiding en bekendstelling

Ronél Johl onthul in 'n drietal artikels in hierdie afdeling allerlei wetenswaardighede oor en rondom biografie in die algemeen en literêre biografie in die besonder. Wat aanvanklik bedoel was as 'n enkelartikel na aanleiding van 'n kritiese bevraagtekening van JC Steyn se biografie van NP van Wyk Louw tydens 'n bekendstelling van die temanommer oor VWL in Junie 2020, het inmiddels geblyk 'n veel omvattender en grotendeels onontginde navorsingsterrein in ten minste die Afrikaanse letterkunde ter plaatse te wees.

Die drie artikels in hierdie afdeling gee rekenskap van die aanvanklike verkenning van en besinning oor die term "literêre biografie" (Vooraf); dit word gevolg deur 'n indringende analise van twee gevallestudies, naamlik die biografieë van onderskeidelik André P Brink deur (Leon de Kock) en Philip Roth deur (Blake Bailey en Ira Nadel).

Ten einde rekenskap te kan gee van aspekte wat deurslaggewend is vir sowel die totstandkoming as die ontvangs van literêre biografieë, word die studies oor André P Brink en Philip Roth aan die hand van 'n verfynde weergawe van Roman Jakobson se bekende kommunikasiemodel bespreek. Daar word beoog om die artikelreeks in 'n volgende afdeling voort te sit om die moontlikheid van teorievorming oor die literêre biografie meer eksplisiet te sistematiseer.

Die redaksie hoop dat hierdie verkenning van literêre biografie sal lei tot verdere besinning "wat die akademiese gesprek oor literêre biografie en biografieë plaaslik meer algemeen op koers sou [kon] kry" (p. 911). Belangstellendes word hiermee uitgenooi om deel te neem aan so 'n akademiese gesprek. Response kan wissel van kort kritiese mededelings tot volwaardige artikels.

Ina Wolfaardt-Gräbe

Oor biografie en kontroversie: Vooraf

On biography and controversy: Preface

RONÉL JOHL

Emeritus professor

Skool vir Tale

Universiteit van Johannesburg

Suid-Afrika

E-pos: csjohl@uj.ac.za



Ronél Johl

RONÉL JOHL is emeritus professor aan die Universiteit van Johannesburg. Sy het die graad DLitt et Phil aan die Randse Afrikaanse Universiteit verwerf met 'n proefskrif getitel "Literêre evaluering en die huidige stand van die Afrikaanse literêre kritiek: 'n ondersoek na aspekte van die literêre kritiek van die sestiger- en sewentigerjare", wat gepubliseer is as *Kritiek in krisis*.

Sy was sedert 1988 in verskeie bestuursposte verbonde aan dié universiteit (sedert 2005 die Universiteit van Johannesburg).

Verskeie magister- en doktorale studies oor vertaling, oorklanking, en tweedetaal- en letterkundeonderrig is onder haar leiding voltooi. Deur die jare was sy ook as redakteur, mederedakteur en medewerker betrokke by verskeie tydskrifte, spesiale uitgawes en publikasies. In 2020 was sy gasredakteur van 'n spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* by geleentheid van die vyftigste herdenking van die sterfjaar van NP van Wyk Louw. Sy is ook die redakteur van 'n *Huldiging: NP van Wyk Louw: Silwer herberg in die Sneeu* (2020).

Haar eie publikasies handel oor aspekte van en begrippe binne die literêre kritiek en teorie, kritiese denke en geleterdheid, taalopvattinge en mimesis (ikonisiteit).

RONÉL JOHL is professor emerita at the University of Johannesburg. She completed a DLitt et Phil degree at the Rand Afrikaans University with a thesis on aspects of literary evaluation in Afrikaans literary criticism in SA during the politically volatile 1970s, which was published as *Kritiek in krisis* ("Criticism in Crisis").

She was attached to the Rand Afrikaans University (later the University of Johannesburg) in various managerial capacities from 1988 to 2017.

Several master's and doctoral studies in the fields of translation, dubbing, and second language and literature teaching have been completed under her supervision. She also acted as editor or co-editor for and contributed to a number of journals, special issues and other publications throughout the years. In 2020 she acted as guest editor for a special edition of *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* commemorating the 50th year of the passing of NP van Wyk Louw. She is also editor of 'n *Huldiging: NP van Wyk Louw: Silwer herberg in die Sneeu* (2020).

Her own publications focus on aspects of and concepts in literary theory and criticism, critical thinking and literacies, language theory and mimesis (iconicity).

Datums:

Ontvang: 2025-05-20

Goedgekeur: 2025-07-23

Gepubliseer: September 2025

Agtergrond

Die idee vir 'n artikel oor die stand van die kritiek oor en rondom die biografie – meer spesifiek literêre biografieë in Afrikaans – het ruim vyf jaar gelede ontstaan na aanleiding van 'n klein relletjie rondom 'n studie oor JC Steyn se 1998-biografie van NP van Wyk Louw¹ wat grotendeels agter die skerms afgespeel het. Meningsverskil het ontstaan na aanleiding van negatiewe uitsprake wat met 'n beroep op wetenskaplike teorieë in die studie gemaak is en Steyn se reg om daarop replek te lewer in twee Louw-eesuitgawes waarby ek betrokke was. In 'n aanlyn gesprek gedurende grendeltyd in 2020 met die bekendstelling van een van die betrokke publikasies² het ek by nabetragting tog 'n opmerking gemaak oor die oor-die-algemeen gebrekkige begronding van die diskoers oor die biografie, 'n toedrag van sake wat gereeld opgehaal word in publikasies wat die situasie probeer “regstel”. Ek het ook “wat te sê gehad” oor die behoefte aan 'n toegewyde, gedissiplineerde bemoeienis met biografieë in Afrikaans-departemente. Een van my gespreksgenote³ tydens die bekendstelling, wat noue Nederlandse bande gehad het en deeglik ingelig was, was gou om my te wys op die werk oor die biografie wat lank reeds aan bepaalde Nederlandse instellings onderneem word.

Daar was vir my twee waardevolle lesse uit die gesprek oor die aangeleentheid. Eerstens, dat Afrikaanse akademici (ten minste die ouer garde) Afrikaans en Nederlands steeds as behorende tot 'n enkele intellektuele “sfeer” beskou ten spyte van historiese gebeure in die 1970's en '80's wat 'n toe opkomende geslag Afrikaanse akademici in groot mate die geleentheid ontsê het om in Nederland te studeer, die stelselmatige ont koppeling van die twee tale in Afrikaans-departemente en die toenemende uitfasering van Nederlands uit programme aan Suid-Afrikaanse instellings. Tweedens, dat ek veel te leer gehad het.

In die vooroorde tot die spesiale gedenkuitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en in die bogenoemde Louw-publikasie het ek die hoop uitgespreek dat die studie oor Steyn se Louw-biografie aanleiding sou gee tot myns insiens noodsaaklike besinning en bespreking wat die akademiese gesprek oor literêre biografie en biografieë plaaslik meer algemeen op koers sou kry. Dit het nie gebeur nie en ek het – dalk oormoedig – besluit om self te probeer. 'n Eerste, voorlopige poging wat in 2022 vir kommentaar aan *TGW* voorgelê is, het in die teken gestaan van polemieë. Die voorgestelde titel was “Biografie en kontroversie in die 21ste-eeuse kritiek – tentatiewe opmerkings oor teorie”. Die openingsin was 'n persoonlike waarneming: dat wanneer hulle beskou word as gebeurtenisse in die boekebedryf, literêre biografieë oor 'n besondere vermoë beskik, naamlik om in gedestabiliseerde omstandighede die totale netwerk van prosesse wat met die skryf, uitgee en ontvangs van 'n boek geaktiveer word onder die aandag van lesers te kan bring en te problematiseer, meer so as ander genres.

Met die oog op agtergrond het ek gewys op die toe nog redelik vars in die geheue omstredenheid wat ontstaan het oor en rondom die biografieë van André P Brink (plaaslik) en Philip Roth (internasionaal), in 2019 en 2021 onderskeidelik. Dié kontroversies is natuurlik nie die enigste voorbeelde nie. Sedert die opkoms van 'n akademiese belangstelling in biografieë in die laat dekades van die twintigste eeu is daar al verskeie ander gevalle van omstredenheid gedokumenteer. Internasionale voorbeelde sluit biografieë in van Sylvia Plath en Ann Sexton

¹ Van Coller, HP. 2020. Voorstellings en posisionerings in *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* deur J.C. Steyn. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(2):413-433.

² Johl, Ronël (red.). 2020. *'n Huldiging: NP van Wyk Louw: Silwer herberg in die Sneeu*. Suid-Afrika: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

³ Jacques van der Elst.

wat onder andere danksy Joan Hambidge se bemoeienis met psigoanalitiese benaderings tot literatuurstudie deur die jare onder Afrikaanse navorsers en lesers se aandag gebring is. Plaaslik was daar onder andere ook omstredenheid wat in die media gerapporteer is oor en na aanleiding van die biografieë van CJ Langenhoven en NP van Wyk Louw, asook van Ingrid Jonker, Olga Kirsch en Sarah Goldblatt. Die kontroversies rondom die Brink- en Roth-biografieë het egter met die oog op 'n diskoers oor die akademisering van bemoeienis met die biografie en vir die doeleindes van hierdie projek geblyk 'n bruikbare vertrekpunt te wees.

Die aanvanklike gedagte met “Biografie en kontroversie ...” was om net genoeg agtergrond te gee oor die soort kwessies wat omstredenheid in die spel bring sodat dit as aanknopingskon dieën vir verdere bespreking oor die opkoms van 'n teoretiese belangstelling in biografieë in verskeie akademiese dissiplines wat daarby belang het. Die onderwerp was egter te omvangryk om in 'n enkele artikel te hanteer en het te veel voorafkennis by lesers veronderstel, soos voorlopige kommentaar op die konsepartikel ook laat blyk het: “1) Aan die een kant kom 'n mens weldeeglik onder die indruk van die ingewikkeldheid en wydlopendheid van enige poging tot 'n (teoretiese) besinning oor die aard en praktyk van (literêre) biografieë”, maar “2) Aan die ander kant word daar miskien te veel veronderstel van die (hopelik ingeligte) leser”. In die lig van dié kommentaar is die oorspronklike manuskrip uitgebrei tot vier opstelle – twee oor die “konteks” (die kontroversies rondom die Brink- en Roth-biografieë onderskeidelik) en twee waarin die teoretiese werk wat in die Afrikaans-Nederlandse akademiese konteks onderweg is onder die loep kom. Om 'n argument oor verskeie bydraes heen te ontwikkel, skep egter uiteraard bepaalde probleme. In dié geval het dit onder andere meegebring dat die kontroversies rondom spesifieke biografieë in eie reg aandag begin opeis as historiese gebeurtenisse waaroor verkieslik tot gevolgtrekkings gekom moet word, hoe voorlopig ook al. In die tweede plek raak dit moeiliker om die teoretiese en die praktiese elemente van die argument te bestuur as (synde) interaktiewe fasette van 'n komplekse diskoers waarin mededingende teoretiese argumente histories (oor tyd) in verskillende dissiplines en domeine ontvou en as antwoorde op probleme in die praktyk aangebied word.

'n Verdere probleem wat met die ontknoping van die argument ontstaan het, was die orde waarin die opstelle aangebied moet word. Die uitgebreide stukke wat die spesifieke kontroversies as vertrekpunt neem het eerste klaargekom, maar minstens een van die keurders wat dié stukke onder oë gehad het was glad nie oortuig dat hulle enige bydrae lewer nie; intendeel. 'n Posing om die stukke oor die akademisering en teoretisering van literêre biografieë eerste te plaas was egter eweneens onbevredigend. Hierdie “Vooraf” probeer om vir die leser 'n brug tussen die praktiese en teoretiese te bou deur die meningsverskille wat in die konkrete gevalle na vore gekom het by voorbaat meer eksplisiet te herlei na die teoretiese kwessies waarmee navorsers te kampe kry in dissiplines wat hulle daarvoor beywer om die beoefening en bestudering van die biografie op 'n wetenskaplike grondslag te plaas, en om terselfdertyd 'n duideliker beeld te probeer vorm van die uitdagings vir wie ook al hulle spesifiek met die literêre biografie in die 21ste eeu (wil) bemoei: biograwe, navorsers, kritici.

By voorbaat (1): Die Brink-biografie: Omstredenheid en kritiek

Brink was 'n prolifieke en veelsydige literêre skrywer wat by meer as een geleentheid genomineer is vir die Nobelprys vir Letterkunde. Hy was ook 'n akademikus en 'n openbare figuur wat sedert die vroeë sestigerjare die sosiale verbeelding aangegryp het met sy openlike uitdaging van Afrikanersedes en van die destydse apartheidsregering, sy verhouding met medeskrywer Ingrid Jonker en die huwelik met sy veel jonger laaste vrou. Die omstredenheid

oor en rondom sy eerste biografie⁴ het verskeie kwessies onder die vergrootglas geplaas. Dié het gestrek van die beskikbaarstelling van Brink se persoonlike joernale vir 'n biografie betreklik gou (vir party kritici te gou) ná sy dood; die optrede van verskeie belanghebbendes in die onderhandelings met Brink se weduwee oor 'n biografie tot met die biograaf se aanvanklike verklaarde doel daarmee en die uiteindelijke vorm wat die biografie aangeneem het; die bemerkingsklem op die blootlê (en “verduideliking”) van die skrywer se sekslewe en indiskresies in die voorafbemarkingsveldtog van die uitgewer en in die mediadekking tydens en onmiddellik ná die amptelike bekendstelling van die biografie.

Toe die ergste stof gaan lê het, was daar verdere vrae: oor watter soort biografie dié dan sou wees, wie regtens daarop aanspraak kan maak om hulle oor literêre biografieë uit te spreek en in watter domein so 'n gesprek tuishoort. In resensies oor die biografie was daar vrae oor die oormatige klem in die biografie op Brink se seksuele bedrywighede ten koste van ander aspekte van sy lewe en werk.

In 'n bespreking van die biografie⁵ wat op LitNet as 'n “resensie-essay” in die resensie-rubriek verskyn het, maak Annemarié van Niekerk die punt dat in teenstelling met die indruk wat in die hoofstroommedia gewek is die werk 'n wetenskaplike biografie wil wees en dat bespreking/debat daaroor derhalwe in die akademiese domein behoort plaas te vind. Om dié aanspraak te ondersteun, het sy nege kriteria onderskei waaraan die biograaf moes voldoen – dinge wat hy moes “doen” om die teks te laat uitstyg bo 'n “chronologiese kompilasie” en dit te omvorm tot 'n wetenskaplike teks – en getoets. 'n Eerste stel kriteria het gestipuleer dat die biograaf soos enige wetenskaplike navorser 'n ondersoekvraag oor die onderwerp moet formuleer, sy/haar uitgangspunte oor die biografie as genre duidelik moet uiteensit en deurgaans “onberispelik” gedokumenteerde en kontroleerbare bronne moet gebruik. 'n Tweede stel kriteria het die manier benadruk waarop die biograaf met die voorhande inligting moes handel: hy/sy moet krities en “verantwoordelik” met die betroubaarheid van die bronne omgaan en duidelik onderskei tussen feite en fiksie, feite en interpretasies. 'n Verdere kriterium beklemtoon die stilistiese gesofistikeerdheid van literêre biografieë en nog een stipuleer dat die subjek in sy/haar tyd geplaas moet word sodat ideologiese aangeleenthede soos “politiek, gender, kuns, godsdiens” na die tafel gebring en invloede bepaal en beoordeel kan word. Die sentrale kriterium, egter, die “spil” waarom alles draai, is die strukturele ordening van die biografie: om die biografie finaal iets meer en anders te maak as 'n blote chronologiese narratief moes die biograaf 'n oorkoepelende ordeningsbeginsel daaraan oplê wat die chronologie oorstyg en 'n sekere ontwikkeling aantoon. Die gevolgtrekking waartoe die stuk na aanleiding van die toepassing van al die kriteria kom, is dat De Kock aan al die gestelde vereistes voldoen het om 'n wetenskaplike biografie te waarborg; by implikasie derhalwe ook dat Brink se biograaf nie die kritiek verdien het wat hy vir die biografie ontvang het nie.

Aanvaar 'n leser die konsensus-opvatting dat tekste wat as resensies geplaas word oor die algemeen bedoel is om oor die “gehalte” – hoe dié ook al gedefinieer mag word – van 'n teks te oordeel, is die vraag wat ná die lees van die resensie-essay bly spook of Van Niekerk van oordeel was dat die biograaf se “wetenskaplike werkwyse” die bydrae van die besondere

⁴ In Engels: De Kock, Leon. 2019. *The Love Song of André P. Brink: A Biography*. Jeppestown: Jonathan Ball. <https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=2136210>. In Afrikaans: De Kock, Leon. 2019. *André P. Brink en die spel van liefde*. Johannesburg: Jonathan Ball Uitgewers.

⁵ Van Niekerk, Annemarié. 2019. Leon de Kock se André P Brink en die spel van liefde: 'n LitNet Akademies-resensie-essay. <https://www.litnet.co.za/leon-de-kock-se-andre-p-brink-en-die-spel-van-liefde-n-litnet-akademies-resensie-essay/>

teks oorkoepelend verhoog het. Is 'n geslaagde wetenskaplike skrywersbiografie derhalwe sonder meer ook 'n goeie literêre biografie?

Van Niekerk kondig teen die einde van die LitNet-bespreking egter onverwags aan dat die bespreking nié bedoel was as 'n resensie nie en dat daar derhalwe nie op die meriete as sodanig van die biografie ingegaan is nie. Wanneer in die lig van dié inligting teruggekyk word op hoe die argument ontvou het, raak dit opmerklik dat die stuk nie soseer 'n "neutrale" bespreking of "wetenskaplike studie" is nie, maar eerder 'n apologia of betoog ter verdediging van die biograaf en sy subjek, iets wat des te meer opval wanneer die stuk naas ander besprekings geplaas word:

In nog 'n bespreking⁶ van die Brink-biografie, ook deur 'n vakkundige, maar dié keer in 'n vrouetydskrif, blyk 'n ander perspektief. Willie Burger betrek in sy resensie sommige van dieselfde kriteria as hier bo, maar formuleer hulle met die oog op lesers wat nie vakkundig onderlê is nie. Sy gevolgtrekking dat die Brink-biografie nié die "groot insiggewende biografie" is wat die biograaf homself ten doel gestel het om te lewer en die skrywer verdien het nie. Burger maak die punt dat die biografie juis omstrukturele redes misluk het, omdat die patrone wat die biograaf in Brink se (verhoudings)-lewe en skryfwerk raakgesien en tot strukturende beginsel vir die geheel verhef het – ten spyte van die aanvanklike pertinente insig wat dit verskaf – nie geskik is om die oorweldigende hoeveelheid beskikbare materiaal oor, rondom en deur Brink te dek en sinvol te orden nie. In stede daarvan om 'n omvattende begrip van en vir die kompleksiteit van die skrywer en sy werk in sy tyd te probeer bewerkstellig, het die biograaf gekies om op enkele elemente te fokus, veral op Brink se intieme verhoudings en seksuele ervarings en die invloed daarvan op sy skryfwerk (en omgekeerd). In die proses is aspekte van ewe veel en selfs méér belang vir 'n biografie wat "die definitiewe biografie" wil wees, weggelaat. In dié, verskraalde, konteks dien die strukturering om 'n verder-vereenvoudigde en (volgens die resensie) 'n tot vervelens toe herhaalde simplistiese (statiese) beeld van 'n komplekse en kontroversiële skrywer oor die gang van sy verskeie huwelike te skes.

Die klaarblykbare punt is dat die wetenskaplike strukturering van die Brink-biografie nie die gehalte van die produk kon waarborg nie. Dit lyk trouens of daar inherent ook bepaalde "gevaare" aan dié soort werkwysse verbonde is, waarvan (oor)vereenvoudiging een is: Soortgelyke kritiek het ook die eerste akademiese (wetenskaplike) biografie van Philip Roth byvoorbeeld te beurt geval waarin Ira Nadel sy biografie gestruktureer het rondom die tema van Roth se lewensbepalende woede (*rage*) en angs.

Lesers, veral vakkundiges, wat die besprekings rondom die Brink-biografie gevolg het, sou met reg kon wonder vir watter soort biografie die "wetenskaplike biografie" wat vroeg in die eeu in Nederland begin posvat het, as teenvoeter moes dien. In haar *apologie* verwys Van Niekerk na die biografie se slegte reputasie oor dekades heen en haal vakkundiges hieroor aan. Die biografie word beskryf as 'n "probleemgeval", 'n baster-genre wat vir almal wat daarby betrokke is "gevaar" inhou: die biograaf, subjek, leser, kritikus. Daar word nie ingegaan op presies wat dit is wat die biografie as genre so gevaarlik maak nie. Die oortuiging word wel uitgespreek dat die "reputasie van die biografie omgekeer (kan) word as daar groter duidelikheid kan ontstaan oor wat die vereistes vir 'n geslaagde literêre of wetenskaplike biografie is". Lesers van die stuk sou derhalwe verder ook kon wonder oor wie presies in dié besondere geval "groter duidelikheid" nodig gehad het. Dit was klaarblyklik nie Brink se

⁶ Burger, Willie. 2019. Willie Burger kyk na Leon de Kock se biografie van André P Brink. In: *Vrouekeur*, 22 Junie 2019. <https://www.vrouekeur.co.za/nuus-vermaak/kies-n-boek-andre-p-brink>

biograaf nie, want dié het volgens die bespreking aan al die vereistes voldoen: dus waarskynlik die lesers en kritici.

Waarmee teoreties geïnteresseerde lesers en kritici gelaat word, is 'n onderskeid tussen “wetenskaplike biografieë” vir die akademiese mark en “publieksbiografieë” (of ook “algemene biografieë”) wat vir die “massamark” bedoel is. Markkragte (en meer pertinent: uitgewers se bemarkingstrategieë) speel derhalwe 'n belangrike rol in die kategorisering van verskillende soorte biografieë en het in die geval van die Brink-biografie bygedra om die boek in die openbare verbeelding te vestig as 'n sensasiesoekende publikasie, vir die breë mark bedoel eerder as 'n soliede akademiese werk vir vakkundig ingewydes.

Van Niekerk erken dat die voorgenoemde onderskeid nie definitief is nie: biografieë in beide kategorieë kan op “wetenskaplike navorsing” gebaseer wees en “suksesvol” of geslaag wees. Die enigste beduidende onderskeid, word aangevoer, is dat die biograaf in die geval van algemene biografieë op 'n “vryer, losser interpreterende manier” met die materiaal omgaan, terwyl in die wetenskaplike biografie die biograaf 'n “akademiese benadering” volg. Só vaagweg geformuleer bring die onderskeid vir kritici wat individuele gevalle moet beoordeel nie duidelikheid oor die noodsaaklikheid of selfs net bruikbaarheid daarvan nie. Vakkundig beskou kom die betoog oor as 'n teorie op soek na 'n onderwerp of soos by die Renders-skool van denke by die Biografie Instituut aan die Universiteit van Groningen waarna in die apologie verwys word, as 'n akademiese dissipline op soek na 'n bestaansrede.

By voorbaat (2): Die Roth-biografieë: Kritiek

Die onderskeid tussen algemene en akademiese biografieë duik ook in ander kontroversies op, hoewel nie altyd op so 'n direkte manier as met die Brink-biografie nie. In die uiteenlopende kommentare ná die verskyning van Philip Roth se amptelike biografie⁷ wat uiteindelik 'n stroom vrae geword het oor omtrent elke faset van die kulturele gebeurtenis wat die publikasie simbolies verteenwoordig het, figureer die onderskeid feitlik terloops. 'n Moontlike rede is dat (literêre) teorie in Amerika in sommige oorde sedert die 1990's traksie begin verloor het en akademiëci wat hulle sedertdien met biografie bemoei en uitlaat daarvoor merendeels praktiserende biograwe is en oor die algemeen meer belangstel in die praktyk as in die teorie van die biografie as genre. Die kruisstrome in die kulturele konteks waarin die biografie in die 21ste eeu in Amerika beoefen word en volgehoue eksperimentering met die vorm in uiteenlopende kontekste maak dit ook redelik onwaarskynlik dat 'n omvattende teorie binne die afsienbare toekoms geformuleer sal word. Nietemin voeg die uiteenlopende kommentaar oor die Roth-biografieë 'n verdere dimensie by 'n kwessie waaraan ek in die derde en vierde bydraes meer aandag gee, wat blyk 'n vakkundige stryd om die oorheersing van die terrein van biografie-studie(s) te wees.

Kwessies wat na vore gekom het tydens die Roth-debat en aansluit by dié rondom die Brink-biografie behels kontroversies rondom opdraggewing vir, en daarmee saam rondom gemagtigde en niegemagtigde biografieë; die beskikbaarheid van en beheer oor toegang tot materiaal; die fyn balans tussen “(on)voldoende” kritiese afstand ten opsigte van die materiaal en empatie (of nie) vir die subjek; die onsekere onderskeid dikwels tussen feite, fiksie en interpretasies in die “werklike” lewe en in die biografie; strukturele aangeleenthede; die invloed van uitgewers en die media op die openbare mening oor biografieë; die bedoelde en werklike

⁷ Bailey, Blake. 2021. *Philip Roth: The Biography*. New York: WW Norton.

lesers van 'n biografie en hulle plek in die kulturele diskoers en, meer algemeen, die ontvangs of “resepsie” van biografieë in die sosiale en akademiese domeine. Verder ook vakkundige kwessies soos die onderskeid tussen of oorvleueling van kategorieë soos *algemene – akademiese/wetenskaplike – literêre* biografieë waaroor daar nie duidelikheid is nie.

Hierdie kwessies, soos dié rondom die Brink-biografie ook, laat hulle geredelik aan die hand van (Roman) Jakobson se bekende sespunt-kommunikasiemodel sistematiseer: in probleme wat hulle oorsprong het aan die senderkant (die kompleks wat gevorm word deur opdraggewer, biograaf en uitgewer); dié wat met die teks en onderliggende kodes verband hou; dié wat skakel met die konteks(te) waarbinne die teks funksioneer; dié wat met die bemiddeling van die teks tussen sender en ontvanger te maak het (die sogenaamde kanaal waarlangs die boodskap gestuur word); en dié wat aan die ontvangskant ontstaan. In die praktyk is die werking van die model kompleks as wat statiese voorstellings dikwels laat blyk. Die oorspronklike model is dan ook sedert Jakobson – en sy inspirasie Karl Bühler – se werk oor die jare uitgebrei, herhaaldelik verfyn en omvorm om die werking van tekste in uiteenlopende, komplekse kommunikasienetwerke beter te help verduidelik. Een van die basiese lesse wat navorsers egter by Jakobson en sy opvolgers sou geleer het, is dat in die praktyk tekste (dus biografieë ook, én teoretiese besprekings daaroor) nie as losstaande entiteite funksioneer nie en dat verduidelikings wat dié feit uit die oog verloor by voorbaat gevaar loop om die waarde van tekste binne die wyer kulturele diskoers te verskraal, iets wat lesers ook met die lees van die stukke in hierdie projek in gedagte kan hou.

Die aanleiding vir die omstredenheid van die Roth-biografie(ë) was 'n reeks voorvalle waarby Roth se amptelike biograaf betrokke was en wat aanvanklik op die oog af niks met die biografieë self te doen gehad het nie – opvallend baie soos dit die geval met die omstredenheid rondom die Brink-biografie was. Soos dikwels ook die geval is by kontroversies rondom biografieë sedert Freud se psigoanalitiese teorieë die twintigste eeuse sosiale verbeelding begin aanvuur het, was seksuele (wan)gedrag in die lewe en werk van beide die biograaf en sy onderwerp die spreekwoordelike vuurhoutjie by die lont. Berigte oor aanklagte teen die biograaf weens seksuele voorbereiding van jong skoolmeisies in sy sorg toe hy 'n onderwyser was en die verkragting later van een van hulle en van 'n kollega in die uitgewersbedryf het saamgeval met die bekendstelling van die biografie in die media en het binne weke vir die uitgewer en die eksekuteurs van Roth se nalatenskap in 'n probleem ontwikkel wat nie geïgnoreer kon word nie. Die uitgewer se reaksie (onder druk) was om die biografie aan die mark te onttrek en die kontrak met die biograaf op te skort, terwyl die eksekuteurs 'n tyd lank oënskynlik hulpeloos moes toekyk hoedat 'n geleentheid wat bedoel was om Roth se reputasie en statuut spoedig ná sy dood formeel te konsolideer, oorskadu word deur die skandaal rondom die biograaf. Dit was immers die verskyning van 'n amptelike biografie van 'n skrywer wat ten spyte van die omstredenheid van sy lewe en sy werk én te midde van toenemende kulturele bevraagtekening van die blote idee van groot skrywers, groot romans en 'n groot letterkunde in sommige kringe vereer is as “die laaste groot” Amerikaanse romanskrywer. 'n Skrywer wat skouers geskuur het met presidente en groot name in die rolprent-, teater- en literêre wêreld – 'n *celebrity*, 'n ster. En 'n geleentheid wat die boek in die openbare verbeelding moes vestig as die enigste deur Roth self gemagtigde biografie. In direkte kompetisie met die tweede, wat ironies genoeg, vier weke voor die amptelike biografie byna onopgemerk by 'n akademiese uitgewer verskyn het; in dié geval 'n biografie⁸ wat Roth

⁸ Nadel, Ira. 2021. *Philip Roth: A Counterlife*. Oxford University Press.

voor sy dood aktief probeer verhinder het deur regsdreigemente, die weerhouding van dokumente en die weiering van toestemming aan die biograaf om uit sy werk te mag aanhaal. Stappe wat uiteindelik 'n wesenlike impak gehad het op die struktuur van die uiteindelijke biografie, soos akademiese besprekings daarvan toon.

Aanvanklik het dit gelyk of die eksekuteurs maar vir lief geneem het daarmee dat die biograaf die skandaal kaap en met hulle implisiete goedkeuring die Roth-biografie laat verskyn het by 'n uitgewery wat reeds 'n reputasie opgebou het vir die uitgee van “bedenklike” boeke wat die norme van die Amerikaanse samelewing uitdaag. En op die koop toe 'n wyd aangekondigde kontrak met die uitgewer sluit om 'n memoir oor die skandaal te publiseer waarin hy volgens die reklame-materiaal verskeie “affiniteite” tussen hom en die onderwerp van sy biografie sou aantoon, 'n “bekentenis” wat onverwags aansluit by 'n waarneming deur een van die resensente⁹ van die Brink-biografie oor die waarskynlike affiniteite tussen Brink en sy biograaf en gewig verleen aan haar voorstel aan navorsers om 'n psigoanalitiese ondersoek daaroor te onderneem. Toe die eksekuteurs van die Roth-nalatenskap wel tot aksie oorgaan, was dit beslis. Die private Roth-argief is agter slot en grendel geplaas en ingevolge 'n vroeë stipulasie van Roth sou sekere van die persoonlike dokumente waartoe die biograaf eksklusiewe toegang gehad het en wat prominent in die biografie figureer, vernietig word. Wat onder andere sou meebring dat Roth-navorsers en toekomstige biograwe nooit die geleentheid sal kry om die feitlikheid van die amptelike biografie te kontroleer nie en die amptelike biografie *de facto* “die definitiewe biografie” sal bly. Die ooreenkomste met die nagevolge van die kontroversie rondom die Brink-biografie is ook hier ooglopend. In die lig van die behandeling van Brink se weduwee deur die biograaf en die uitgewer en ernstige besware deur kritici oor die beskikbaarstelling van die joernale aan die biograaf is daar 'n kans dat die materiaal wat die basis van die biografie gevorm het nie weer – of minstens nie gou weer – aan voornemende navorsers beskikbaar gestel sal word nie.

Steeds aan die produksiekant van die kommunikasieketting, het daar ook ander bewyse aan die lig gekom van die uiterstes waartoe Roth gegaan het om nie net sy biograaf self aan te wys nie, maar ook om die soort beeld wat sy gemagtigde biografie van hom sou voorhou, te beheer. En Roth het nie 'n droë akademiese biografie in die oog gehad waarin sy lewe en werk krities afstandelik op mekaar afgestem word nie, maar een wat hom “warts and all” in al sy “interessante” kompleksiteit sou toon; een wat nie sou wegsram van die walglike (*repellent*) nie, maar een wat sy “kant van die saak” sou stel. Wat op die oog af kontra-intuïtief oorkom, maar te midde van die Amerikaanse biografiese eksperimenteerlus rondom die millenniumwending, en sedertdien, boeiende moontlikhede vir die eweneens eksperimenteerlustige skrywer sou oopmaak waarvan sy biograaf dalk onbewus was (meer hieroor verder aan).

Die resepsie/ontvangs van die Roth-biografieë regverdig 'n afsonderlike studie. Opnames toon 'n uiteenlopende belangstelling in die twee biografieë ten spyte daarvan dat die akademiese biografie nie as sodanig bemark word nie en voornemende lesers hulle hoofsaaklik deur die posisionering van die uitgewer, Oxford University Press, moet laat lei. Om 'n beter begrip te kry van waar die swaartepunt van die biografiese diskoers oor *celebrity*-skrywerfigure soos Roth en Brink en ander skrywers lê en wat die kulturele invloed van die akademiese diskoers oor literêre biografieë in die 21ste eeu is, moet navorsers eerstens 'n beeld probeer vorm van wie die werklike lesers van dié soort biografieë is, hoeveel boeke in die voorskryfmark verkoop

⁹ Hambidge, Joan. 2019. Openhartig, ongehoord en totaal onverbloemd. *Beeld*, 20 Mei 2019, p. 9. https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/openhartig-ongehoord-en-totaal-onverbloemd-20190519?fbclid=IwAR3dNsmCZqzi2e7-swu4NJnm4_AfjVscq1Un1OIAHAefmTgAY0Pf3qE_9BU

word en hoeveel aankope byvoorbeeld deur biblioteke is. Daarvoor is betreklik akkurate verkoopsyfers nodig; navorsing in die verband word egter tans nog deur peperduur NielsenBookData-subskripsies aan bande gelê. 'n Opname by Amazon en Goodreads se webtuistes vroeg in 2025 toon egter wel dat sedert die verskyning van die twee werke in 2021 47 lesers een of ander rangordening aan die akademiese biografie toegeken het teenoor 1 788 graderings van die gemagtigde “algemene” biografie. Die laasgenoemde is eweneens nie watwonders nie, veral wanneer die verkoopsyfers van die biografieë van sommige ander sogenaamde glans- en kultusfigure¹⁰ in aanmerking geneem word. Die 2020-biografie¹¹ (die negentiende of twintigste tot dusver, afhangende van kriteria) van Sylvia Plath, wat sedert haar dood in 1963 'n kultusfiguur geword het, het intussen 4 107 graderings en 840 resensies op Goodreads gelok plus 1 082 graderings op Amazon. Die graderings van die Brink-biografie teen vroeg 2025 was 'n somtotaal van 40.

Die Literary Hub-platform lys en verskaf skakels na 37 resensies van die “algemene” Roth-biografie in die hoofstroommedia en in ander publikasies wat aan die bespreking van nuwe boeke toegewy word. Dié besprekings, wat meestal vóór die amptelike publikasiedatum (en vóór die skandaal) verskyn het as deel van die uitgewer se vooraf bemarkingsveldtog, wissel van positief tot entoesiasies. Tog was daar selfs voordat die aanklagte teen die biograaf in die media verskyn het ook resensente wat vrae gehad het: byvoorbeeld oor die manier waarop Bailey hom in Roth se lewensverhaal ingeskryf het, sy gebrek aan kritiese afstand van sy onderwerp, die grotendeels eensydige aanbieding van Roth se twistes met sy voormalige vroue en sy oormatige klem op die skrywer se sekslewe en huwelike; daarteenoor, die betreklik min aandag wat aan Roth se oeuvre bestee word.

Daar was min algemene bespreking in die hoofstroommedia oor Nadel se akademiese Roth-biografie en die ontvangs daarvan was oor die algemeen louwarm, wat, soos hier bo blyk, strook met die algemene ontvangs deur lesers op elektroniese platforms. Vakkundige kritiek wat mettertyd in toegewyde (vak)tydskrifte soos Roth Studies begin verskyn het, toon die slaggate waarin biograwe met analitiese, wetenskaplike biografieë kan trap en ook hoedat kritici na presies dieselfde gegewens kan kyk en tot radikaal uiteenlopende gevolgtrekkings kom. Een kritikus het byvoorbeeld lof gehad vir die wyse waarop die biograaf die skrywer se lewe en werk uitvoerig op mekaar afstem en van die biografie 'n “waardevolle toekomstige naslaanbron” maak ('n “literêre biografie” in een van die gebruike van die term). 'n Ander, daarteenoor, het die aanname in die biografie dat die skrywer se werk en lewe op 'n direkte manier in verband gebring kan word, as “onkrities” afgemaak en die biograaf gekritiseer as “toondoof” vir Roth se ironiese werkwyse. Roth het oor jare aantoonbaar uit sy pad gegaan om sowel in die algemene omgang as in sy kreatiewe werk bepaalde indrukke of persepsies oor/van hom te bevorder, net om hulle daarna weer te destabiliseer. In die proses het hy 'n “outobiografiese” oeuvre tot stand gebring wat gekenmerk word deur 'n volgehoue eksperimentering met “outeurskap, waarheid, misleiding, toedigting, geheue, representasie en identiteit” en daarop gemik is om alle sekerheid of vastigheid vir die ontvangers van sy tekste te ondermyn.

¹⁰ Byvoorbeeld dié van twee lede van die Britse koninklike familie: dié van die destydse prinses van Wallis, Diana, waarna JC Kannemeyer in 'n voordrag verwys het oor probleme wat die ontwikkeling van die literêre biografie in Afrikaans aan bande gelê het en *Spare*, die biografie-cum-memoir van die prinses se jongste seun, wat tans die status beklee as “die vinnigstverkopende biografie in die geskiedenis”.

¹¹ Clark, Heather L. 2020. *Red Comet: The Short Life and Blazing Art of Sylvia Plath*. New York: Alfred A. Knopf.

Die gevolg is dat sommige kritici Bailey se gemagtigde biografie, op grond van Roth se volgehoute inmenging en “manipulasie”, as ’n voortsetting van die skrywer se eksperimentering sien; ’n strategie wat van Roth in ooreenstemming met die trajek van sy oeuvre die spookskrywer (of minstens medeouteur) van sy eie biografie sou maak. Waarmee ’n ander gebruik van die termpaar “literêre biografie” geaktiveer word wat in ’n postmoderne konteks ’n spesifieke betekenistoepassing aanneem: dié van die biografie as (’n onstabiele) literêre teks. Dusdoende beweeg die navorser op die terrein van kontroversies wat met die teks en die kodes wat dit onderlê te make het, asook met die kontekstualiserende kanale waarlangs tekste tussen senders en ontvangers bemiddel word.

By voorbaat (3): “Literêre biografie”

Dit mag die moeite werd wees om hier vooraf te let op ’n paar maniere waarop die termpaar “literêre biografie” in die literêre diskoers gebruik word, omdat meer duidelikheid hieroor in die teoretiese stukke wat in die vooruitsig gestel is kan help om die akademiese vyandigheid uit sekere oorde oor die omgang met biografie in ’n literêre konteks beter te begryp.

“Literêre biografie” akkommodeer verskeie betekenistoepassings; ek wys op drie wat pertinent vir die huidige doeleindes ter sake is:

1) Die termpaar word onder andere gereeld gebruik om losweg te verwys na wat JC Kannemeyer verkies het om eerder “skrywersbiografieë” te noem: algemene biografieë van digters, dramaturge en prosaskrywers wat ’n bepaalde statuur in die literêre kanon en/of ’n vergelykbare status in die openbare lewe verwerf het wat ’n sistematiese oorsig oor die verloop van so ’n skrywer se persoonlike en openbare lewe sou regverdig. Sulke biografieë was op ’n tyd baie hagiografies van aard – ’n viering van die prestasies van die gebiografiseerde onderwerp. Die opkoms van die psigoanalise en die invloedryke voorbeelde van Freud en die Britse biograaf Lytton Strachey het die aandag van literêre biograwe in die twintigste eeu egter toenemend laat verskuif na persoonlike aspekte van die skrywer se lewe wat voorheen as taboe beskou is. Voorbeelde in Afrikaans sluit in Leon Rousseau se biografie van Eugène Marais waarin aandag gewy word aan Marais se morfiënverslawing, JC Kannemeyer se biografie van CJ Langenhoven wat onder meer ook die skrywer se drankverslawing beskryf, JC Steyn se Van Wyk Louw-biografie wat Louw se buite-egtelike verhouding met die digter Sheila Cussons betrek en die genoemde Brink-biografie van De Kock met sy swaar klem op die skrywer se sekslewe wat kritiek uitgelok het.

Spesifieke gebruiksvoorbeelde laat blyk dat daar onderliggend aan die bogenoemde toepassing van die termpaar dikwels ’n kulturele standaard veronderstel is/word wat bepaal dat hoë of groot letterkunde die hoogtepunt van ’n kultuur is waarin literêre skrywers die topposisie beklee. “Literêre biografieë” in dié konteks sluit weliswaar dikwels ook biografieë in van ander kreatiewe verteenwoordigers van die kulturele groep, byvoorbeeld musici, kunstenaars, argitekte, hoewel in mindere posisies, soos wanneer Kannemeyer se biografie van sy vriend, die argitek Hannes Meiring, ook vermeld word wanneer sy literêre biografieë ter sprake kom. Dié, meestal onuitgesproke, kulturele vooroordeel bring ook mee dat besprekings oor “die literêre biografie” dikwels sonder verduideliking ’n diskoers word oor “die biografie” sonder meer, waar die (meestal ongedefinieerde) “literêre biografie” diens doen as prototipe van die genre in die geheel.

Van die kritiek wat Steyn se “lewensverhaal” van Louw uitgelok het dui egter op ’n tweede gebruik van die termpaar. Te midde van groot lof wat die biografie toegeswaai is, was daar ook kritiek oor die (te) min aandag in die “verhaal” aan Louw se digkuns, wat insiggewend

is wanneer dit saamgelees word met die kritiek op wat kritici ervaar het as Steyn se afskeep van die verhouding tussen Louw en Cussons in weerwil van die bewese kreatiewe neerslag van dié verhouding in die werk van albei digters. 2) Die tweede gebruik van die termpaar dui naamlik op 'n klemverskuiwing in verwagtinge van wat literêre biografieë is en doen. In dié betekenistoepassing verwys die termpaar na biografieë waarin die biograaf 'n vakkundig onderlegde lesersgroep in die oog het en die klem laat val op die kreatiewe prestasie van die skrywer binne die raamwerk van sy lewensverloop en die tyd waarin hy geleef het en aktief was, en veral die maniere waarop dié fasette mekaar onderling beïnvloed of weerspieël, op die manier wat Nadel (hier bo) probeer doen het.

Opvallend was voorbeelde van literêre biografieë binne dié “kategorie” tot min of meer die laaste dekade van die vorige eeu merendeels biografieë deur “manlike biograwe” oor “manlike skrywers”. Ook hierdie gebruik veronderstel derhalwe 'n meestal onuitgesproke vooroordeel, soos wanneer die relatief min literêre biografieë oor vroueskrywers byvoorbeeld ter sprake kom. Vrae oor die onderverteenwoordiging van vroue in die literêre kanon word dikwels met teenvrae beantwoord. In die Amerikaanse hoofstroommedia was daar in 2013 byvoorbeeld nog die vraag oor waar die groot Amerikaanse roman deur 'n vroueskrywer dan is? Die vooroordeel resoneer ook in Afrikaanse kritici se “verbasing” oor die aantal biografieë en biografiese studies wat al oor Ingrid Jonker verskyn het sedert haar dood in 1963, terwyl (manlike) literatore haar meestal as 'n “mindere figuur” in die Afrikaanse letterkunde waardeer (het); of in die oordeel oor Elisabeth Eybers, wat lank bloot as “'n aanvullende figuur” in die vroeë Afrikaanse kanon gereken is; of in Olga Kirsch se geval, oor wie se biografie daar in 2018 ook polemieks was, en wat op die koop toe as 'n figuur “buite” die Afrikaanse hoofstroomkultuur geposisioneer word. Dit resoneer ook in die verwondering oor die steeds groeiende biografie-“industrie” rondom Sylvia Plath, wie se literêre statuut grootliks eers ná haar dood (en danksy haar destyds vervreemde eggenoot, Ted Hughes) gevestig is. Dieselfde vooroordeel “verklaar” deels dalk ook die feit dat daar nog nie 'n literêre biografie oor Cussons verskyn het nie.

Dit is dikwels hierdie “sub-kategorie” van die literêre biografie wat op die spel is wanneer die akademisering van die beoefening en bestudering van die biografie ter sprake kom en “teorie” bygehaal word om 'n verbandlegging tussen 'n skrywer se lewe en sy literêre oeuvre te regverdig. Nadel se Roth-biografie en die kritiese reaksies daarop gee 'n aanduiding van die problematiese aard van dié gebruik. Sommige kritiese besprekings maak byvoorbeeld die punt dat Nadel ten spyte daarvan dat hy dit as doelwit vir homself gestel het en ten spyte van sy nougesette afstemming van die lewe en die werk van Roth nie 'n oortuigende “psigobiografie” tot stand kon bring nie. Omdat hy op die openbare rekord moes steun vir materiaal vir die biografie en 'n oorfloed fyn besonderhede as bewyse moes aanbied, was die mening onder kritici dat die resultaat eerder 'n “sosiobiografie” is wat die subjek en sy oeuvre in 'n reeks sosiale kringe inbind as wat dit insig in Roth die uitsonderlike man en sy werk bied.

3) Nog 'n gebruik van die termpaar wat aandag verdien, plaas die “literariserende” aspek van biografieë – (veral) in reaksie op die postmodernisme – op die voorgrond. Hiermee word bedoel die inspan van strategieë wat tradisioneel gebruik sou word om die status van 'n teks binne die literêre domein (as fiksie) te sinjaleer, soos wanneer Kannemeyer, Langenhoven se biograaf, in 'n andersins konvensionele biografie¹² 'n raamvertellingstegniek inspan om die biografie te help orden of wanneer die biograaf van Sarah Goldblatt – laasgenoemde eksekuteur en intieme vertroueling van Langenhoven – na aanleiding van die enigma van die twee se

¹² Kannemeyer, John Christoffel. 1995. *Langenhoven, 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.

verhouding haar biografie¹³ as 'n speurverhaal struktureer. Bailey se Roth-biografie is 'n komplekser en meer ambivalente geval soos ek probeer aantoon. 'n Meer ekstreme Afrikaanse voorbeeld van 'n biografie wat die poreuse grense tussen feite, interpretasie en fiksie uitdaag en literêr kompliseer, is Stephanus Muller (2014) se biografie¹⁴ van die modernistiese komponis Arnold van Wyk, *Nagmusiek*, wat belangrike pryse vir beide fiksie en niefiksie verower het.

Die gebruik van die termpaar *resoneer*, soos in die voorbeeld van Kannemeyer se Langenhoven-biografie (hier onder), meer algemeen in konvensionele akademiese beskouings wat op die biografie as 'n narratiewe literêre aktiwiteit fokus. Dit is opvattinge wat die klem laat val op die narratiewe sintese van die lewe-en-werk in biografieë in teenstelling tot biografieë wat volstaan met 'n beredeneerde (rasionele) uiteensetting van die analitiese of tematiese geleidinge van die lewe en die werk. Hiermee, voorlopig, enkele voorbeelde van die tipe komplikasies waartoe 'n "losse" gebruik van die termpaar aanleiding kan gee: (a) So byvoorbeeld het sommige resensente, ten spyte van Kannemeyer se aandrang daarop dat biograwe nie literêre kunstenaars (romanskrywers) is nie (en by implikasie dat biografieë nie as/soos romans hanteer behoort te word nie), sy Langenhoven-biografie aangeprys juis omdat dit "soos 'n roman" lees (met ander woorde soos 'n roman gestruktureer is), terwyl ander die volgehoue litanie van besonderhede in die biografie opgemerk en gekritiseer het. b) In die genoemde studie van die Van Wyk Louw-biografie gebruik Van Coller (2020) ook, onder andere, die idee van die biografie "as roman", as *literêre teks*, as teoretiese grondslag om die gebreke uit te wys van wat Steyn persoonlik as 'n *ongekunstelde feitelike narratief*, "verhaal" of "kroniek", van Louw aangebied het. c) En in 'n bespreking van Bailey se gemagtigde Roth-biografie in *The New York Times* prys Cynthia Ozick *Philip Roth. The biography* (anachronisties) aan as "'n narratiewe meesterstuk" in die 19de eeuse realistiese tradisie van Dostojefski:

19th-century novel lives on. Its name today is Biography; its nature is that of Dostoyevskian magnitude. And Blake Bailey's comprehensive life of Philip Roth – to tell it outright – is a narrative masterwork both of wholeness and particularity, of crises wedded to character, of character erupting into insight, insight into desire, and desire into destiny. Roth was never to be a mute inglorious Milton. To imagine him without fame is to strip him bare.¹⁵

Vorentoe

Wanneer die ontvouende akademiese diskoers oor die (literêre) biografie in die Afrikaanse en Nederlandse konteks(te) teen dié agtergrond beskou word, word dit duidelik dat in bepaalde kontekste spesifieke gebruiksmoontlikhede van die termpaar strategies geaktiveer word om die "literêre biografie" af te speel teen die teoreties begeleide of wetenskaplike biografie waarvan die Groningense Biografie Instituut onder andere 'n voorstander is. In die debat, waarop in die derde en vierde opstelle teruggekom word, word die "literêre biografie" dissiplinêre strategies geposisioneer om in te staan vir alles wat (sommiges in) die akademiese gemeenskap

¹³ In Afrikaans: Malherbe, Dominique. 2021. *Op Soek na Saartjie: Langenhoven se Geheime Liefde*. Kaapstad: Tafelberg. <https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlabk&db=nlabk&AN=2905953> - In Engels: Malherbe, Dominique. 2021. *Searching for Sarah: The Woman Who Loved Langenhoven*. Cape Town: Tafelberg.

¹⁴ Muller, Stephanus (en Arnold Van Wyk). 2014. *Nagmusiek*. Johannesburg: Fourthwall Books.

¹⁵ Ozick, Cynthia. 2021. His life as A man. *New York Times Book Review*, 11 April 2021. <https://www.proquest.com/magazines/his-life-as-man/docview/2510531759/se-2> (toegang bevestig op 17 Julie 2025).

meen “gevaarlik” is omtrent die biografie as genre en die rede waarom dit in ’n akademiese konteks “gereguleer” behoort te word.

Biograwe reflekteer eeue al oor die biografie: oor die uitdagings van die genre en oor hulle werkwyses. Hulle beskouings en veralgemenings reflekteer merendeels eie praktyke, by tye “in gesprek” met ander, maar vorm ’n lang, ryk tradisie wat met vrug bestudeer kan word. Akademiese navorsers het eers regtig in onlangse dekades sistematies begin kennis neem. Die opkoms van ’n toegewyde akademiese belangstelling in die biografie dateer soos reeds gemeld drie, vier dekades terug. Die toedrag van sake laat verskeie vrae in die midde. Byvoorbeeld: waarom juis ’n “wetenskaplike” benadering, waarom juis nou op dié tydstip? Waarom is die literêre biografie só ’n probleem vir sommige wetenskaplikes? En: het die wetenskaplike diskoers daaroor (al) die antwoorde? Hierdie is van die vrae wat ek veral in die twee “teoretiese” bydraes aan die orde stel en binne ’n historiese raamwerk probeer posisioneer. Eers, egter, vra ek die vraag: wat kan kontroversies oor en na aanleiding van literêre biografieë ons meer algemeen leer?

Biografie in konteks – wat kontroversies ons kan leer: 1) Leon de Kock en André P Brink en die spel van liefde

Biography in context – what we may learn from controversies: 1) Leon de Kock and André P Brink en die spel van liefde

RONÉL JOHL

Emeritus professor

Skool vir Tale

Universiteit van Johannesburg

Suid-Afrika

E-pos: csjohl@uj.ac.za

ABSTRACT

Biography in context – what we may learn from controversies: 1) Leon de Kock and André P Brink en die spel van liefde

On a re-reading of certain newspaper reviews of the Afrikaans version of Leon de Kock's biography of André P Brink, it is striking that (Afrikaans) literary academics have generally been reluctant in venturing out on matters that could be argued to fall strictly "outside the boundaries" of the work under discussion, even if these matters involved issues that closely affect the text, such as: (1) the impact of the controversial genesis and publication history of the Brink biography on the text and (2) the perceived synergy between the biographer's (general) behaviour towards women – as it came to light before and at the time of the book's launch – and his treatment of the many women in the biography.

Moreover, in academic literature on biography, there are regularly statements suggesting that academics are generally still "afraid" of the biography as a genre. For example, in a review article of the Afrikaans version of the Brink biography, Annemarié van Niekerk mounts a defence of the biography, starting off with a reference to the lingering reputation of the biography as "disrespectable", "dangerous", a "hybrid". This supposedly "untamed" nature of the genre often serves as motivation to withdraw the discourse on biography within the safe confines of the academic disciplines, where controversial topical issues seemingly do not have to be adjudicated, but rather be avoided, which Van Niekerk also does in her article review. The question, however, then becomes, among other things, which of the academic disciplines should assume the responsibility of formulating a general theory of biography (this is a question I would like to examine in further pieces). At present, there is still no satisfactory theory of biography.

The current article takes as a starting point the idea of the (literary) biography as a text within a social-historical communication network, an approach which involves, among other things, that the biography is not withdrawn from any controversies that may surround it. A communication network model makes it possible to account for various connections which a text (biography) enters into and maintains across time and space in particular contexts of the

Datums:

Ontvang: 2024-04-15

Goedgekeur: 2025-07-23

Gepubliseer: September 2025

communication with different elements: from its origins and production to its reception. A second premise assumes that particular facets of the surrounding reality in which each text is embedded also take the form of texts (marketing pieces, announcements, reports, interviews, etc.). In the case of so-called epitexts, this involves those texts surrounding a particular text (biography) that may influence its reception and interpretation. A third premise holds that the collection of epitexts that surround a contested main text can be constructed as a narrative in order to shed light on the main text (biography). It is hoped that this can be done in ways that do not skirt the complex issues of the text-in-communication (the biography in context), and honour the integrity of the process.

The reconstruction of the epitext of Leon de Kock's literary biography of Brink, André P Brink en die spel van liefde, has yielded data that destabilise the main text and seem to put in question claims about the scientific integrity of the biography, an observation which a critical textual study of the biography itself could usefully explore in greater depth.

KEYWORDS: literary legacy, literary widows, controversial biographies, public text, epitext as narrative, communication network model, sender complex, epitext as narrative, context, paratext

TREFWOORDE: literêre nalatenskap, literêre weduwees, omstrede biografieë, openbare teks, epitekse as narratief, kommunikasienetwerkmodel, senderkompleks, epitekse, konteks, parateks

OPSOMMING

By 'n herlees van resensies oor Leon de Kock se 2019-biografie van André P Brink, *André P Brink en die spel van liefde*, is dit opvallend dat Afrikaanse literêre akademici oor die algemeen lugtig was om hulle uit te laat oor omstrede sake wat dalk geredeneer sou kon word streng "buite die grense" van die werk onder bespreking val, al het dit kwessies betrek wat blyk die teks ten nouste raak. Dit sluit in kwessies soos: 1) die impak van die omstrede ontstaan- en publikasiegeskiedenis van die Brink-biografie op die teks en 2) raakpunte tussen die biograaf se (algemene: buite-tekstuele) optrede teenoor vroue soos dit voor en ten tye van die bekendstelling van die boek aan die lig gekom het en sy hantering van vroue in die biografie self.

In akademiese literatuur oor die Brink-biografie was daar uitsprake wat daarop dui dat akademici oor die algemeen nog "bang is" vir die biografie as genre. Annemarié van Niekerk (2019) verwys byvoorbeeld in 'n resensie-artikel van *André P Brink en die spel van liefde* onder andere na die voortslepende reputasie van die biografie as "onrespektabel", "gevaarlik", 'n "baster". Dié veronderstelde "ongetemdheid" van die genre dien dikwels as motivering om die diskoers oor die biografie as genre terug te trek binne die veilige grense van die akademiese dissiplines, waar daar nie oor kontroversiële aktuele aangeleenthede uitspraak gelewer hoef te word nie, wat Van Niekerk ook in haar LitNet-resensieartikel doen. Die vraag word egter dan onder andere watter van die akademiese dissiplines die verantwoordelikheid moet aanvaar om 'n algemene teorie van die biografie te formuleer (dit is 'n vraag wat ek in verdere stukke in meer besonderhede onder die loep neem). Tans is daar nog nie 'n bevredigende omvattende teorie van die biografie nie.

Die huidige artikel neem die idee van die (literêre) biografie as 'n teks in 'n sosiaal-historiese kommunikasienetwerk as vertrekpunt; dit behels onder meer dat die biografie nie aan die kontroversies wat dit omring, onttrek word nie. 'n Kommunikasienetwerkmodel maak dit vir navorsers onder andere moontlik om verbande te verreken wat 'n teks (soos die biografieë wat in hierdie en die volgende bydrae ter sprake is) oor tyd en ruimte heen, in bepaalde

Die probleem is dat die “tekste” in die argief, op sigwaarde geneem en in isolasie beskou, nie ongekwalfiseerde of ongekompliseerde “houers” van die waarheid is nie, omdat hulle – kontra die indruk wat die geïsoleerde items mag wek wat op die rakke van “die argief” verpak staan in dose – nie somer losgemaak kan word van die konteks van hulle makers en van hulle tyd en plek van “making” of “skepping” nie; en beskou ’n mens hulle as deel van ’n kommunikasienetwerk, soos hier die geval is, ook nie van die biograaf wat die bronne medieer en interpreteer nie. ’n Uitspraak wat Brink se biograaf na aanleiding van sy lees van ’n sentrale “hoofstuk” in die skrywer se liefdesgeskiedenis maak, is illustratief hiervan. De Kock, kommunikerende met sy lesers, beskryf hoe Brink herhaaldelik na sy oorspronklike “rou” joernaalinskrywings oor hom en Ingrid Jonker teruggekeer het om die teks in die kantlyne te korreger en te verander: eerstens is daar die teks waarin die skrywer “vir die eerste keer sy rou weergawe van die verhouding vertel. Maar as ‘rolspeler’ én ‘waarnemer’ sy woorde en daarna sou hy die gebeure eindeloos herlees en in kantaantekeninge korreger of verander soos dit hom pas”.⁶⁴ Van Niekerk (2014), op haar beurt, skryf in haar resensiestudie van die biografie uitgebreid oor al die maniere waarop De Kock in sy (kommunikatiewe) teks te werk gegaan het om die waarheid van Brink se “woorde” in sy joernale vir sy lesers op ’n krities verantwoordelike wyse te verifieer. Ten spyte van sy pogings, was resensente soos Hambidge en Meiring nie oortuig dat die Brink-biografie die onverdunde waarheid aan lesers aanbied nie en beide het dit reguit aan hulle lesers gekommunikeer.

Die vraag in die huidige stuk is wát die ontstaan- en publikasiegeskiedenis van die Roth-biografieë kan toevoeg tot verwagtinge omtrent waarheid en objektiwiteit van/in literêre biografieë.

⁶² Boek oor Brink dalk omstrede – Wei uit oor 5 huwelike, baie affairs, Beeld (Johannesburg, South Africa), May 14, 2019, p. 7.

⁶³ ‘Hierdie boek – het my byna – doodgemaak’ – Net soos André P. Brink, begeer Leon de, Rapport (Johannesburg, South Africa), June 2, 2019, p. 12, 13.

⁶⁴ <https://www.netwerk24.com/netwerk24/hierdie-boek-het-my-byna-doodgemaak-20190602>

Philip Roth en sy nalatenskap

Beide Brink en Roth was omstrede in hulle lewe en werk. Vir (Suid-)Afrikaanse lesers van Amerikaanse letterkunde wat in die 1960's en '70's grootgeword het, was beide ook ikone. Dit was 'n geslag letterkundeliefhebbers wat hulle eerste kennismakings met die werke van Oos-Europese (verset)skrywers van agter die ystergordyn, soos Kundera, Schulz, Hrabal, Gombrowicz, Kiš, in die boekwinkels van die tyd in buurte soos Hillbrow, Braamfontein en Melville – en, via hierdie werke en die begeleidende inleidings, blootstelling aan 'n tydsgees wat soos 'n voorbode by Suid-Afrikaners geresoneer het – te danke gehad het aan Roth en aan Penguin Books. Roth naamlik was die algemene redakteur van die “Writers from the Other Europe”-reeks wat Penguin tussen 1976 en 1983 uitgegee het met inleidings deur figure soos Carlos Fuentes, Irving Howe, Joseph Brodsky, Heinrich Boll, Angela Carter, Czesław Miłosz, Leszek Kołakowski, Jan Kott, John Updike en Josef Škvorecký.⁶⁵ Roth was ook 'n Kafka-man. Binne dié wye konteks het literêre figure soos Brink en Etienne Leroux vir/namens rebelse jong Afrikaanse kreatiewes en lesers die *mantel opgeneem en die vaandel van verset teen die “establishment”* gedra.

1.

Roth was in die laaste jare van sy lewe legendaries onseker oor waarvoor hy die bangste moes wees: sy dood of sy biografie. Soos CJ Langenhoven plaaslik was hy skynbaar ook baie benoud oor wat biograwe oor hom sou skryf. Anders as Langenhoven, wóu Roth egter 'n biografie hê en het alles binne sy vermoë gedoen om die uitkoms daarvan te beïnvloed; om die misverstand wat hy geglo het oor sy werk en sy lewe bestaan het finaal uit die weg te ruim en eiehandig die grondslag te lê vir die beeld wat nadoods van hom sou voortleef. Die uiteindelijke publikasie van Blake Bailey (2021) se *Philip Roth: The biography* het wyd opslae gemaak – om al die verkeerde redes – en in die proses ook Ira Nadel (2021) se *Philip Roth: A Counterlife* in 'n woordetwis ingesleep.

2.

Roth is in 'n stadium as (die laaste) Groot Amerikaanse Romanskrywer aangeprys. Sewe jaar ná sy dood, en 'n bietjie meer as vier jaar ná Bailey se biografie, is sy naam grootliks afwesig in elektroniese lyste van Great American Novelists – dalk net tydelik, maar tog veelseggend. Die verskuiwing kom boonop te midde van die groter debat oor die nut van die idee self van die “Groot Amerikaanse Roman”. 'n Jaar vóór Roth se dood het Ursula le Guin – ook op die ranglys, maar laag – die vraag gevra: “Who Cares About the Great American Novel?” Die subopskrif van haar meningstuk was veelseggend: “Against a Uselessly Competitive, Hopelessly Gendered Concept.”⁶⁶ Dít was na aanleiding van 'n vraag van die *New York Times* se “Bookends” oor waar die groot Amerikaanse roman deur 'n vrou is. Le Guin het haar antwoord begin deur die vraag deels te kontekstualiseer na aanleiding van 'n antwoord wat 'n ander romanskrywer, Mohsin Hamid, aan die hand gedoen het:

... Bear with me as I advocate the death of the Great American Novel.

⁶⁵ <https://neglectedbooks.com/?p=7808>

⁶⁶ <https://lithub.com/ursula-k-le-guin-who-cares-about-the-great-american-novel/>

The problem is in the phrase itself. “Great” and “Novel” are fine enough. But “the” is needlessly exclusionary, and “American” is unfortunately parochial. The whole, capitalized, seems to speak to a deep and abiding insecurity, perhaps a colonial legacy. How odd it would be to call Homer’s “Iliad” or Rumi’s “Masnavi” “the Great Eastern Mediterranean Poem.” (*ibid.*)

Le Guin se argument verskuif die aandag na ’n ander een van twee van die groot kwessies – ooreenvoellig: ras en geslag – wat debatte oor die Weste in die 21ste eeu domineer, om ’n blik te bied op die klimaat waarin Roth aan die einde van sy lewe sy reputasie probeer konsolideer het:

Greatness, in the sense of outstanding or unique accomplishment, is a cryptogendered word. In ordinary usage and common understanding, ‘a great American’ means a great American man, ‘a great writer’ means a great male writer. ... Greatness in the abstract, in general, is still thought of as the province of men. || The writer who sets out to write the great American novel must see himself as a free citizen of that province, competing on equal ground with other writers, living and dead, for a glittering prize, a unique honor. His career is a contest, a battle, with victory over other men as its goal. (He is unlikely to think much about women as competitors.) Only in this view of the writer as a fully privileged male, a warrior, literature as a tournament, greatness as the defeat of others, can the idea of ‘the’ great American novel exist. (*ibid.*)

Die “outeur” op soek na ’n biograaf

1.

Die amptelike weergawe van Roth se soektog na en sy uiteindelijke aanwysing as biograaf het Bailey in die Roth-biografie self vertel, maar verskillende variasies daarvan het ook tydens die bekendstelling van die biografie opgeduik in onderhoude met hom en met vriende en kennisse van Roth. In ’n stuk vir *The New York Times Magazine* vang Mark Oppenheimer die onstuimigheid van dié geskiedenis vas:

By 2012, when Roth gave Blake Bailey access to his papers, friends, little black book and innermost thoughts, Roth had parted ways with two previous biographers, courted another and threatened to sue a third. But Bailey, who had appealed to Roth with a sympathetic ear and a brazen request for the job, persuaded the aging author.⁶⁷

Dit blyk Roth het oor die jare minstens vyf kandidate oorweeg – ’n soektog wat hy in alle erns begin het ná die verskyning van sy voormalige vrou Claire Bloom se herinneringe *Leaving a Doll’s House: A Memoir* in 1996. Hoewel die indruk van Bloom se memoires was dat dit ’n betreklik genuanseerde beeld probeer gee het van ’n romanse wat skeefgeloop het, was Roth diep gegrief – tot die bitter einde. Oor die daaropvolgende jare het hy tot verskeie uiterstes toe gegaan om die “skade” van Bloom se boek te probeer teenwerk: sy eerste stap was ’n dokument van 295 bladsye lank getitel “Notes for My Biographer”. “I thought: Someone’s got to correct this story, or this is going to be the story,” het hy later aan die biograaf gesê wat hom uiteindelik sou help om sy waarheid aan die wêreld te vertel (*ibid.*). Vriende en adviseurs het Roth afgeraai om die Notas te publiseer.

⁶⁷ <https://www.nytimes.com/2021/03/30/magazine/philip-roth-biography-blake-bailey.html>

Die tweede stap was om 'n biograaf aan te stel wat sy kant van die saak kon stel: in 2004 het Roth Ross Miller, 'n neef van die Amerikaanse dramaturg Arthur Miller en professor aan die Universiteit van Connecticut aangestel, iemand wat Roth in 'n stadium as 'n nabye vriend gereken het. Miller het oor 'n periode van sowat twintig jaar verskillende weergawes van Roth se werke-in-wording gelees en was gevolglik 'n belangrike vroeë leser van Roth se romans van die 1980's en 1990's. Hy was/is ook die redakteur van die Library of America se versamelde werke van Roth.

Roth was egter nie tevrede met Miller se werk aan die biografie nie en het volgens wat Bailey aan Oppenheimer te kenne gegee het probeer om stukke wat hy onder oë gekry het te herskryf (*ibid.*). Vyf jaar later is Miller aan die projek onttrek: op die oog af omdat hy nie al die onderhoude met bejaarde familie en vriende wat Roth vir hom gereël het gevoer het nie, nie vinnig genoeg na Roth se sin gevorder het nie en boonop 'n opinie gehad het oor Roth se gedrag teenoor sy vroue wat nie met die skrywer se persoonlike siening van die werklikheid gestrook het nie. Toe hy die projek verlaat het, moes hy die bande met onderhoude wat hy wel gevoer het aan Roth oorhandig. Roth, gegrief deur wat hy bestempel het as Miller se onbeholpe tegniek, het op elke segment skriftelike kommentaar gelewer. Dié kommentaar het hy in 'n lang dokument saamgevat wat hy die titel "Notes on a Slander-Monger" gegee en later tot Bailey se beskikking gestel het. Wat Miller betref: "... Roth railed against Miller to his last day," het Bailey aan Oppenheimer vertel (*ibid.*). Miller self wou nie op die bewerings in Bailey se biografie kommentaar lewer toe Oppenheimer hom genader het nie en Andrew Wylie, Roth se agent en een van die eksekuteurs van die Roth-nalatenskap, was ontwykend toe hy gevra is of die Roth-trust Miller sal dagvaar as hy met Oppenheimer sou praat: "I really don't want to go into that" (*ibid.*).

Dit wil voorkom of die vrae wat Miller gevra het en die antwoorde van die respondente nie met Roth se sienings van die waarheid gestrook het nie, want daar is nêrens 'n aanduiding dat hy die bande self met die "rou" inligting aan sy amptelike biograaf beskikbaar gestel het nie.

Toe die Miller-aanstelling nie uitwerk nie het Roth vervolgens eers Stanford-professor Steven Zipperstein genader wat aangedui het dat hy "teen 'n gemagtigde biografie" besluit het.⁶⁸ In die prentjie was daar ook Roth se vriendin Judith Thurman, joernalis, skrywer vir die *New Yorker* en 'n bekroonde biograaf na wie Roth lank verwys het as sy toekomstige biograaf. Teen 2010 het Roth egter die Britse biograaf en akademikus Hermione Lee genader, 'n stap wat hy blykbaar gou berou het. In die eerste plek sou hy moes wag, want Lee was besig met 'n biografie van Penelope Fitzgerald. Maar daar was ook 'n ander rede: "He did not want to be remembered throughout posterity as a person who didn't like women," het 'n skrywer na aan Roth Oppenheimer laat verstaan, "And he thought that that was going to happen if he had a feminist biographer."⁶⁹ Toe, met die aanbod aan Lee nog hangende, het Bailey Roth in 2012 genader. Ook Lee wou nie kommentaar lewer toe Oppenheimer haar in 2021 genader het vir sy stuk oor Bailey en die komende Roth-biografie nie.

Uit beskrywings van die kandidate – in die biografie, en elders – kry lesers 'n taamlik goeie idee van die biograaf waarna Roth op soek was: iemand wat lojaal sou wees, nie geïntimideer is deur die skrywer se omstredenheid nie, wat sy werk ken en positief is daaroor, begrip toon vir die Joods-Amerikaanse kwessies waarteen Roth in opstand was (verkieslik self van Joodse herkoms), iemand wat die negatiewe persepsies oor sy seksisme en misogenie

⁶⁸ Ná Roth se dood het Zipperstein egter laat val dat hy tog begin skryf het aan "'n biografie".

⁶⁹ <https://www.nytimes.com/2021/03/30/magazine/philip-roth-biography-blake-bailey.html>

sou kon omkeer (verkieslik dalk 'n vrou, dalk 'n vriendelike feminis, maar bowenal liberaal, seksueel “bevry”). Thurman, byvoorbeeld, het 'n bekroonde biografie van die Deense skrywer Isak Dinesen op die rak gehad wat as grondslag gedien het vir die rolprent *Out of Africa*, asook 'n biografie van die Franse skrywer Colette – vroue wat in die beskrywing van die joernalis en skrywer Richard Bernstein in die *New York Times* daaraan gewoond was “(to) break rules and cross boundaries, in their writing and in their lives”.⁷⁰ En Lee se jongste boek op daardie tydstop was 'n bekroonde biografie van Virginia Woolf wat aangeprys is omdat dit teen die konvensie in Woolf nie as 'n “slagoffer” (van jeugdige seksuele misbruik) uitgebeeld nie. Daarby het Lee ook akademies oor aspekte van die biografie as genre en oor Roth se werk gepubliseer.

2.

Bailey kom nie uit 'n streng akademiese konteks nie en was op daardie tydstop ook nog nie bekend as 'n groot Roth-kenner nie, hoewel hy Roth se werk bewonder het. Aan Oppenheimer het hy vertel dat hy teen die tyd dat die biografie uiteindelik verskyn het, elf jaar ná sy aanstelling, wel al “honderde ure” aan Roth se werk bestee en “die meeste van Roth se romans” verskeie kere herlees het.⁷¹ Teen 2012 het Bailey weliswaar al 'n naam gemaak gehad met biografieë van twee ander omstrede Amerikaanse skrywers: John Cheever en Richard Yates. Taylor (2020) vertel in sy memoires *Here We Are: My Friendship with Philip Roth* dat Roth met verwysing na die Cheever-biografie teenoor hom opgemerk het: Bailey “doesn’t judge his protagonist – he just lets him perform. Behave, misbehave, whatever he chooses to do. But there is no moral overlay. ... That is the kind of moral latitude I need in a biography.”⁷²

Oppenheimer se beskrywing van Bailey se agtergrond skets 'n prentjie van iemand met 'n intense belangstelling in skrywers wat aktief in opstand teen of minstens wars van gemeenskapsnorme is. 1) *Oorspronklik*: Bailey die aspirant akteur en mislukte fiksieskrywer met 'n besondere bewondering vir Frederick Exley. “I was feeling,” het hy in sy 2014-memoires, *The Splendid Things We Planned*, geskryf, “‘a keen affinity’ for Exley, with ‘his alcoholism, his morbid interest in sports, his contempt for the workaday world – the whole narcissistic juvenile whirl.’”⁷³ 2) *Via*: 'n preokkupasie met Yates op die tydstop toe sy eerste agent, Elizabeth Kaplan, hom gevra het om met 'n voorstel te kom vir 'n boek. Die Yates-biografie, *A Tragic Honesty: The Life and Work of Richard Yates*, wat in Julie 2003 verskyn het, was Bailey se deurbraak.⁷⁴ Soos Oppenheimer verduidelik: “as Yates climbed out of the grave and into the literary canon, Bailey’s biography was lauded for finding the narrative tension in the writing life” (*ibid.*). In Yates se geval was dit 'n alleenlewe en een van armoede waarin hy sy dae met een sigaret na die ander rokend voor die tikmasjien deurgebring het en saans in die kroeg. Die boek het die kortlys van die National Book Critics Circle Award in Biography gehaal en Bailey kon sy lewe as onderwyser agterlaat. Hy was “a schoolteacher no more.” 3) *Tot*: die Cheever-biografie wat in 2009 verskyn en Roth se aandag getrek het.

⁷⁰ <https://www.nytimes.com/1999/11/03/books/books-of-the-times-so-saucy-in-her-life-and-her-work.html>

⁷¹ <https://www.nytimes.com/2021/03/30/magazine/philip-roth-biography-blake-bailey.html>

⁷² <https://metapsychology.net/index.php/book-review/the-written-and-unwritten-worlds-of-philip-roth/>

⁷³ <https://www.nytimes.com/2021/03/30/magazine/philip-roth-biography-blake-bailey.html>

⁷⁴ Dit is ook die jaar waarin Bailey na bewering sy voormalige leerling, Eve Crawford Peyton, verkrag het.

“Roth, who was about to publish his final novel and despairing of finding yet another biographer, read it admiringly” (*ibid.*).

Bailey-en-Roth, blyk dit, was ’n geval van ’n biograaf en ’n onderwerp op soek na mekaar. Bailey het met ’n ompad, via James Atlas, in 2012 van die Roth-Miller-uitval gehoor en dat Roth moontlik na ’n nuwe biograaf op soek was. Hy het dadelik belanggestel en ’n e-pos aan Roth gestuur, waarna dié hom na wat berig is by twee geleenthede uitgenooi het – eers na sy Upper West Side-woonstel in New York en toe na sy huis in Connecticut.

Op 5 September 2012 het *The New York Times* aangekondig dat Roth ’n nuwe biograaf gevind het: “Mr. Bailey ... approached Mr. Roth in the spring, after finishing his latest book, a biography of Charles Jackson, who wrote ‘The Lost Week-End,’ but had to undergo a lengthy vetting process before securing his approval. According to Mr. Bailey, the first thing Mr. Roth wanted to know was what qualified a gentile from Oklahoma to write his biography. ‘I pointed out that I’m not an aging bisexual alcoholic with an ancient Puritan lineage and I still managed to write a biography of John Cheever,’ he said.”⁷⁵

Roth het aan die werk gespring. Die Notas met sy gedetailleerde kommentaar op sy eksvrou, Claire Bloom, se memoires, die boeklengte “Notes for My Biographer” wat hy aan Houghton Mifflin verkoop het, het hy toe reeds onttrek en die kopieë wat hy aan vriende gestuur het, teruggevra. Dié Notas, tesame met sy Notas oor die Miller-onderhoude, plus ander aantekeninge en briewe waartoe navorsers volgens aanduidings nie gou nie – indien ooit – toegang sal kry, het hy tot Bailey se beskikking gestel.

Die ooreenkoms tussen Roth en sy biograaf was op die punt af. Van sy kant af, volgens Bailey, was dit dieselfde as wat hy met die Yates- en Cheever-families gehad het: “He would need free and complete access to Roth, his papers, all of Roth’s friends and family and anyone else – even potentially unsympathetic people.” Roth het ingestem: “His cooperation had the last-gasp urgency of one who had the end in sight,” was Oppenheimer se gevolgtrekking uit wat Bailey hom vertel het.⁷⁶ Van Roth se kant af, was die opdrag dat al die dokumente binne agtien maande ná die publikasie van die biografie aan Roth se boedel terugbesorg word. Aan sy eksekuteurs het Roth verder opdrag gegee om sekere van die dokumente te vernietig. Bailey se biografie sou in feite die definitiewe biografie wees.

Oppenheimer het Julia Golier, ’n voormalige minnares, daarna goeie vriendin en sedertdien mede-eksekuteur van Roth se nalatenskap, oor die toekoms van die dokumente uitgevra. Sy het hom laat verstaan dat sy en Andrew Wylie wanneer die tyd kom daaroor sal besluit, gebaseer op hulle interpretasie van Roth se wense. Sekere dokumente sou waarskynlik by sy argief in die Library of Congress gevoeg word wat reeds oor sowat 25 000 items beskik het. “When I asked about ‘Notes for My Biographer’ and ‘Notes on a Slander-Monger’ – in effect, Roth’s two unpublished books – she said: “There is a good chance we will destroy them,” volgens Oppenheimer (*ibid.*).

Die indruk wat Oppenheimer uit sy onderhoud met Bailey gevorm het, is dat Roth in die laaste ses jaar van sy lewe al sy biograaf se vrae beantwoord het, dikwels in briewe wat oor

⁷⁵ <https://archive.nytimes.com/artsbeat.blogs.nytimes.com/2012/09/05/philip-roth-to-cooperate-with-new-biographer/> Bailey het ook ander weergawes van die deurslaggewende moment vir Roth se goedkeuring vertel: soos een waarin die rolprentaktrise Ali MacGraw, wat in die rolprentweergawe van Roth se *Goodbye, Columbus* verskyn, figureer, wat Parul Sehgal in haar resensie van die biografie in *The New York Times* oortel het, <https://www.nytimes.com/2021/03/29/books/review-philip-roth-biography-blake-bailey.html>

⁷⁶ <https://www.nytimes.com/2021/03/30/magazine/philip-roth-biography-blake-bailey.html>

verskeie bladsye strek. Daar was ook lang persoonlike onderhoude en gereelde telefoniese gesprekke: “he smothered Bailey with attention, charmed him and offered the warmth reserved for intimates. He played easy to get, hoping to get something in return...”: sý weergawe van die waarheid (*ibid.*).

Die amptelike biograaf

1.

Oppenheimer se stuk het oorspronklik op 30 Maart 2021 in *The New York Times Magazine* verskyn onder die titel “Philip Roth Was His Own Favorite Subject. What’s Left for a Biographer? One of the great chroniclers of America’s literary lives takes on the author who fought to control his own story.”

Die stuk is om verskeie redes insiggewend en help lig werp op ’n hele paar sake. Nie net omdat Oppenheimer duidelik moeite gedoen het om kommentaar te probeer bekom van verskeie sleutelfigure wat by die ontstaan van die biografie betrokke was of ten nouste daardeur geraak is nie. Maar ook omdat die blik wat die stuk op Bailey, sy onderwerp en sy boek gee grootliks⁷⁷ onbeïnvloed was deur die komende storm wat in April 2021 om die biograaf se kop losgebars het. Oppenheimer het ook geen spesifieke akademiese belang by die onderwerp gehad nie. Hy was aan die woord as waarnemer en as ’n algemene, sy dit dan ’n goed ingeligte, leser wat sy indrukke sonder vrees vir inkriminering kon aanbied. Sy beskrywing van sy besoek aan huis by Bailey, sy vrou en 16-jarige dogter (kompleet met hond en kat) skep derhalwe ’n indruk van durendheid, van die gemoedelikheid van die gewone, ten spyte van die biograaf se belangstellingsveld en agtergrond – en in sterk kontras met die beeld van die biograaf wat oor die volgende weke na vore sou tree.

By nabetragting kom ’n mens weliswaar nie weg van ’n vermoede dat die lewe wat Oppenheimer beskryf het intussen ingrypend en onherroeplik verander het nie. Die beeld wat die beskrywing skep is/was van ’n huis en ’n huislikheid met “’n soort Wes Anderson-analoë gevoel”, deurmekaar, vol boeke – oral –, nêrens ’n TV in sig nie, maar met ’n klein vleuelklavier in ’n vertrek digby die leefkamer, waar die biograaf in die aand, ná ’n lang dag van skryf, sou ontspan. Die studeerkamer, is weg van die gewoel, op die derde verdieping. In die gang was daar nog ’n ry liasseerkabinette met honderde geel Manila-leggers met die Roth-argiefmateriaal wat Oppenheimer graag wou sien, en niemand dalk verder te lese sal kry nie. Iewers, effens ontliggaam, omdat lesers nie vertel word presies waar nie, was/is daar ook Roth se befaamde Eames-stoel en ottoman wat Bailey geërf het, waarop die onderhoudvoerder – op sy beurt – ook ’n klein swaairit onderneem. Dit was duidelik ’n besondere ervaring te oordeel aan sy beskrywing: “After dinner I swiveled around in one of Roth’s old Eames chairs, which Bailey had inherited; the chair’s ottoman was known as “Nicole’s seat,” as in Kidman, a close friend who sat there when she visited Roth” (*ibid.*). Die glans van die vermaaklikheidswêreld (van celebrity) het ook die literêre wêreld en die aanhangers van groot skrywers, waaroor Donna Rifkind dit eenmaal gehad het, oorrumpel. Ook Philip Roth was nie immuun nie. En ook hier vervul vroue ’n sentrale rol.

⁷⁷ Die aanlyn weergawe van Oppenheimer se stuk meld dat dit op 30 Maart 2021 gepubliseer en op 15 Junie 2023 opgedateer is.

2.

Oppenheimer se bewondering van Bailey se klaarblyklike werksvermoë is onbeskaamd: “Beholding six years of accumulated research into one man’s life is like coming upon a finished jigsaw puzzle covering a ballroom floor: awesome, but it hurts to imagine the effort” (*ibid.*). ’n Mens vermoed dat Roth se biograaf se argivale ingesteldheid van dieselfde orde was/is as dié van JC Kannemeyer en JC Steyn wat vir hulleself in die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse konteks naam gemaak het met hulle biografieë van verskeie sleutelfigure in die (Suid-) Afrikaanse letterkunde en kulturele lewe, en in die geval van Kannemeyer, met sy JM Coetzee-biografie, ’n selfs wyer konteks. “There aren’t many writers like Bailey in American culture, where literary biography is an anemic tradition,” meen Oppenheimer (*ibid.*). “Bailey’s archivist tendencies have resulted in a book that is exhaustive in its attention to the details of Roth’s life: everything from the drudgery of his Army service in the mid-1950s to his disastrous marriages to his struggle with mental illness. The book is often sympathetic, presenting Roth as a figure who lived a life of equal parts discipline (the famed work routine that treated writing as a miracle hewed out of monkish labor) and exuberance (he enjoys one tryst with Ava Gardner and rejects another with Jackie Kennedy). We are thrust into the minutiae of the writer’s finances, feuds and psychoanalysis” (*ibid.*).

Die figuur van Roth wat vir Oppenheimer uit Bailey se biografie te voorskyn kom is dié van ’n man wat in staat was tot “sonderlinge dade van goedheid, irrasionele griewe en ongeërgde wreedheid” – “a man capable of great kindness, irrational grudges and casual cruelty” (*ibid.*). Maar Bailey en sy onderhoudvoerder het geweet watter agterdog daar by lesers bestaan teenoor biografieë wat met die toestemming en ondersteuning van die onderwerp of die bewakers van hulle nalatenskappe geskryf word; trouens ook teenoor biografieë wat sonder toestemming geskryf word. Oppenheimer skryf daaroor in sy stuk.

3.

In die geval van die gemagtigde biograaf (Bailey) en sy onderwerp (Roth), kon Bailey sy voorneme om Roth so goed hy kon met ál sy foute te wys, so hard hy wou, aan wie ook al sou luister, verklaar, maar in die finale instansie berus dit, soos met enige werk wat ernstig opgeneem wil word, uiteindelik by (onafhanklike) lesers en kritici om te bepaal of hy daarin geslaag het (of nie). Die beste wat die biograaf in dié instansie kon doen, is om ’n (sover-moontlik-objektiewe) vergelykende basis vir sy lesers en kritici daar te stel. In sy onderhoud met Oppenheimer het Bailey so ’n basis geskep deur die lesers en kritici van die Roth-biografie na die Cheever-biografie te verwys as ’n voorbeeld van sy filosofie en werkwyse (hy sou sy ander werk ook kon betrek het, maar Cheever was ’n takties goeie voorbeeld in die lig van Roth se bewondering vir die biografie): “Cheever is laid out on his ass in my book,” het Bailey aan Oppenheimer verduidelik, “but Cheever remains essentially a sympathetic character.” ... “If you tell the whole truth about a person, their humanity comes through,” ... “Philip believed that would be true for him.”⁷⁸

Die indruk wat Oppenheimer gehad het ná sy lees van Bailey se Roth-biografie was allermens dié van ’n hagiografie en van Roth as ’n heilige. ’n Beduidende deel van die vroeë besprekings het tot soortgelyke gevolgtrekkings gekom. Op 2 April 2021 het ’n *Los Angeles*

78

<https://www.nytimes.com/2021/03/30/magazine/philip-roth-biography-blake-bailey.html>

Times-opskrif by 'n bespreking byvoorbeeld selfs aangekondig: "If 'Philip Roth: The Biography' leaves you hating its subject, thank Blake Bailey".⁷⁹

... met voete van klei

(Subtitel: Anatomie van 'n val in stadige aksie)

1.

Die Roth-biografie het op 6 April 2021 verskyn. Die reklamemeul het twee weke vóór die datum aan die gang begin kom met aankondigings, plasings van profile, onderhoude, vroeë resensies, kommentare en wat nog – waaronder ook Oppenheimer se stuk. Die media-aandag wat Bailey en sy biografie ontvang het, het egter ook ander reaksies op aanlyn forums ontlok wat uiteindelik na die hoofstroommedia toe teruggespoel en Bailey se literêre agent en die uitgewer van die biografie tot optrede gedwing het.

'n Leser wat die eerste keer met al die mediaberigte en aanlyn verslae en kommentare oor die bewerings teen Bailey te doen kry, kry aanvanklik die indruk dat die narratiewe op 'n amorfe wyse ineenvloei. Dit raak egter betreklik gou duidelik dat die klagtes oor Bailey se seksuele wangedrag uit drie verskillende oorde gekom het en betrekking het op 'n gedragspatroon oor 'n periode van twintig jaar.

Die vroegste klagtes behels bewerings van onvanpaste seksueel verwante gedrag teenoor skoolmeisies van tussen 12 en 13 jaar in die 1990's toe hy 'n onderwyser by 'n skool in New Orleans was, met 'n opvolg 10 jaar later wat tot 'n bewering van verkragting gelei het deur een van sy voormalige leerlinge. Dié klagtes het aan die lig gekom in kommentare wat op 16 April 2021 gelaat is by 'n kritiese bespreking van die Roth-biografie op die Reluctant Habits-blog van Edward Champion onder die titel "Blake Bailey, Casual Misogynist and Eager Rube".⁸⁰ (Beide die artikel en die blog het intussen van die internet verdwyn.) Op grond van dié bewerings het Bailey se literêre agent The Story Factory hulle aan hom onttrek.

'n Tweede stel bewerings hou verband met verskeie klagtes van onbehoorlike seksuele gedrag tydens Bailey se termyn as professor in kreatiewe skryfwerk by die Old Dominion Universiteit tussen 2010 en 2016. Dit is gedurende die tyd dat Bailey Roth se amptelike biograaf geword en aan die Roth-biografie begin werk het, te midde van werk aan sy eie memoires *The Splendid Things We Planned: A Family Portrait* wat in 2014 by WW Norton verskyn het. Dié klagtes is aan die lig gebring in 'n artikel wat op 10 Junie 2021 in die *Virginian-Pilot* verskyn het, ses weke ná die oorspronklike opskudding.⁸¹ Die titel by die artikel was: "Blake Bailey was an ODU star. Faculty and students say he abused and harassed women for years". Die aantygings daarin word ten dele ondersteun deur bevindinge van 'n formele ondersoek na die beweerde voorvalle.

Die derde behels 'n klage van "niekonsensuele seks" deur 'n "publishing executive", Valentina Rice, oor 'n voorval aan huis van die *New York Times* se boeke-kritikus Dwight Garner in 2015. Dié voorval is op 21 April 2021 in *The New York Times* gerapporteer en het

⁷⁹ Review: Blake Bailey Philip Roth biography exposes darkness – Los Angeles Times

⁸⁰ Champion, Edward. 2021. "Blake Bailey, Casual Misogynist and Eager Rube." Reluctant Habits, 16 April 2021.

⁸¹ <https://www.pilotonline.com/2021/06/10/blake-bailey-was-an-odu-star-faculty-and-students-say-he-abused-and-harassed-women-for-years/>

die bal aan die rol gesit vir Norton se optrede teen Bailey. Me. Rice het nie ten tye van die voorval 'n formele klag teen Bailey gelê nie, maar die voorval aan verskeie persone, onder andere aan Garner, genoem. Die klagtes oor seksuele misbruik in die vermaaklikheidswêreld wat die #MeToo-beweging sedert 2017 na die oppervlak begin bring het, het die situasie egter verander. In 2018 het Rice sowel die *New York Times* as Julia Reidhead, Norton se president, onder 'n skuilnaam en alternatiewe e-posadres genader met besonderhede oor die Bailey-voorval. Reidhead het nie direk gereageer nie, maar die klagte aan Bailey gestuur wat 'n e-pos teruggestuur het:

“I can assure you I have never had non-consensual sex of any kind, with anybody, ever, and if it comes to a point, I shall vigorously defend my reputation and livelihood,” he wrote in the email, which *The Times* reviewed. “Meanwhile, I appeal to your decency: I have a wife and young daughter who adore and depend on me, and such a rumor, even untrue, would destroy them.”⁸²

Twaalf jaar voor die beweerde aanval op me. Rice, was daar ook 'n ander voorval toe Bailey me. Eve Crawford Peyton, sy voormalige leerling, na bewering in Junie 2003 verkrag en ná die tyd glo vir haar gesê het: “What is wrong with you? You just don’t know how the game is played” in 'n eggo van Roth se reaksie toe sy eksvrou hom oor sy seksuele ontrou gekonfronteer het: “This is what people are. This is what people do.”⁸³ Bailey het me. Peyton 'n paar dae ná die voorval en weer sewentien jaar later in 2020 in e-posse wat *The New York Times* onder oë gehad het om verskoning gevra en verduidelik dat hy psigies onwel was ten tye van die voorval.⁸⁴

2.

Toe me. Rice haar in April 2021, midde-in die reeds ontwikkelende skandaal, ook nog bereid verklaar om in die lig van die bewerings deur Bailey se voormalige leerlinge haar klag onder haar eie naam te herhaal, en dit toe ook in *The New York Times*⁸⁵ gedoen het, was Norton se reaksie onomwonde.

Op 21 April 2021 het Norton aangekondig dat die verspreiding van Bailey se boek en die druk van 'n tweede oplaag gestaak en alle verdere publisiteit en bekendstellingsgeleenthede gekanselleer is. 'n Week later op 28 April 2021 is bekend gemaak dat die uitgewer alle bande met Bailey verbreek en 'n sessyferbedrag, gelykstaande aan die voorskot vir die biografie, bewillig het aan organisasies wat slagoffers van geweld teen vroue bystaan. Op die De Kock-skandaal twee jaar vroeër was Jonathan Ball se reaksie grotendeels 'n wag-en-kyk-houding, met 'n vae dreigement dat hulle nie sal huiwer om hulle steun van De Kock te onttrek indien daar bewyse sou wees dat hy hom aan rassisme skuldig gemaak het nie, terwyl hulle in dieselfde asem bevestig het dat hulle steeds by De Kock se boek staan, hoewel alle bekendstellingsgeleenthede gekanselleer sou word. Daar is verskeie vrae te vra oor die uitgewers se rol in die dilemmas waarin hulle kliënte hulle laat beland het en hulle onderskeie reaksies daarop, wat in albei gevalle dalk nie heeltemal goed deurdink was nie; en in Norton se geval dalk ook

⁸² <https://www.nytimes.com/2021/04/21/books/philip-roth-blake-bailey.html>

⁸³ <https://www.newyorker.com/culture/cultural-comment/the-allegations-against-blake-bailey-and-the-shock-of-the-familiar>

⁸⁴ <https://www.nytimes.com/2021/04/21/books/philip-roth-blake-bailey.html>

⁸⁵ <https://www.nytimes.com/2021/04/21/books/philip-roth-blake-bailey.html>

eerder 'n poging was om te kompenseer vir die feit dat die uitgewer nie vroeër/betyds meer doeltreffend opgetree het toe die klagte oor Bailey se gedrag in 2018 (voordat die boek se verskyning 'n voldonge feit was) die eerste keer direk aan Reidhead gerapporteer is nie.⁸⁶

Die feit dat die twee uitgewers hulle uiteindelik verplig gevoel het om op te tree teen die wangedrag van die twee biograwe met wie hulle formele kontrakte gesluit het, is egter veelseggend. Dit dui op 'n verander(en)de klimaat in die nawerking van die #MeToo-beweging, met uitgewers wat toon dat hulle ook begin besef het dat hulle, soos ander bedrywe wat op wins ingestel is, 'n wyer sosiale verpligting het teenoor spesifieke groepe (en kwesbare individue binne daardie groepe) waaruit hulle voordeel trek en waarop die bedryf 'n impak het. Met die aanvaarding van daardie verantwoordelikheid (selfs al sou dit met minder suiwer motiewe wees), erken hulle ook die “sosiale lewe” van hulle produkte. Dit skep weliswaar 'n komplekse situasie. Francine Prose, Amerikaanse skrywer, kritikus, en 'n voormalige president van PEN Amerika, wys byvoorbeeld daarop dat 'n omstrede etiese klousule in Amerikaanse kontrakte met skrywers uitgewers in staat stel om 'n skrywer se kontrak te beëindig en 'n voorskot terug te eis indien dié van “immoral, illegal, or publicly condemned behavior” beskuldig word. “The idea is to protect the publisher in cases like Bailey’s,” maar: “the slippery slope is obvious”. Norton se optrede, derhalwe, was weliswaar wettig, maar, was/is Prose se vraag, is dit dan die taak van uitgewers om as morele arbiters op te tree deur 'n reeds gepubliseerde boek (wat deur al die vooraf-prosesse is – rj) aan die mark te onttrek?⁸⁷ Prose gaan verder en vra voorts wat 'n gepaste optrede sou gewees het in dié geval? Haar voorstel: “In an ideal world, the book would continue to be distributed, and the profits put in escrow. In the event that Bailey was found guilty of the more serious charges against him, the author’s share could be donated to a charity that significantly improved the lives of women” (*ibid.*). Maar – soos Prose ook besef – hierdie is nie 'n ideale wêreld nie. Die betrokke vroue het nie formele klagtes gelê nie – gedeeltelik sekerlik in die pynlike besef van die emosionele en psigiese koste daaraan verbonde om die gebeure nog 'n keer, in die openbaar en onder 'n moontlik vyandige “male gaze”, te herleef, maar dalk ook ontmoedig deur die daaropvolgende gebeure waarby 'n uitgewer ook betrokke was, wat die indruk wek dat Bailey onaantasbaar was.

3.

Binne weke nadat Norton sy kontrak met die biograaf tot niet verklaar het, het Bailey 'n nuwe uitgewer gehad, met minder gewetenswroeging oor die klagtes teen die biograaf, waarmee Prose se voorstel oor die aanvaarding van sosiale verantwoordelikheid netjies gesystap word. Dié uitgewer, Skyhorse Publishing, het toe reeds 'n stewige reputasie opgebou gehad vir die publikasie van kontroversiële werke waarvoor hoofstroom-uitgewers nie kans sien nie. Onder hulle kontroversiële publikasies tel die memoires van die omstrede rolprentregisseur Woody Allen wat na bewering sy stiefdogter by die rolprentster Mia Farrow seksueel gemolesteer en met 'n ander stiefdogter getrou het.

Skyhorse het intussen ook Bailey se 2014-memoires oorgeneem by Norton. 'n Bemoedigde Bailey het, nadat hy eers alle aantygings teen hom “kategoriees” ontken het,⁸⁸ 'n verklaring

⁸⁶ <https://newrepublic.com/article/162156/blake-bailey-fiasco-implicates-everyone>

⁸⁷ <https://www.theguardian.com/commentisfree/2021/apr/25/philip-roth-blake-bailey-all-too-perfect-match>

⁸⁸ The Blake Bailey Injustice – The American Conservative.

deur sy regsverteenwoordiger laat uitreik dat hoe “deplorable” sy gedrag dalk ook al was, niks daarvan regssoortredings konstitueer nie.⁸⁹

Met dié stap het Bailey nie bloot ’n onbegrip/onsensitiwiteit jeens sy slagoffers en die #MeToo-projek vir almal om te sien ten toon gestel nie, maar terselfdertyd homself, sy biografie en die uitgewers speelballe in ’n groter “twis” gemaak. Norton het onder druk dalk nie die wyer ramifikasies van hulle onttrekking aan Bailey se biografie deeglik genoeg oorweeg nie. Met dié verdelende optrede het die uitgewer hom egter onvermydelik langs lyne van marksegmentering en uitgewerhandelsmerke ten opsigte van die sogenaamde Culture Wars geposisioneer. Die beeld van Skyhorse wat in die sosiale verbeelding gevestig geraak het – ten spyte daarvan dat die uitgewer homself bemark as voorstander van vryheid van spraak, sy boeke deur die gerespekteerde Simon en Schuster versprei word en omstrede boeke oor die algemeen ’n klein deel van die katalogus uitmaak – is dié van ’n uitgewer wat uitdagend *anti-woke* is en ’n tuiste aan gekanselleerdes bied, ongeag. Onvermydelik raak die gebeure ook die posisionering van Bailey se biografie van Roth, en die beeld van beide skrywer en biograaf in die sosiale verbeelding.

4.

In Junie 2022, ’n jaar ná die Bailey-skandaal, het Skyhorse aangekondig dat Bailey aan sy herinneringe werk wat in Maart 2023 sou verskyn. Teen Maart 2023 is ’n nuwe verskyningsdatum aangekondig: Bailey se memoires *Repellent: Philip Roth, #MeToo, and Me* sou teen die einde van Junie 2023 gereed wees vir versending. En, is aangekondig, soos die titel te kenne gee, sou die memoires op die publikasiedebakel rondom die Roth-biografie fokus.⁹⁰

Met ’n goeie skeut opportunistiese manipulering van die feite vir effek het die uitgewer die kritiek teen die Roth-biografie as bemarkingsmateriaal ingespan en ’n gepas populistiese omslag vir die boek laat ontwerp. Op die voorblad verskyn *The Daily Beast* se beskrywing van Bailey as “perhaps the greatest literary biographer of our time”. Die voorafreklame het ’n duidelike boodskap gestuur: Bailey was ’n “slagoffer” van die *woke*-kansellasiekultuur se aanval op vryheid van spraak. Die reklamestuk op die uitgewer se webblad het die “besonderse band” tussen Roth en Bailey wat oor ’n periode van ses jaar ontwikkel en op die biografie uitgeloop het, beklemtoon. Maar, verklaar Skyhorse, “ominous forces were afoot”:



because of revelations in Bailey’s biography, many were calling for Philip Roth and his work to be “canceled,” while others seemed to think Bailey had been overly sympathetic and even “complicitous” with his subject’s worst failings. Soon rumors exploded on the internet about Bailey’s own private life, and within days he himself was roundly canceled.

In *Repellent*, Bailey looks back at his fraught collaboration with Philip Roth, whose reputation as a misogynist, philanderer, and self-hating Jew – not to say one of the greatest novelists of the postwar era – left him obsessively preoccupied with his only authorized biography. Bailey also frankly describes his own wayward behavior and reflects on the extent to which writers’ personal lives should affect the perception of their work.

⁸⁹ <https://www.theguardian.com/books/2022/jul/27/blake-bailey-biographer-accused-rape-memoir>
⁹⁰ Kyk ook: <https://www.theguardian.com/books/2022/jul/27/blake-bailey-biographer-accused-rape-memoir>

Repellent is a provocative account of the private Philip Roth and his biographer, as well as a clear-eyed examination of the perils courted by any writer or artist – fallible human beings, after all – in the era of cancel culture.⁹¹

Roth se biograaf, het die reklamestuk laat blyk, sou sonder om veel daarvan te dink sy verbintenis met Roth uitbuit om sy beeld te rehabiliteer en homself te bevorder. Bailey en sy nuwe uitgewer het egter hulle hand oorspeel, het dit spoedig geblyk. Die inligting oor die komende boek het binne dae weer van Skyhorse se webwerf af verdwyn. Junie 2023 het gekom en gegaan sonder dat die boek verskyn het – en sonder dat redes verstrek is – en op webwerwe wat boeke adverteer en bevorder, soos byvoorbeeld Goodreads, was daar slegs plekhouerteks. Dit is moeilik in te dink dat die eksekuteurs van Roth se boedel – wat formeel vir die beskerming van die skrywer se naam en literêre nalatenskap verantwoordelik is – gediend sou wees met die wyse waarop Bailey en Skyhorse probeer munt slaan het uit sy wangedrag en dit boonop probeer regverdig het deur Roth daarby in te sleep. Of dat hulle sou toelaat dat die historiese verbintenis tussen Bailey en Roth uitgebuit word en die materiaal waartoe Roth Bailey eksklusiewe toegang gegee het sonder toestemming vir ander doeleindes as vir die biografie aangewend word.

Dat Bailey nie so vry is/was om op sy Roth-verbintenis te kapitaliseer as wat hy dalk gedink het nie – en 'n leidraad dat Roth se eksekuteurs beplan om sy nalatenskap met 'n ysterhand te bestuur – blyk onder andere uit die feit dat die Roth-boedel die medekopiereghouer is van die Roth-biografie (dus ook van die Skyhorse-uitgawe), iets wat tot nog toe ongehoord was in die Amerikaanse uitgewersbedryf. Soos hier bo op gewys, het Bailey ook opdrag gehad om alle materiaal wat Roth met die oog op die biografie aan hom beskikbaar gestel het aan die eksekuteurs terug te besorg, wat op hulle beurt weer opdrag gehad het om van die materiaal (wat vir 'n groot deel weliswaar waarskynlik kopieë is) te vernietig. Volgens 'n berig in *The New York Times* het die eksekuteurs intussen ook in 'n ongewone stap toegetree om toegang tot die Roth-materiaal wat Benjamin Taylor in 2018 aan Princeton Universiteit verkoop het en waarvan Bailey kopieë gehad het, te beperk: “Normally, access to materials in archives is governed by an agreement with the donor, not the person who created the documents. In 2018, Princeton announced the collection was open to researchers, but it subsequently closed it and removed the guide to the collection from the internet. || Scholars researching books on Roth were stunned by the abrupt closure. A spokesman for the university said it is in ‘ongoing discussions’ with the Roth estate regarding the collection.”⁹² Ook materiaal wat Roth self sedert die 1970's aan die Library of Congress begin skenk het en teen 2001 al sowat 25 000 items behels het en die periode 1938 tot 2001 dek en onder andere korrespondensie met Harold Bloom, John Updike, Saul Bellow en Cynthia Ozick insluit, is nie vrylik beskikbaar nie – spesifiek die laaste 15 dose met materiaal van 1945 tot 2018 wat tot 2050 slegs met die toestemming van die eksekuteurs van die boedel besigtig kan word.

Wat die toekoms van die Brink-argief is – in die lig van die bogenoemde – is nog onseker.

5.

Die narratief van Bailey se val het sedertdien nog 'n stertjie bygelas gekry. Op 1 April 2025 het die memoires van die skandaal toe wel by Skyhorse verskyn, maar met 'n ander aanslag:


⁹¹ Die inligting was op 5 April 2023 nog beskikbaar op die volgende bladsy: <https://uk.bookshop.org/p/books/repellent-philip-roth-metoo-and-me-blake-bailey/7244906?ean=9781510773325>

⁹² <https://www.nytimes.com/2021/06/04/books/philip-roth-biography-blake-bailey.html>

Canceled Lives. My Father, My Scandal, and Me vertel naamlik die verhaal van die effek van die skandaal op “father and son ... ravaged by the ordeal of Blake’s spectacular public humiliation”. Op sy webblad bemark Skyhorse die werk onder die opskrif: “A canceled bestselling author’s highly personal account of his public scandal – a scandal that was reported on the front page of the *New York Times* and throughout the world.” Weer is dit die manier waarop die “skuld” vir die skandaal deur vernuftige taalgimnasiek voor Roth se deur gelê word – in ’n woordelike herhaling van ’n deel van die oorspronklike reklame vir die geaborteerde *Repellent* – wat aandag trek. Plus, addisioneel, die manier waarop die skuld vir die kansellasies en die “terrible price” daarvan (vir die biograaf en ander na aan hom) voor die deur gelê word van “many” wat jaloers was/is op sy groot sukses:

